

206631

Hb

DIE INVLOËD VAN RUILSKOPWERK OP HUWELIKSTEVREDENHEID IN 'N NYWERHEIDSGEMEENSAP : 'N SOSIOLOGIESE ONDERSOËK

DEUR

SS10
FRONT

JANETTA FRONEMAN

Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad
MAGISTER ARTIUM


in die Departement Sosiologie
aan
Universiteit Vista

STUDIELEIER : PROF. M.E. CLOSE
MEDE-STUDIELEIER : PROF. S.J. BEKKER

Bloemfontein
1991

1992-03-08

R




DANKBETUIGINGS

- * Vir die besondere akademiese, en persoonlike steun aan my verleen - 'n opregte dankwoord aan my studieleier, prof. M.E. Close en mede-studieleier prof. S.J. Bekker.
- * Met dankbaarheid verleen ek ook erkenning aan die volgende persone wat behulpsaam was met die tegniese versorging van hierdie verhandeling: Mevr. M. van Heerden vir die moeite, verdraagsaamheid en ywer wat met alle tikwerk geopenbaar is; dr. M. Lombard vir die taalversorging; mnr. Jos van Zadelhoff van die Departement Rekenaardienste aan die PU vir CH0 vir die verwerking van die ingesamelde gegewens.
- * 'n Spesiale woord van dank aan prof. T.C. Bisschoff vir die geleentheid wat hy vir my geskep het.
- * Aan al die respondente met wie onderhoude gevorder is - hulle belangstelling en bereidwilligheid word waardeer.
- * My innige dank word ook betuig aan my eggenoot en dogters vir hulle morele ondersteuning en begrip.
- * Bowenal, aan God uit wie, deur wie en tot wie alle dinge is, aan U alleen kom toe alle lof, dank, eer en aanbidding.

JANET

Sasolburg
1991

Ek verklaar hiermee dat DIE INVLOED, VAN RUILSKOF-
WERK OP HUWELIKSTEVREDENHEID IN 'N NYWERHEIDSGE-
MEENSKAP : 'N SOSIOLOGIESE ONDERSOEK my eie werk
is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aange-
haal het deur middel van volledige verwysings aan-
gedui en erken het en dat die verhandeling nie
voorheen deur my aan 'n ander Universiteit vir
graaddoeleindes ingediën is nie.



J. FRONEMAN

OPGEDRA AAN MY EGGENOOT ZACH FRONEMAN

S U M M A R Y

TITLE: THE INFLUENCE OF SHIFTWORK ON MARRIAGE SATISFACTION
WITHIN AN INDUSTRIAL COMMUNITY: A SOCIOLOGICAL INVESTIGATION

BY: JANETTA FRONEMAN

DEGREE : MAGISTER ARTIUM

DEPARTMENT: SOCIOLOGY

SUPERVISOR: PROF. M.E. CLOSE

JOINT SUPERVISOR: PROF. S.J. BEKKER

Within the context of a changing society the study of marriage and related aspects is characterized by a need for continuous research concerning changes in and the phasing out of certain patterns of marriage relationships on the one hand, and new developments in marriage satisfaction and family life, on the other.

Using social networks as a theoretical perspective, an attempt is made to establish whether or not relationships exist between shift work and marriage satisfaction on the one hand, and shift work and the social networks of respondents on the other.

Data were collected from 50 respondents who represent both shift and non-shift workers, using structured interviews. The latter group served as a control group.

The data suggested that shift workers have, relative to non-shift workers, less time together with their spouses, and they are also socially more isolated. The data suggested

that shift workers have relative to non-shift workers, lower density networks. Whereas non-shift workers can rely on the members of their network for emotional support, shift workers are almost exclusively dependent on their spouses for such support. Given the lower density of shift work networks one would expect less pressure to conform with expectations and a consequent greater tendency towards marriage instability. It was concluded that shift work impacts negatively on marriage satisfaction and married life.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.	INLEIDING	1
2.	PROBLEEMSTELLING	2
3.	DOELSTELLING EN FORMULERING VAN HIPOTESE	8
4.	VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE	8

HOOFSTUK 2

DIE HUWELIK EN RUILSKOFWERK

1.	INLEIDING	10
2.	BEGRIPSOMSKRYWING	11
2.1	Huwelik	12
2.2	Huweliksaanpassing	12
2.3	Huwelikstevredenheid	12
2.4	Sosialisering	12
2.5	Gesin	12
2.6	Gesinsrol	13
2.7	Fabriekswerkers	13
2.8	Skofwerk	13
2.9	Ruilskofwerk	13
3.	HUWELIKSTEVREDENHEID	14
3.1	Sosiale netwerk	16
3.2	Huishoudelike verpligtinge	18
3.3	Arbeidsfaktor	19

<u>INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)</u>	<u>Bladsy</u>	
3.4	Godsdienstige faktor	21
3.5	Kommunikasie	22
3.6	Seksuele aanpassing	25
3.7	Kameraadskap	27
3.8	Liefde en geluk	31
3.9	Empatie	34
3.10	Sosiëteit	35
3.11	Finansies	37
4.	SKOFWERK EN RUILSKOFWERK	38
4.1	Aard van skofwerk en ruilskofwerk	39
4.2	Redes vir skofwerk en ruilskofwerk	41
4.2.1	Ekonomiese redes	41
4.2.2	Tegnologiese redes	44
4.2.3	Sosiale redes	44
4.3	Voordele van skofwerk	45
4.3.1	Werkgewer se siening	45
4.3.2	Nasionale oogpunt	45
4.4	Klassifikasie van verskillende skofstelsels	46
4.4.1	Die tradisionele, kontinentale en "optimale" stelsels	47
5.	SAMEVATTING	53
6.	NOTA	55

HOOFSTUK 3

DIE SOSIALE NETWERKBENADERING

1.	INLEIDING	56
----	-----------	----

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

Bladsy

2.	KONSEPTUELE RAAMWERK	58
3.	KENMERKE VAN 'N SOSIALE NETWERK	60
3.1	Morfologiese kenmerke	60
3.1.1	Ankerpunt	60
3.1.2	Digtheid	61
3.1.3	Homo/heterogeniteit	63
4.	SAMEVATTING	64
5.	NOTA	65

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSMETODIEK

1.	INLEIDING	66
2.	NAVORSINGSONTWERP	67
2.1	Steekproef	68
2.2	Vraelys	70
2.3	Insameling van gegewens	72
2.4	Verwerking van gegewens	73
3.	NOTAS	75

HOOFSTUK 5

BESPREKING VAN RESULTATE

1.	INLEIDING	76
----	-----------	----

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

Bladsy

2.	BIOGRAFIESE PROFIEL	76
2.1	Ouderdomsverspreiding	77
2.2	Huwelikstatus	78
2.3	Beroep	80
3.	DIGTHEID VAN NETWERK	84
4.	HUWELIKSTEVREDENHEID EN RUILSKOFWERK	88
4.1	Kameraadskap	88
4.2	Arbeidsfaktor	98
4.3	Godsdienstige faktor	107
4.4	Kommunikasie	112
4.5	Seksuele aanpassing	121
4.6	Sosiëteit	124
4.7	Finansies	133
5.	SAMEVATTING	137
6.	NOTAS	138

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1.	PROBLEEMSTELLING	139
1.1	Doelstelling en formulering van hipotese	140
2.	HUWELIKSTEVREDENHEID EN RUILSKOFWERK	140
2.1	Huwelikstevredenheid	140
2.2	Ruilskofwerk	141
3.	DIE SOSIALE NETWERKBENADERING	142
3.1	Konseptuele raamwerk	143
3.2	Kenmerke van 'n sosiale netwerk	144

<u>INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)</u>		<u>Bladsy</u>
4.	NAVORSINGSMETODIEK	144
4.1	Navorsingsopset	145
5.	ANALISERING EN INTERPRETERING VAN EMPIRIESE GEGEWENS	145
6.	GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	148
6.1	Aanbevelings	150
7.	SLOTOPMERKING	151
 <u>BIBLIOGRAFIE</u>		152
 <u>BYLAE</u>		160
 BYLAAG A		
1.	NYWERHEIDSWETGEWING IN SUID-AFRIKA	160
1.1	Die Wet op Fabrieke, Masjinerie, en Bouwerk, 1941	160
1.1.1	Ruilskof	160
1.2	Die wet op basiese diensvoorwaardes, 1983	161
1.2.1	Wet nr.3, 1983	161
 BYLAAG B		
	VRAELYS	163
 BYLAAG C		
	VRAELYSDATA	170

LYS VAN FIGURE

Bladsy

FIGUUR 1	DIE TRADISIONELE RUILSKOFSTELSEL	48
FIGUUR 2	DIE KONTINENTALE RUILSKOFSTELSEL	50
FIGUUR 3	DIE VINNIG-ROTERENDE KONTINENTALE STELSEL	51

LYS VAN TABELLEBladsy

TABEL 1	PERSENTASIE GROEI VAN WERKNEMERS IN DIE SUID-AFRIKAANSE FABRIEKSWESE VOLGENS GESLAG	3
TABEL 2	OUERDOMSVERSPREIDING VAN RESPONDENTE VOLGENS AARD VAN WERKURE	77
TABEL 3	AANTAL KERE GETROUD VOLGENS AARD VAN WERKURE	78
TABEL 4	MAANDE GETROUD VOLGENS AARD VAN WERKURE	79
TABEL 5	BEROEP VAN RESPONDENT VOLGENS AARD VAN WERKURE	80
TABEL 6	BEROEP VAN EGGENOTES VOLGENS AARD VAN WERKURE VAN RESPONDENT	81
TABEL 7	NETWERKDIGTHEID VOLGENS AARD VAN WERKURE	86
TABEL 8	VERHINDERING VAN RESPONDENT SE DISSI- PLINÊRE VERPLIGTINGE VOLGENS AARD VAN WERKURE	89
TABEL 9	ARGUMENTE TEN OPSIGTE VAN VERDELING VAN HUISHOUDELIKE PLIGTE VOLGENS AARD VAN WERKURE	90
TABEL 10	NAKOMING VAN RESPONDENT SE HUISHOUDE- LIKE PLIGTE DEUR EGGENOTE VOLGENS AARD VAN WERKURE VAN RESPONDENT	91
TABEL 11	GESAMENTLIKE VERRIGTING VAN HUISHOU- DELIKE TAKE VOLGENS AARD VAN WERKURE	92
TABEL 12	NETWERKDIGTHEID TEENoor GESAMENTLIKE VERRIGTING VAN HUISHOUDELIKE TAKE VOLGENS AARD VAN WERKURE	93
TABEL 13	RESPONDENT SE TEVREDENHEID MET BEGRIP VAN EGGENOTE VOLGENS AARD VAN WERKURE	95

LYS VAN TABELLE (VERVOLG)Bladsy

TABEL 14	BEOEFENING VAN STOKPERDJIES DEUR RESPONDENT VOLGENS AARD VAN WERKURE	96
TABEL 15	GESAMENTLIKE STOKPERDJIES VOLGENS AARD VAN WERKURE	97
TABEL 16	ONTEVREDENHEID VAN EGGNOTE MET WERKURE VOLGENS AARD VAN WERKURE VAN RESPONDENT	99
TABEL 17	KONFLIK EN IRRITASIE IN HUWELIK AS GEVOLG VAN ONVOLDOENDE RUS VOLGENS AARD VAN WERKURE	100
TABEL 18	TYD SAAM MET EGGNOTE VOLGENS AARD VAN WERKURE	102
TABEL 19	RESPONDENTE SE TEVREDENHEID MET BEROEPSTATUS VOLGENS AARD VAN WERKURE	103
TABEL 20	ONGEREELDE WERKURE EN SIENING VAN RUILSKOFWERKER TEN OPSIGTE VAN TYD SAAM MET GESIN	104
TABEL 21	RUILSKOFWERKER SE SIENING VAN LANG- NAWEKE AS KOMPENSERING VIR ONVOL- DOENDE TYD SAAM MET SY EGGNOTE	105
TABEL 22	RESPONDENT SE REDES VIR RUILSKOFWERK	106
TABEL 23	GESAMENTLIKE KERKVERBAND VOLGENS AARD VAN WERKURE	108
TABEL 24	KERKBYWONING VAN EGGNOTE SONDER RESPONDENT VOLGENS AARD VAN WERKURE	109
TABEL 25	GEREELDHEID VAN KERKBYWONING VAN RESPONDENT VOLGENS AARD VAN WERKURE	110
TABEL 26	DEELNAME AAN KERKLIKE AKTIWITEITE VOLGENS AARD VAN WERKURE	111
TABEL 27	GESPREKVOERING OOR RESPONDENTE SE WERK VOLGENS AARD VAN WERKURE	113

LYS VAN TABELLE (VERVOLG)Bladsy

TABEL 28	GESPREKVOERING OOR EGGNOTE SE WERK VOLGENS AARD VAN WERKURE	114
TABEL 29	OPENHARTIGE GESPREKVOERING TUSSEN EGPAAR OOR PROBLEME IN DIE HUWELIK VOLGENS AARD VAN WERKURE	115
TABEL 30	KOMMUNIKASIEPROBLEME MET EGGNOTE VOLGENS AARD VAN WERKURE	116
TABEL 31	KAN EGGNOTES MET RESPONDENTE KOM- MUNIKEER VOLGENS AARD VAN WERKURE	117
TABEL 32	GEBREK AAN KOMMUNIKASIE AS GEVOLG VAN GEBREK AAN TYD VOLGENS AARD VAN WERKURE	118
TABEL 33	INAGNEMING VAN EGGNOTE SE GEVOELENS VOLGENS AARD VAN WERKURE	119
TABEL 34	RESPONDENT SE SIENING VAN EGGNOTE AS ENIGSTE VROU VOLGENS AARD VAN WERKURE	120
TABEL 35	VERHINDERING VAN RESPONDENT OM ONGESTOORD INTIEM MET EGGNOTE TE VERKEER VOLGENS AARD VAN WERKURE	122
TABEL 36	RESPONDENTE SE TEVREDENHEID MET SEKSUELE VERHOUDING VOLGENS AARD VAN WERKURE	123
TABEL 37	GESAMENTLIKE VRIENDE VOLGENS AARD VAN WERKURE	125
TABEL 38	TYD VIR GESAMENTLIKE BESOEKE AAN VRIENDE VOLGENS AARD VAN WERKURE	126
TABEL 39	BESOEKE VAN RESPONDENTE AAN VRIENDE SONDER HULLE EGGNOTES VOLGENS AARD VAN WERKURE	127
TABEL 40	DEELNAME VAN RESPONDENT AAN SOSIALE BEDRYWIGHED VOLGENS AARD VAN WERKURE	128

LYS VAN TABELLE (VERVOLG)Bladsy

TABEL 41	RESPONDENTE SE BYWONING VAN SPORT OF ANDER BYEENKOMSTE SAAM MET GESIN VOLGENS AARD VAN WERKURE	129
TABEL 42	GESAMENTLIKE BESOEKE AAN FAMILIE VOLGENS AARD VAN WERKURE	130
TABEL 43	GESAMENTLIKE BESOEKE AAN ONTSPANNINGS- KLUB VOLGENS AARD VAN WERKURE	131
TABEL 44	BESOEK VAN RESPONDENT AAN ONTSPANNINGS- KLUB SAAM MET VRIENDE VOLGENS AARD VAN WERKURE	132
TABEL 45	GESAMENTLIKE BEPLANNING VAN FINANSIËLE UITGAWES VOLGENS AARD VAN WERKURE	134
TABEL 46	SPANNING WEENS FINANSIËLE UITGAWES VOLGENS AARD VAN WERKURE	135
TABEL 47	ARGUMENTE TUSSEN RESPONDENT EN EGGENOTE TEN OPSIGTE VAN WANBËSTE- DING VAN GELD VOLGENS AARD VAN WERK- URE	136

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. INLEIDING

Gedurende die afgelope paar dekades is daar in die Sosio-logie baie aandag aan die gesin en huwelik geskenk. Huidiglik word veral gefokus op probleme soos egskeidings, gesinsverlating, aanpassingsprobleme en hoe die individu in die gesin sodanige probleme ervaar. In Suid-Afrika is heelwat navorsing in hierdie verband gedoen en die aanduidings is dat huweliksverbrotting steeds toeneem.

Dit impliseer dat daar 'n toenemende aantal egpare in die Suid-Afrikaanse samelewing is wat nie meer daarin slaag om die eenheid van die huwelik in stand te hou nie. In sulke huwelike word albei egliede se vermoë om bevredigende verhoudings met hul kinders en ander persone buite die huishouding te handhaaf, uiteraard belemmer, asook hulle bereidwilligheid om aan mekaar die nodige emosionele ondersteuning te verleen om makliker aan die eise van die samelewing te kan voldoen.

So bring die eise wat veral in die bedryfslewe aan die individu gestel word, soos byvoorbeeld die vinnige lewens-tempo, sowel as eise vir prestasie en kompetisie, ook spanning mee wat dit nie vir die individu maklik maak om binne die werksituasie verligting van hierdie spanning te verkry nie.

Die gesin en veral die huweliksverhouding behoort vir die egpaar 'n sfeer te wees waarin hulle kan verwag om van hierdie spanning ontslae te raak, en waarin emosionele ontlading en herstel kan plaasvind. Indien die huweliks-

verhouding egter reeds deur spanning gekenmerk word, kan dit moeilik hierdie addisionele spanningslas van buite hanteer. Die kans dat so 'n huwelik finaal kan misluk word dan soveel groter.

Uit bogenoemde agtergrondskets is dit duidelik dat daar 'n behoefte bestaan om aandag te gee aan huwelikstevredenheid.

2. PROBLEEMSTELLING

Die huwelik, is dus nie net 'n aangeleentheid wat slegs betrekking het op twee persone wat die huwelik aangaan nie, maar die huwelik is ook 'n aangeleentheid wat deur die arbeid van die egpaar geraak word.

Daar kan aanvaar word dat die werker binne die geïndustrialiseerde werksopset 'n mate van vryheid geniet ten opsigte van welke tipe arbeid hy wil verrig, asook waar en onder wie se beheer hy dit wil verrig. Terselfdertyd het dit vir die werker egter ook probleme ten opsigte van werkure en werksomstandighede meegebring wat probleem-situasies vir hom kan skep (Roode 1974:203). Byvoorbeeld, die werksomstandighede in sekere industrieë vereis dikwels dat die werker langer tydperke van die huis afwesig moet wees of ongereelde ure moet werk ter wille van die beoefening van sy/haar beroep. Met die voortdurende ontwikkeling op tegnologiese gebied, is daar 'n tendens dat al hoe meer werkers, en veral vrouewerkers, hulle tot dié industrieë wend, ongeag dié probleme.

Die volgende tabel (tabel 1) toon die groeitempo van dié industrieë in Suid-Afrika, gemeet aan die getal werknemers wat in fabriekssektore werk. Die persentasie 'groei in werknemers dien as 'n aanduiding van hoeveel persone, asook hulle gesinne, jaarliks aanpassings by werksomstandighede moet maak.

TABEL 1

PERSENTASIE GROEI VAN WERKNEMERS IN DIE SUID-AFRIKAANSE FABRIEKSWESE VOLGENS GESLAG

SENSUSJAAR	GESLAG					
	MANLIK		VROULIK		TOTAAL	
	N	% GROEI	N	% GROEI	N	% GROEI
1970	810 917	-	215 165	-	1 026 082	-
1980	1 105 402	36,0	359 685	67,0	1 465 087	103,0
1985	986 453	-11,0	393 065	9,0	1 379 518	-2,0
SENTRALE STATISTIEKDIENS (1988)						

Die inligting vervat in tabel 1 toon dat gedurende die tydperk 1970 - 1980, 36,0% meer mans en 67,0% meer vrouens tot die fabriekswese toetree het. Alhoewel daar 'n (11,0%) afname by mans gedurende die tydperk 1980-1985 wat betref die toetrede tot die fabriekswese voorgekom het, het die persentasie vroue met 9,0% gegroei.

Uit die tabel kan verder afgelei word dat daar oor die 15 jaar groeitydperk slegs 22,0% meer mans tot die fabriekswese toetree het teenoor 83,0% meer vroue. Die toetrede van die vrou tot die arbeidsmark het tot groot rolverandering van die vrou gelei. Waar die vrou in die tradisionele westerse samelewing 'n duidelik gedefinieerde posisie gehad het (huisvrou en moeder) wat aan haar geen rol-onsekerheid gelaat het nie, is die vrou van die hedendaagse

westerse samelewing nie in so 'n gunstige posisie wat rol-konsekwentheid en duidelikheid aan roldefinisie betref nie.

Steyn, Van Wyk & Le Roux (1986:209) skryf in dié verband soos volg:

"So word die lewe van die vrou waar sy voor 'n keuse van roltipes te staan kom sonder dat 'n duidelike konsekwente gedragspatroon uitgekristalliseer het, gekenmerk deur 'n groot mate van onsekerheid en spanning. Merendeels is dit vir haar baie moeilik om haar keuse op 'n bepaalde roltipe te laat val, en haar gedrag fluktueer dikwels tussen die verskillende rolle soos die situasie hom voordoën. Sy is huisvrou en moeder. Indien die situasie dit vereis, sy vervul die bekoringpatroon as die situasie dit vereis, en as dié situasie dit vereis, staan sy voltyds in buitenshuise werk. Gevolglik gebeur dit maklik dat teenstrydige verwagtings aan haar gestel word wat tot rolkonflik lei, en dikwels tot inkonsekwentheid in gedrag, wat vir die vrou op die lange duur baie spanning inhou en selfs tot neurotiese simptome kan lei. In hierdie situasie is sy dan dikwels baie liggeraak oor haar rol, en neem enige uitsprake oor die rol van die vrou as persoonlike kritiek op indien dit nie ooreenstem met die wyse waarop sy haar eie rol speel nie."

Alhoewel daar soos reeds vroeër genoem, baie navorsing ten opsigte van die gesin en huwelik gedoen is, is daar tot op datum weinig sosiologiese navorsing in Suid-Afrika gedoen wat direk verband hou met die beroepseise wat deur die geïndustrialiseerde samelewing aan die individu en die huwelik gestel word.

Hierdie beroepseise kan tot verskeie knelpunte in die gesin en huwelik aanleiding gee wat op die volgende terreine ondervind kan word, naamlik:

- * Met die ontwikkeling van die tegnologie word beroepe meer gespesialiseerd. Die gespesialiseerdheid van werk kan tot 'n gebrek aan kommunikasie in die gesin aanleiding gee. Die eise wat aan die individu as werker gestel word, word steeds groter en groter en verskil ook meer en meer van die eise wat die gesinslewe aan hom stel.
- * Kompeterende werksomstandighede bring mee dat die vader/eggenoot min tyd aan sy gesin kan bestee. Dit lei daartoe dat die vader se rol as lewensmaat en opvoeder in baie opsigte bloot gereduseer is tot dié van broodwinner (Grobbelaar & Blignaut 1983:13, Edwards 1969:460).
- * As gevolg van nuwe produksiestelsels word daar van sekere werknemers verwag om ongereelde ure te werk. Die egpaar, asook die gesin, is aan 'n ongerieflike tydskedule onderworpe. Daar kan dus verwag word dat hierdie ongereelde werkure (ruilskofwerk) groot aanpassing van albei die ruilskofwerker en sy gesin sal verg. Die interne huweliks- en gesinsangeleenthede moet dus gewysig word om by hierdie ekonomiese rolle in die samelewing aan te pas.

Gegee die knelpunte sou moontlik geargumenteer kan word dat ruilskofwerk in 'n sekere mate tot isolasie van die gesin kan lei, wat byvoorbeeld impliseer 'n gebrek aan vriende, sosiale en godsdienstige aktiwiteite, terwyl dagskofwerk waarskynlik minder aanleiding hiertoe gee.

Verdere probleemareas wat ondersoek moet word is die moontlikheid dat ruilskofwerk kan lei tot verminderde gesamentlike uitvoering van huishoudelike take van die egpaar as gevolg van onvoldoende tyd, wat nadelig op die huweliksverhouding asook huwelikstevredenheid kan inwerk. Hierteënoor beskik dagskofwerkers heel waarskynlik oor meer tyd om huishoudelike take gesamentlik te verrig.

Met verwysing na verminderde gesamentlike uitvoering van huishoudelike take skryf Elizabeth Bott (1957:220) dat "... joint conjugal relationships might lead to conjugal stability because the emotional investment of both partners is so considerable".

Die voordêel van gesamentlike huishoudelike en sosiale aktiwiteite lei tot meer sinvolle kommunikasie, wat op sy beurt weer 'n gelukkige en tevrede huwelik tot gevolg het. Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:318) skryf:

"Slegs deur in kommunikasie met mekaar te bly, sal hulle daarin slaag om insig in mekaar se basiese verwagtings en behoeftes te ontwikkel, en werk aan 'n patroon waarin beide se behoeftes op die lang duur bevredig word, sonder om die huweliksband tussen hulle tot niet te laat gaan."

Wanneer 'n egpaar se behoeftes, veral daardie wat 'n hoë prioriteit vir die egpaar het, nie meer bevredig word nie,

kan dit daartoe aanleiding gee dat die huwelik verbrokkel. Hierdie toedrag van sake kom veral voor in die moderne huwelik wat gekenmerk word deur intieme betrokkenheid en besondere hoë verwagtings wat aan die huweliksverhouding gestel word.

Hierdie intieme betrokkenheid waardeur die moderne huwelik gekenmerk word, hoewel dit emosioneel bevredigend kan wees, kan ook disfunksioneel wees en kan teleurstellings in dié verband baie intens ervaar word.

Vir die eggenoot moet die gesin die plek wees waarheen hy terugkeer van sy werk vir voedsel, rus en vir die bestedige, simpatieke kameraadskap, liefde en empatie van sy eggenote en kinders (Steyn, Van Wyk & Le Roux 1987:117). Hierdie faktore wat positief op 'n gelukkige en tevrede huwelik kan inwerk, word soos volg omskryf:

- * Kameraadskap is onder andere geleë in die gemak waarmee die egpaar teenoor mekaar optree en mekaar verstaan.
- * Deur die betoning van hulle liefde aan mekaar, openbaar die egpaar hulle wedersydse behoefte aan toegeneentheid en afhanklikheid van mekaar.
- * Empatie is noodsaaklik ten einde 'n harmonieuse huweliksverhouding te ontwikkel en dui op 'n sensitiwiteit vir die gevoelens van die huweliksmaat.

Vir die ruilskofwerker met sy ongereelde werkure en sy eggenote is daar nie altyd voldoende tyd om mekaar met betrekking tot die voorafgaande behoeftes aan te vul nie. Indien sy eggenote ook tot die arbeidsmark toetree, kan dit verder bydra tot hierdie probleem. Hierteenoor ervaar die dagskofwerker wie se eggenote ook tot die arbeidsmark

toegetree het, heel moontlik nie dieselfde probleem nie aangesien beide egliede ongeveer dieselfde tyd terugkeer van die werk.

Dit blyk dus dat dagskofwerk groter moontlikhede as ruilskofwerk bied om aan al hierdie behoeftes te voorsien. Indien hierdie behoeftes nie wedersyds in die moderne huwelik vervul word nie, groei die egpare by mekaar verby. Hulle raak vervreemd van mekaar en die gevoel van kohesie verdwyn, wat uiteindelik tot die verbrokkeling van die huwelik kan lei.

Uit die voorafgaande wil dit voorkom asof daar 'n wisselwerking tussen huwelikstevredenheid en die aard van werksure bestaan. Ruilskofwerk kan dus moontlik 'n negatiewe invloed op die huwelikstevredenheid van ruilskofwerkers uitoefen.

3. DOELSTELLING EN FORMULERING VAN HIPOTESE

Teen die agtergrond van die voorafgaande probleemstelling is die doel met hierdie studie om 'n geldige, objektiewe en betroubare beeld van die invloed van ruilskofwerk op huwelikstevredenheid te verkry. Om hierdie doelstelling te verwesenlik word die netwerkbenadering waar toepaslik, gebruik om verdere lig op die studie te werp.

Die hipotese, naamlik dat ruilskofwerk tot huweliksontevredenheid kan lei, word in hierdie studie ondersoek.

4. VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE

Hoofstuk 2

Aangesien die navorser postuleer dat daar 'n verband

tussen huwelikstevredenheid en ruilskofwerk bestaan, word daar in hoofstuk twee meer aandag aan dié twee veranderlikes gegee.

Hoofstuk 3

In hoofstuk drie word daar op die netwerkbenadering gelet wat as teoretiese vertrekpunt vir die onderhawige studie dien.

Hoofstuk 4

In hoofstuk vier word daar 'n uiteensetting van die metode van die navorsing gegee. Die probleme wat met die insameling van die gegewens ondervind is, word ook kortliks bespreek.

Hoofstuk 5

Hierdie hoofstuk gee 'n volledige uiteensetting van die empiriese gegewens ten opsigte van huwelikstevredenheid, ruilskofwerk en netwerkkenmerke.

Hoofstuk 6

In hoofstuk ses word die vernaamste bevindinge en gevolgtrekkings verwoord en sekere aanbevelings gemaak.

HOOFSTUK 2

DIE HUWELIK EN RUILSKOFWERK

1. INLEIDING

In die laaste dekades het huweliksnavorsing al hoe meer aandag geniet, veral ten opsigte van navorsing wat op die aard van huwelikstevredenheid, huweliksintegrasie en huwelikstabiliteit toegespits is. Volgens Sylvia Viljoen (1977:11) kan die feit dat hierdie aspekte onder die soeklik gekom het, deels daaraan toegeskryf word dat huwelikstevredenheid "... in ons oorheersend monogame samelewing, 'n belangrike komponent van die individu se welsyn uitmaak".

Bell (1983:205) wys daarop dat "... the marital bond is the closest, deepest, most important, and supposedly the most enduring relationship of one's life" (vergelyk ook Ogburn & Nimkoff 1955:54).

Volgens Grobbelaar & Blignaut (1983:84) het die huwelik eerstens ten doel die innige lewensgemeenskap tussen 'n man en vrou waar hulle mekaar in alle sake tot hulp is en tweedens die voortbring en opvoeding van kinders wat uit hierdie innige lewensgemeenskap gebore word.

Wallis (1971:147) wys daarop dat die huwelik nie 'n kompetisie is nie, maar die

"... volmaakte bevestiging van twee persoonlikhede wat moedig genoeg is om hulself sonder voorbehoud aan mekaar te gee. Ons lewe in 'n samelewing wat,

met al sy vooruitgang en prestasies, skitterend opgang maak wat onpersoonlike, tegniese sake aanbetref. Hierdie vooruitgang op wetenskaplike gebied gee 'n spesiale en steeds dringender belangrikheid aan mense se persoonlike verhoudings wat op hul diepste gevoelens gebaseer is. Die huwelik voorsien in hierdie behoefte soos geen ander verhoudinge kan nie".

In die verstedelike opset is die lede van die gesin en veral die egpaar dikwels onderwerp aan spanningsdruk wat onder andere deur beroepseise veroorsaak word. Die arbeidsfunksie in die geïndustrialiseerde samelewing is geheel en al losgemaak van die gesinsverband en is daar ook 'n fisiese skeiding tussen die werkplek en die woonplek (Cilliers & Joubert 1966:120). Die vader/eggenoot is dus dikwels as gevolg van beroepsverpligtinge vir lang ure van die huis afwesig. Verder word die ekonomiese aktiwiteite van die individu ook in die uitlewing van 'n gespesialiseerde arbeidsrol vervul. Spesialisasie in arbeidsrolle het ook aanleiding gegee tot ruilskofwerk, veral met die vinnig groeiende nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika.

2. BEGRIPSOMSKRYWING

Die meeste begrippe word in die loop van die studie gedefinieer of omskryf, maar om die moontlikheid van meer as een interpretasie uit te skakel is dit nodig om kortliks enkele tersaaklike begrippe nader te omskryf.

Alhoewel daar baie definisies in die literatuur voorkom, word die volgende omskrywings vir die doeleindes van hierdie studie aanvaar:

2.1 Huwelik

Steyn & Breedt (1977:18) definieer die huwelik as " 'n sosiaal goedgekeurde geslagtelike verhouding tussen twee volwasse individue waaruit kinders gebore word".

2.2 Huweliksaanpassing

Lively (in Viljoen 1977:15) beskryf huweliksaanpassing as 'n voortdurende ontwikkeling van die verhouding tussen 'n man en 'n vrou.

'n Goed aangepaste huwelik word deur Burgess & Cottrell (in Viljoen 1977:15) beskryf as een waar die gedragspatrone van die twee persone wedersyds bevredigend is.

2.3 Huwelikstevredenheid

Huwelikstevredenheid word beskou as die subjektiewe gevoelens van geluk, tevredenheid en genot wat egpare, alles in ag genome, in hul huwelik ervaar (Hawkins, in Viljoen 1977:16).

2.4 Sosialisering

Die huwelik word ook as 'n sosiale instelling beskou wat 'n mate van sosialisering vereis. Vir Grobbelaar & Bignaut (1983:39) beteken sosialisering "die proses waardeur die mens kennis verwerf, die vermoë ontwikkel en die instelling aankweek om deel van 'n spesifieke gemeenskap te wees".

2.5 Gesin

"Die gesin bestaan uit 'n konkrete kollektiwiteit van lewende persone - vader, moeder en kinders - wat met bande

van bloed en die huwelik aanmekaar verbind is" (Cilliers & Joubert 1966:146).

2.6 Gesinsrol

In hierdie studie word gebruik gemaak van Epstein, Bishop & Levin (1978:23) se definisie van gesinsrolle as "... the repetitive patterns of behaviour by which individuals fulfil family functions".

2.7 Fabriekswerkers

Hierdie benaming dui op persone wat by een of ander fabriek werk waar grondstowwe in 'n voorlopige stadium verwerk, of in gebruiksgoedere omskep word. Die werkers verrig in die reël handearbeid en is gewoonlik nie in hul werk aan normale kantoorure gebonde nie. Die werknemers werk dikwels "abnormale" ure soos oortyd en skofte (Dannhauser 1969:19).

2.8 Skofwerk

Skofwerk dui op enige werk wat volgens 'n goedgekeurde skofrooster verrig word en wat gedurende vasgestelde ure of tye verrig word op enige dag binne en buite die normale dagwerkperiode. Skofwerk kan op 'n vaste skofbasis verrig word, byvoorbeeld permanente nagskof, permanente middag-skof, ensovoorts en sluit ook ruilskofwerk in (Bester 1978:15).

2.9 Ruilskofwerk

Ruilskofwerk word op 'n vaste skofbasis verrig waarin 'n aanleg vir die volle 168 uur elke week beman word. Indien elke werknemer gemiddeld 40 uur per week werk, word aan-eenlopende werkverrigting bereik. Die groepe roteer tussen oggend-, middag- en nagskof.

3. HUWELIKSTEVREDENHEID

Anders as voorheen, word daar vandag in die soeke na 'n huweliksmat nie meer soseer gelet op deugde nie, maar primêr op 'n goeie kameraad vir wie daar 'n diep gevoel van liefde ontstaan. Ogburn & Nimkoff (1955:8) skryf dat "... the romantic factor in marriage has become increasingly important".

In die huwelik het elke individu sy eie waardes en ideale, maar hulle moet mekaar wedersyds akkommodeer en aanvul (Popenoe 1983:357). Die sukses van enige huwelik vereis aanpassing. Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:169) wys daarop dat aanpassing 'n dinamiese proses is waarin funksionele veranderinge in 'n verhouding gemaak word. Elkeen het 'n bepaalde konsepsie van die rolle wat hulle in die huwelik moet vervul. Hierdie rolle moet wedersyds bevredigend en verenigbaar wees (Steyn, Van Wyk & Le Roux 1987:167).

Die huwelik en gesin word vandag ook deur 'n intense emosionaliteit gekenmerk, wat beteken dat gesinslede intiem betrokke by mekaar is en op mekaar aangewese is vir emosionele bevrediging. Horton & Hunt (1964:246) skryf in aansluiting hierby soos volg:

"The evidence is overwhelming that our need for companionship and intimate, affectionate human response is vitally important to us. Indeed, this is probably our strongest social need - far more necessary than, for example, sex. Many celibates are leading happy, healthy, and useful lives, but a person who has never been loved is seldom happy or healthy."

Die oorgawe in liefde aan die beminde persoon, waardeur die skeppingseenheid van die egpaar in die sielelewe van die twee persone bevestig word, het vir albei 'n liggaamlike en 'n geestelike betekenis. Volgens Roode (1974:137) is die edelste vorme van lojaliteit, diensvaardigheid en offervvaardigheid, simpatieke kameraadskap en ander dergelike aspekte op die intiemste wyse saamgeweef met die liggaamlike in die gesonde bevrediging van die seksuele behoeftes van die mens. Die mens se liggaamlike behoeftes kry dus hul ware betekenis deur die geestelike verryking en verdieping daarvan.

Cox (1981:12) beskryf die intimiteit van 'n verhouding as driedimensioneel, naamlik:

- * 'n Dimensie van openheid wat daarop dui dat betekenisvolle selfontboesemings met mekaar gedeel word.
- * 'n Dimensie van breedte wat dui op die gesamentlike uitvoering van 'n groot verskeidenheid aktiwiteite.
- * 'n Dimensie van diepte wat daarop dui dat werklik belangrike en betekenisvolle aspekte van die self met mekaar gedeel word, wat tot meer intieme interaksie lei. Diepte hou ook verband met die intensiteit van 'n verhouding. Hoe meer intens die egpaar se verhouding, hoe groter is die gevoel van wederzijdse ondersteuning.

Alleen deur intense interaksie tussen 'n egpaar kan 'n gevoel van huwelikstevredenheid ontstaan. Die kern hiervan is geleë in die wyse waarop die egpaar hulle rolle in 'n verhouding tot mekaar vervul.

Sylvia Viljoen (1977:16) wys daarop dat daar nie 'n eenvormige definiëring van die begrip "huwelikstevredenheid" is nie omdat dit 'n baie subjektiewe belewenis is. Tog

kan aanvaar word dat tevredenheid of ontevredenheid uit huweliksinteraksie kan voortvloei, en huwelike deur verskillende grade van tevredenheid gekenmerk en dus vergelyk kan word.

Deur gebruik te maak van die sosiale netwerkbenadering word sommige aspekte met betrekking tot die verdeling van egtelike rolle bestudeer. Wat huwelikstevredenheid betref word daar op dimensies soos huishoudelike verpligtinge, arbeid, godsdiens, kommunikasie, seksuele aanpassing, kameraadskap, liefde en geluk, empatie, sosiëteit en finansies gelet.

3.1 Sosiale netwerk

In die moderne samelewing ontwikkel sosiale netwerke onder andere tussen egpare en gesinne wat in dieselfde gemeenskappe woonagtig is. Geografiese nabyheid speel dus 'n rol, hoewel dit volgens Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:107) nie 'n vereiste vir die bestaan daarvan is nie. Hierdie netwerke sluit wedersydse hulp asook sosiale aktiwiteite in.¹⁾

Volgens Bezuidenhout (1972:85) het die ruilskofpatroon tot gevolg dat die skofwerker en sy gesin volgens 'n ander lewenswyse as die nie-skofwerker leef. So byvoorbeeld is dit moontlik dat dit vir die skofwerkers en hulle gesinne, soos vroeër vermeld, 'n groter mate van sosiale isolasie kan meebring. Dit beteken dat hierdie egpare nie dieselfde emosionele ondersteuning en hulp van vriende en verwante ontvang as dié egpare wat nie sosiaal geïsoleer is nie.

Ten opsigte van die dubbelloopbaangesinne hou beperkte tyd ook implikasies vir vryetyd-aktiwiteite in. Die inhoud van die egpare se verhoudings ten opsigte van verwante

'en vriende word hierdeur geraak (Steyn, Van Wyk & Le Roux 1987:224).

Wat die verhoudings met verwante betref, bestaan die dilemma dat die vrou nie altyd die hoë eise van kontak wat dikwels deur die verwante vereis word, kan nakom nie (Steyn, Strydom, Viljoen & Bosman 1987:334).

Volgens Skinner (1984:18) het dubbelloopbaangesinne selde uitgebreide sosiale verhoudings en bring hulle vrye tyd saam met hulle gesinne deur. Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:224) voer aan dat hierdie gesinne se netwerke met vriende op 'n ander wyse gevorm word as dié van enkelloopbaangesinne. Oorbelading ten opsigte van huishoudelike pligte verdring heelwat kontakte met vriende en gevolglik word sodanige verhoudings meer selektief van aard. Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:224) toon verder aan dat die buurt by die enkelloopbaangesinne 'n meer pertinente rol in vriendskapsvorming speel as wat dit met die dubbelloopbaangesinne die geval is. Waar die vrou nie werk nie, kan 'n mens dus verwag dat 'n vriendskap in die buurt kan ontwikkel. Wanneer die vrou ook werk, is die moontlikheid groot dat die vriendskap by die werk kan ontwikkel. Dit gaan dus hier oor 'n situasie van kontakwerwing wat op sy beurt gebruik kan word as 'n indikator van die inhoud (content) van die verhouding (link). Chrisman (1970:146) stel dit dat:

"The two factors of recruitment and situation give an indication of the content of the link in that they are related to the interests and other personal characteristics of the people involved."

In dié verband toon Cilliers (1960:67) dat die man se beroepsrol sy deelname aan informele sosiale aktiwiteite waaraan man en vrou gesamentlik kan meedoen, kan beperk. As daar in aanmerking geneem word dat die vrou ook 'n beroepsrol kan vervul, kan die sosiale terrein wat deur die huweliksverhouding gedek word, des te meer beperk word (Vergelyk ook Booth, Johnson & White 1984:569).

Dit beteken dus dat die egpare op mekaar aangewese is wat betref emosionele bevrediging en gesamentlike rolstrukture. Indien die ruilskofwerker nie hierdie steun aan sy eggenote kan verleen nie, kan 'n gevoel van oorbelading by veral die werkende vrou ontwikkel wat dan weer tot konflik binne die huweliksverhouding kan lei.

3.2 Huishoudelike verpligtinge

Soos reeds vroeër genoem, tree meer getroude vroue daaglik tot die arbeidsmark toe. Dit lei tot 'n groot mate van emansipasie van huishoudelike take, vrystelling van eensydige verantwoordelikhede ten opsigte van huishoudelike pligte wat ook die opvoeding van kinders insluit, asook gelyke gesag in gesinsaangeleenthede. Tog wys Edwards (1969:569) daarop dat vroue meesal die grootste verantwoordelikheid vir huishoudelike take op hulself neem (vergeelyk ook Geerken & Gove 1983:83, Booth, Johnson & White 1984:569). Stoltz (1986:37) het bevind dat ongewone werksure van die eggenoot dikwels die gevolg van dié wanbalans is, wat nie alleen tot spanning lei nie, maar ook tot konflik binne die gesinsverband aanleiding kan gee.

Volgens Nye & Berardo (1973:261) bestaan daar 'n positiewe verband tussen die gesamentlike uitvoering van huishoudelike pligte en huwelikstevredenheid. Thomas (1977:49) stel dit soos volg:

"Difficulties in the division of labour include disagreements about who does what under what conditions as well as the failure of one or both partners to engage in given marital, household, or occupational activities affecting their mutual well being."

Wat die gesamentlike uitvoering van huishoudelike pligte betref, wys Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:225) daarop dat wanneer verskillende rolalternatiewe in een huis kombineer, daar 'n verskeidenheid van rolpatrone moontlik is wat afhang van die mate van differensiasie van die huishoudelike take tussen die egpaar. Nye & Berardo (1973:261) onderskei drie wyses waarop rolvervulling kan plaasvind, naamlik:

- die segregasie van take,
- die verdeling van take, en
- die uitruilbaarheid en intervervangbaarheid van take.

Volgens Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:317) het daar reeds aansienlike veranderings in die rolle van egpare in die moderne gesin plaasgevind. Hierdie proses van verandering is nog steeds besig om plaas te vind; daar het dus nog nie duidelik omskrewe nuwe rolle uitgekristalliseer nie.

3.3 Arbeidsfaktor

Die moderne produksiestelsel het 'n nuwe roetine meegebring wat die hele gesin se lewe raak en verëis dat die werknemer bepaalde ure van die dag of nag stiptelik moet werk (Grobbeelaar & Blignaut 1983:11). Gesinsangeleentheid moet dus aangepas word by die ekonomiese rolle in die samelewing. Dit behels dat die werker se betrokkenheid by

sy gesinsaangeleenthede gewysig moet word en dat die gesin die broodwinner hierin moet steun (Steyn & Breedt 1977:92). Cilliers & Joubert (1966:153) noem in dié verband dat die hedendaagse leefwyse deur die toenemende rasionele ekonomie gedomineer word wat steeds hoër eise aan die individu stel. Die gesinslewe wat fundamenteel berus op die emosioneel-gegrondveste huweliksverhouding, is in hierdie omstandighede feitlik die enigste oorblywende area waarin daar ruimte is vir emosionele ontlading van die individu en het die gesin dus 'n uiters belangrike funksie in hierdie opsig.

Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:102) asook Cilliers (1960:119) wys daarop dat die kerngesin struktureel verwyderd en geïsoleerd geraak het van die wyer verwantskapsisteem. Die isolasie van die kerngesin het volgens Sylvia Viljoen (1977:11) meegebring dat die huweliksmaat 'n primêre bron van emosionele onderskraging geword het.

Volgens Keyter (1940:107) het die moderne gesin nie alleen sy intieme sosiale lewe verloor nie, maar het die gesin ook verval tot 'n blote saameet en saamslaap; 'n "blote parkeerplek vir die nag". Johnson (1986:483) gaan sover om te sê dat "... industrial economics create strains within families by calling upon workers to neglect their families in some ways in the name of supporting their families".

In aansluiting hierby skryf Grobbelaar & Blignaut (1983:13) dat die vader as gevolg van kompeterende werksomstandighede min tyd aan sy gesin kan bestee en hoewel hy fisies teenwoordig is, as 'n "afwesige" vader bestempel kan word. Dit lei daartoe dat die vader selde met sy gesin kommunikeer en dat hy nie in 'n dinamiese wisselwerking met hulle verkeer nie.

Grobbelaar & Blignaut (1983:13) stel verder dat "... wanneer 'n egpaar nie meer met mekaar kommunikeer nie word hulle behoeftes aan samesyn, ondersteuning en veral hulle emosionele behoeftes nie meer bevredig nie".

3.4 Godsdienstige faktor

Cronje (1986:102) omskryf godsdiens as "... gebruike en geloof wat nou verwant is aan die heilige en onskendbare en wat as't ware die aanhangers daarvan in 'n morele, geestelike en sedelike gemeenskap saambind".

Godsdiens legitimeer waardes terwyl waardes op hulle beurt norme legitimeer. In 'n mens se lewe funksioneer dus waardes, wat in ons handeling deur norme tot konkretisering gebring word. Onderliggend aan en bepalend vir albei lê die godsdiens.

Wanneer egpare van die gangbare godsdienstige waardes en norme wat vir die huwelik geld, afwyk, is dit nie moeilik om te verstaan dat daar probleme tussen hulle sal ontwikkel nie (Grobbelaar & Blignaut 1983:70, Steyn, Van Wyk & Le Roux 1987:159).

In die huweliksverhouding behoort egpare ook in wederkerige diensbaarheid mekaar tot hulp te wêes in sake soos arbeid, huishouding en godsdiens. Wedersydse beplanning, ondersteuning, versterking én aanmoediging is hier onontbeerlik (Marais 1979:206).

Norme is ook die basiese boustene vir rolle soos byvoorbeeld die rolle van man, vrou en kinders in die huwelik. Sylvia Viljoen (1977:26) stel in dié verband dat huwelikswaardes verband hou met morele en godsdienstige waardes. So dui godsdienstige betrokkenheid van mense ook op 'n be-

paalde betrokkenheid in die gemeenskap en op sekere huweliksïdeologieë wat 'n egpaar kan saambind of van mekaar verwyder.

Hoewel baie mense kerkbesoek as 'n gewoonte of 'n ritueel afmaak, het kerkbesoek tog groot waarde, nie net op geestelike vlak nie, maar ook vir die huweliks- en gesinslewe. In dié verband wys Cox (1981:501) daarop dat navorsing aangetoon het dat daar 'n positiewe verband tussen godsdiens en huwelikstevredenheid is.

3.5 Kommunikasie

"Kommunikasie is 'n proses tussen persone. Dit behels dat een persoon 'n gedagte, 'n idee, 'n emosie - 'n boodskap - uit, wat deur die persoon met wie gekommunikeer word, ontvang en reg verstaan word. Terugvoering is 'n verdere stap waardeur die sender informasie van die ontvanger terugontvang van hoe sy boodskap geïnterpreteer word" (Steyn, Van Wyk & Le Roux 1987:334).

Volgens Joubert & Steyn (1980:159) is kommunikasie daardie aktiwiteit of proses waar een of meer persone probeer om 'n idee, gevoel, toedrag van sake of inligting aan 'n ander persoon of persone oor te dra; en hierdie tweede persoon of persone daarin slaag om die bedoelde betekenis korrek te interpreteer of te verstaan. Epstein, Bishop & Levin (1978:23) definieer kommunikasie in gesinsverband as "... how the family exchanges information".

In die huweliksverhouding is kommunikasie van wesenlike belang en kan die belangrikheid van bevredigende kommunikasie in die huwelik nie genoeg beklemtoon word nie. Alleen deur effektiewe kommunikasie kan daar 'n hegte band ontstaan wat ook as stabiliseerder in die huweliksverhouding dien (Belkin & Goodman 1980:208).

Sylvia Viljoen (1977:28) verwys na die vereiste dat suksesvolle egpare affektiewe, ope en belonende kommunikasie nodig het. Hierdie verband word ook beklemtoon deur skrywers soos Grobbelaar & Blignaut (1983:167), Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:334) en Epstein, Bishop & Levin (1978:23).

Stein, Richman & Hannon (1977:360) bou hierop voort met die woorde:

"This is not only a reference to the need for people to talk, but to the need for certain kinds of talk, that which is sensitive, supportive, and revealing. In effect, a distinction can be made between conversation and "real" communication ... it appears that it is not solely intense personal communication which is required for sustaining an intimate relationship ... This was not only true of sustained, focussed discussion, but the everyday informal interaction which typically goes on in families. And because of this loss, the lives of the commuters become less intertwined."

'n Egpaar kan slegs deur sinvolle kommunikasie daarin slaag om insig in mekaar se basiese verwagtings en behoeftes te ontwikkel. Verder kan hulle ook alleenlik deur kommunikasie werk aan 'n patroon waarin albei se behoeftes op die lang duur bevredig word, sodat die huweliksband nie tot niet sal gaan nie (Steyn, Van Wyk & Le Roux 1987:335).

Die onvermoë van huweliksmaats om hulleself in die huwelik werklik vir mekaar oop te stel, word deur Grobbelaar & Blignaut (1983:169) as een van die grootste struikelblokke tot doeltreffende kommunikasie in die huwelik beskou.

'n Diepgaande verbintenis tot die huwelik dui vir Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:331) daarop dat die egpare sterk intensies en motiverings moet hê om by mekaar betrokke te wees en baie van hulle tyd en energie in die verhouding te belê. Die ontwikkeling van enige verhouding is dus alleenlik moontlik deur betekenisvolle kommunikasie.

Indien, daar aanvaar word dat die individu se geluk uit die kommunikasie en interaksie met sy huweliksmaat kan voortvloei, verg dit ook wedersydse aanpassing van die egpaar. In dié verband skryf Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:189) soos volg:

"Huweliks-aanpassing veronderstel dat die egpaar 'n goeie verstandhouding ten opsigte van onderlinge verwagtings en die realiteite van die huwelik sal hê. Die huwelik is nie net die somtotaal van twee persoonlikhede nie, maar 'n eenheid wat ontwikkel uit die interaksie van twee individue wat mekaar voortdurend slyp om gesamentlik die optimale bevrediging in hul verhouding te bereik. Huweliks-aanpassing is gevolglik nie 'n statiese toestand nie, maar 'n dinamiese proses wat uit die interaksie tussen die egliede groei en dwarsdeur die huweliksverhouding voorkom."

Oop en vrye kommunikasie bevorder hierdie aanpassingsproses en lei ook tot gemeenskaplike belange, terwyl gemeenskaplike belange op sy beurt lei tot gesamentlike egtelike rolverhoudings. Die intensiteit van die emosionele bande tussen hierdie egpare neem toe, wat beteken dat die hu-

weggeruim is en dat seksualiteit in so 'n mate 'n normale deel van die huweliksverhouding geword het dat sowel emosionele as seksuele vervulling uit die verhouding geput kan word. Keyter (1940:61) skryf dat die huweliksverhouding nie net uit liggaamlike samesyn bestaan nie, maar dat dit in sy wese 'n geestelike band is wat die mens op enig-sins duursame wyse verbind.

Blood (1969:234) onderskei tussen seksualiteit as die liggaamlike komponent en erotiek as die geestelike komponent van die huweliksliefde. Volgens hom is die twee terme dus nie identies nie, maar dui onderskeidelik op 'n verhouding van liggaam tot liggaam en 'n verhouding van siel tot siel. Hy meld verder dat dit in die liefde tussen man en vrou is waar die liggaamlike en die geestelike, met ander woorde die seksualiteit en die erotiek, nie-losmaaklik aan mekaar verbonde is.

In dié verband skryf Blood (1969:5) dat die huwelik 'n allesomvattende verhouding is en stel dit soos volg:

"Marriage is not only uniquely sexual but uniquely comprehensive... only marriage combines sex and parenthood and companionship and housekeeping 'under one roof'... All facets of life - physical, mental, social, spiritual, financial - contribute to the comprehensiveness of married living."

Die welslae van 'n huwelik berus volgens Cronje (1973:108 - 109) op die bevrediging van die liefdesbehoefte en lê ook klem op die innerlike krag van die huweliksverhouding wat geleë is in die mate waarin en die wyse waarop die liefdesbehoefte van albei egliede voortdurend bevredig word.

In seksuele aanpassing is die kwaliteit van die verhouding eweneens belangrik. Steyn, Van Wyk en Le Roux (1987:172), omskryf dit soos volg:

"Indien die kwaliteit van die verhouding op wedersydse liefde berus, is die kans op sukses in die seksuele aanpassing goed. Die egpaar is dan gemotiveer om verskille uit te skakel en kommunikasie te verbeter. Is die verhouding tussen die twee egter vyandig, neem die verskille toe, ontwikkel blokkasies in die kommunikasieproses en word die moontlikheid van gelukkige seksuele aanpassing steeds skraler."

3.7 Kameraadskap

Blood (1969:108) beskryf kameraadskap as 'n sosiale element in 'n liefdesverhouding wat die vreugde is om dinge saam te doen. Kameraadskap is dus 'n basiese element in vriendskap wat die liefde verdiep.

Die diepe sin van die huwelik lê daarin dat die egpaar na mekaar toe kom in die huwelik en alles vir mekaar oopstel en so deurdring tot elkeen se diepste geheime. Hierdeur vind selfherkenning plaas waardeur egpare mekaar kan aanvul (Grobelaar & Blignaut 1983:84). Dit behels verder dat egliede hulle probleme met mekaar moet deel, mekaar se vertrouelingte moet wees, asook begrypend teenoor mekaar moet staan (Sylvia Viljoen 1977:27).

Bell (1983:122) sowel as Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:143) wys daarop dat egpare dinge saam kan doen sonder om noodwendig eksklusief te wees, of sonder om mekaar se identiteit te vernietig.

Alhoewel daar in elke homogame huweliksverhouding twee gelykwaardige persoonlikhede is, moet persone nie die geleenthede ontsê word om uitdrukking aan hulle eie individuele persoonlikhede te gee nie. Tog moet daar nie 'n weerhouding of terugtrekking van liefde en gemeenskaplike belange wees nie. In dié verband skryf Cronje (1973:90) soos volg:

"Die verhouding is omvattend, want daar is geen enkele aspek van die twee persone se persoonlikhede en lewens wat nie 'n rol speel in die huweliksverhouding en wat nie daarbinne betrek word nie. Die huweliksverhouding vra dat daar op iedere lewensterrein 'n onderlinge meebelewing tussen man en vrou moet plaasvind."

Hierdie verhouding binne die huwelik het meer "privaat" geword as gevolg van die geïndustrialiseerde samelewing en die beheer en inmenging van verwante het afgeneem. Du Toit, Steyn & Rip (1978:64) skryf in dié verband soos volg:

"Afgesien van die "privaatwording" het daar ook veranderinge ten opsigte van die intensiteit van die emosionaliteit binne die gesin plaasgevind. In die uitgebreide gesinsisteen waar 'n groot aantal verwante baie nou saam woon in 'n noue netwerk van verhoudings met streng voorgeskrewe regte en pligte ten opsigte van feitlik alle ander lede, is dit nie vir een besondere persoon

moontlik om so baie tyd met enige ander persoon deur te bring nie, soos dit die geval is in die geïsoleerde kerngesin. Sy dag word onder baie ander persone verdeel en hierdie spreiding van maatskaplike verhoudings en interaksie lei tot 'n vermindering in die intensiteit van emosionele bande tussen enige twee persone."

Wanneer dit dus gaan om die belangrikheid van kameraadskap, beteken dit dat die kameraadskapsverhouding tussen die egliede 'n bindingskrag vir die huwelik inhou (Sylvia Viljoen 1977:27). Orthner (1981:264) sluit hierby aan en stel dit dat "... the family that plays together, stays together". Die voordeel van gesamentlike aktiwiteite lê vir Orthner (1981:264) in die intensiteit van interpersoonlike verhoudinge wat verder tot die daarstelling van nuwe gesamentlike aktiwiteite lei.

Schultz (1982:295) skryf in dié verband soos volg:

"The inability of the husband and wife to share work associates, the frequent absence of the husband from the family at important times such as meals and birthday parties, and the continued absence of the father from the home increase the differences between husband and wife at a time when there should be greater reciprocity in the conjugal roles."

Hoe meer tyd 'n egpaar saam deurbring, hoe groter groei hulle afhanklikheidsgevoel vir mekaar (Askham 1984:22). Belkin & Goodman (1980:129) stel dit dat:

"This mutual dependence upon one another facilitates the creation of an atmosphere in which they learn to fulfil each others needs, both similar and divergent."

Orthner (1981:264) onderskei tussen gesamentlike, individuele en parallelle aktiwiteite. Gesamentliké aktiwiteite dui op 'n hoë graad van kameraadskap. Kameraadskap sluit vir Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:211) ook 'n groot mate van emansipasie van huishoudelike werk, vrystelling van eensydige verantwoordelikheid van huishoudelike pligte en gelyke gesag in gesinssaangeleenthede in. Hierdie onderskeid tussen egpare se huishoudelike aktiwiteite word deur Elizabeth Bott (1957:52) getipeer as gesamentlike, intermediêre en gesegregeerde rolpatrone en kan kortliks soos volg opgesom word:

* Gesamentlike egtelike rolverhouding

In hierdie rolstruktuur word gesinstake gesamentlik verrig, of take is uitruilbaar. Die egpaar beplan feitlik alles saam, deel dieselfde belangstellings, en bring baie van hulle vrye tyd saam deur. In hierdie rolstruktuur beoefen die vrou ook dikwels 'n beroep.

* Intermediêre egtelike rolverhouding

Hierdie rolstruktuur word gekenmerk deur 'n mate van formele verdeling van arbeid tussen man en vrou, maar die verdeling is nie so streng soos in die gesegregeerde patroon nie. Die egpare beperk wel afsonderlike ontspanning, maar gesamentlike belangstelling is meer in fisieke nabyheid as in gesamentlike deelname aan ontspanning of ander sosiale aktiwiteite.

* Gesegregeerde egtelike rolverhouding

In hierdie rolstruktuur word sterk klem gelê op differensiasie van gesinsaktiwiteite en word bepaalde aktiwiteite op 'n gesegregeerde basis uitgevoer. Die egpaar voer hul aktiwiteite afsonderlik uit wat dikwels ook afsonderlike vriende en ontspanning insluit.

In aansluiting hierby skryf Orthner (1981:274) soos volg:

"The marriage or the family becomes little more than a meeting point for separate interests and members seem like 'ships passing in the night'."

3.8 Liefde en geluk

In 'n huwelik het albei egliede sekere verwagtings of behoeftes aan toegeneentheid en die mate van integrasie in hulle huwelik sal saamhang daarmee of hulle hul huweliksverhouding as 'n vervulling van hierdie verwagtings of behoeftes beleef (Sylvia Viljoen 1977:27).

Daar word algemeen aanvaar dat daar verskillende soorte liefde bestaan. As gevolg hiervan ontstaan daar dikwels die probleem dat blote seksuele aangetrokkenheid met liefde verwar word (Butler 1979:50).

Daar moet duidelik onderskei word tussen romantiese en ware liefde. Romantiese liefde is net soos verliefdheid gebou op 'n geïdealiseerde beeld van die liefdesobjek en nie op realiteit nie (Butler 1979:51).

Die woord liefde is afgelei van die Sanskrit woord "Lubhyat" wat begeerte beteken (Butler 1979:52). Nye & Berardo (1973:123) definieer liefde as "... a strong emotional attachment toward a person, thing, or experience".

Du Toit, Steyn & Rip (1978:76) wys daarop dat dit haas ondenkbaar is dat die verhouding in die struktureel-geïsoleerde gesin waar die man-vrou-verhouding hoofsaaklik op liefde en simpatieke begrip gebou is, nie emosioneel gefundeer sal wees nie. Volgens Cronje (1973:108) is ware huweliksliefde nie bloot 'n abstrakte idee, of iets wat in die gedagte en gevoelens van mense bestaan nie. Die egte-like liefde is iets werkliks en deel van die daadwerklike, alledaagse lewe van die eggenotes.

Ware huweliksgeluk is nie iets finaal nie, maar moet langs die weg van 'n voortdurende aanvullingsproses doelbewus gekweek en versterk word deur twee persone wat in die verhouding betrokke is (Cronje 1973:117). Vir Elizabeth Bott (1957:83) dui 'n gelukkige huwelik op 'n hoë graad van verenigbaarheid, wat op die egpaar se eie gesamentlike belange en aanvullende verskille gebaseer is.

Die geluk van 'n huwelik word volgens Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:169) bepaal deur die manier waarop egpare in hulle huweliksrolle by mekaar aanpas. Die aanpassing is dinamies en behels voortdurende interaksie tussen huweliksmaats.

Die belangrikheid van interaksie tussen egliede kan nie genoeg beklemtoon word nie. Blood (1969:334) noem dat interaksie in 'n huwelik baie meer behels as om net die koerant neer te sit; dit sluit ook die "saamdoen" van baie dinge in. Blood (1969:334) noem verder dat "... dating has a crucial role after marriage ... When husband

and wife go out for dinner or a movie, conditions are provided for the growth of love".

In elkeen leef die behoefte om bemin te word asook om behoeftes te bevredig. Bevrediging in die lewensgemeenskap van die huwelik is allesinsluitend wat die twee mense volkome omsluit. Elkeen ondergaan 'n eie ontwikkeling en het eie ervarings wat 'n eie lewensvorm en lewensrigting laat ontstaan (Cronje 1973:92).

Daar word selfs aanvaar dat meningsverskille in 'n huwelik heilsaam kan wees en dit dui nie noodwendig daarop dat die egpaar mekaar nie meer lief het nie (Henslin 1980:38, Du Toit, Steyn & Rip 1978:70, Wallis 1971:138). In aansluiting hierby skryf Epstein, Bishop & Levin (1978:25) soos volg:

"A family which can respond appropriately with love and tenderness but never with feelings of anger, sadness, or joy would be considered restricted and somewhat distorted."

Konflik in 'n huwelik kan dus gesien word as onvermydelik en normaal onder gesinslede as gevolg van gedifferensieerde persoonlikhede in die gesinsverhouding (Du Toit, Steyn & Rip 1978:70).

Liefde kan dus as 'n belangrike faktor gesien word wat bydra tot huweliksgeluk. Wanneer liefde wedersyds voorkom, vorm dit ook die basis vir intimiteit (Orthner 1981:145). Cox (1981:12) beweer dat "... families that do not supply much intimacy are usually families in trouble and often these families disintegrate since members are frustrated in their needs for meaningful intimate relationships to its members".

Die veranderde ideologie met betrekking tot die hedendaagse huwelik is gebaseer op die gedagte van Ogburn & Nimkóff (1955:8) dat die huwelik voortbestaan solank daar geluk is, eerder as "tot die dood ons skei".

3.9 Empatie

'n Verdere dimensie wat met huwelikstevredenheid verband hou, is empatiese begrip wat dui op insig vir die huweliksmaat se gevoelens en verwagtings. Empatiese betrokkenheid dra daartoe by dat die huwelik vanuit psigiese en fisiese oogpunte gesond is en vir albei sin en betekenis het (Grobelaar & Blignaut 1983:57).

Om dus 'n harmonieuse huweliksverhouding te ontwikkel is dit nodig vir 'n persoon om die huweliksmaat se rol te neem of om hom/haar in die maat se plek te stel en aldus in staat te wees om die maat se houdings te interpreteer en te voorspel (Orthner 1981:205, Sylvia Viljoen 1977:8).

Vir Belkin & Goodman (1980:117) beteken empatie weer "... listening to others and experience their feelings with them". Hierteenoor beskryf Blood (1969:20) empatie as "... the ability to perceive the partner's attitudes and feelings".

Navorsing het aan die lig gebring dat waar egpare hul maats se reaksies redelik akkuraat kan voorspel, hulle groter huweliksgeluk ervaar (Scheff 1967:32). Orthner (1981:205) wys daarop dat 'n eensydige visie van 'n persoon se huweliksmaat kan lei tot of idealisme of pessimisme, maar nie tot realisme wat noodsaaklik is vir openlike kommunikasie nie.

Volgens Grobelaar & Blignaut (1983:55) vereis 'n gesonde huwelik 'n verhouding waarin 'n egpaar nie met mekaar

kompeteer nie, afhanklik van mekaar kan funksioneer en belangstellings en vermoëns openbaar wat oorvleuelend en aanvullend van aard is. Dit behels verder dat die verhouding komplimentêr en op die realiteit gefundeer moet wees.

Empatie is vir Blood (1969:21) ook 'n bedrewenheid wat deur toepassing aangeleer kan word. Hy skryf dat 'n "... skilful empathizer sees through verbal pretenses to the real feelings within".

Hierdie gedagte word ook deur Fullerton (1977:297) uitgespreek as hy sê:

"Marriage is a setting in which it is difficult to sustain love, but possible to develop empathy. Empathy requires that we perceive the intimate other as he or she really is and develop the kind of acceptance for the other's faults that we have for our own shortcomings, which we always manage to view somewhat fondly. The lover is egocentric, pursuing his own projected potential, which he hopes to find embodied in an angel of the opposite sex. In contrast, the empathic husband or wife perceives the many facets of the spouse and finds each facet endearing. It is this final metamorphosis, from egocentric lover to empathic husband or wife, that saves a marriage from the danger of triviality, that makes the relationship unique".

3.10 Sosiëteit

Vanselfsprekend is die alledaagse werksaamhede van 'n

egpaar in die reël verskillend en uiteenlopend. In samehang hiermee noem Cronje (1973:120) dat hul belangstellings en gedagtegang ook in verskillende en uiteenlopende rigtings sal gaan, tensy die nodige onderlinge meebelewing tussen die egpaar plaasvind. Omdat die huwelik gekenmerk word deur gesamentlike doelstellings, moet die individu sy persoonlike belange en ambisies in 'n mate onderwerp aan die welsyn van die gesin, aangesien oorbeklemtoning van die individualistiese uitgangspunte nadelig kan inwerk op die huweliksverhouding (Du Toit, Steyn & Rip 1978:78).

Sosiale aktiwiteite word deur Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:110) as een van die belangrike aktiwiteite van die verwantskapnetwerk beskryf. Die belangrikste vorms in dié verband is intergesinsbesoeke, kerkbesoeke, stokperdjies, gesamentlike deelname aan ontspanningsaktiwiteite, belangrike herdenkingsdae asook gesinsfeesdae.

As gevolg van die veranderinge wat in die gesin plaasgevind het, is die gesin in 'n veel groter mate op homself aangewese wat byvoorbeeld ontspanning en bevredigende primêre verhoudinge binne gesinsverband betref. Bell (1983:187) sluit hierby aan met die volgende gedagte:

"It used to be that marriage and the family were firmly embedded in the networks of broader community relationships and there were few separating barriers between the world of the individual family and the wider community. However, this is no longer true, and the marriage relationship has been a major part of the change. In our modern society each family constitutes in part its own segregated subworld."

3.11 Finansies

Aanpassing is feitlik by allé fasette van die huweliks- en gesinslewe nodig (Steyn, Van Wyk & Le Roux, 1987:170). Volgens Landis (1953:171) word die hantering van die gesin se inkomste as een van die moeilikste gebiede van aanpassing in die huwelik bestempel. Faktore wat hier van belang is, word deur Van Staden (1978:31) soos volg aangegee:

- die gesin se vlak van behoeftebevrediging,
- hulle persoonlikhede,
- die betekenis van geld,
- waardes met betrekking tot finansies, en
- ekonomiese aspekte wat tot huwelikskonflik aanleiding kan gee.

Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:173) wys daarop dat die bedrag wat die egpaar se inkomste oplewer nie so belangrik is as die peil van ekonomiese verwagtings wat die gesin nastreef nie (sien ook Belkin & Goodman 1980:380).

Wanneer besonder hoë verwagtings in hierdie verband dan nie realiseer nie, kan dit probleme skep. In dié verband skryf Orthner (1981:282) dat:

"Many people get little value out of their hard-earned dollars simply because they do not know how to spend their money wisely."

'n Persoon se persoonlike waardes word ook deur sy finansiële besluitneming weerspieël (Blood 1969:239). Die individu se houding teenoor geld kan nie gereduseer word tot 'n enkele oorsaaklike faktor nie. Dit is die resultaat van aangebore persoonlikheidseienskappe, die simboliese betekenis van geld, sosialisering, die ekonomiese invloede

in die gemeenskap waaraan die persoon blootgestel word en uiteindelik sy finansiële waardesisteen (Van Staden 1987:33). Verdere probleme wat finansiële klagtes veroorsaak sluit selfsugtigheid, onbetroubaarheid met geldsake, spandabelrigheid, 'n swak voorsiener en impulsiwiteit in (Grobbelaar & Blignaut 1983:105).

Geld het ook 'n statussimbool geword. Belkin & Goodman (1980:382) skryf in dié verband soos volg:

"It is unfortunate but true that in our society people are often judged by how much money they have. Thus, one's selfesteem can be tied in with one's finances. Fighting over money, in the marital relationship, may be a way of symbolically fighting about selfworth."

'n Belangrike aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat selfs mense met bykans onbeperkte finansiële bronne net soveel konflik kan ervaar as die middelklasegpaar. Eersgenoemde egpare kan byvoorbeeld verskil volgens Van Staden (1987:34) oor die wyse waarop hulle geld bestee moet word.

4. SKOFWERK EN RUILSKOFWERK

Skofwerk het ontstaan as gevolg van die groot industriële ontwikkelinge en spesialisasie in beroepe soos byvoorbeeld sekere mediese beroepe, die polisie, brandweer en later in staal-, chemiese en petroleumbedrywe.

In Suid-Afrika is die groei van die nywerheidsontwikkeling so fenomeenaal dat fabriekse moeilik kan voorsien in die vraag na goedere en dus van skofwerk gebruik moet maak.

4.1 Aard van skofwerk en ruilskofwerk

As gevolg van oorskotproduksie van enige bepaalde produk het handel ontstaan. Die voortbestaan van handel is dan ook te danke aan spesialisasie.

Nadat handelsbeperkinge afgeskaf is, het die beleid van vryhandel gelei tot uitbuiting van kinders en loonarbeiders. Vir baie jare was die toestande in fabriëke onbevredigend totdat die aanneming van fabriekswette die situasie verbeter het. Die eerste fabriekswet is in 1833 aanvaar, wat bepaal het dat geen kind onder die ouderdom van nege jaar in diens genêem mag word nie. Die wet het verder bepaal dat niemand onder die ouderdom van 18 jaar nagskof of langer as 12 uur per dag mag werk nie (Van der Walt 1975:77). Ten opsigte van die fabriekseienaars se pogings om maksimale produksie te handhaaf onderhewig aan die beperkings van die nuwe wetgewing, skryf Venter (1974:7) die volgende:

"Up to this time, the machines had been running continuously and with the restrictions placed upon children working at night, factory owners were reluctant to stop their continuous operations, so they had to move to using adults on the machines during the night hours. It is thus acknowledged that the prevalence of shift work as it is known today is a product of industrialization."

Wetgewing wat in 1847 verskyn het, het fabriekseienaars verbied om vrouens en kinders langer as 10 uur per dag te laat werk (Van der Walt 1975:78). (Vir relevante nywerheidswetgewing oor hierdie aangeleentheid sien bylaag A.)

Met verstedeliking en tegnologiese ontwikkeling het daar ook in Suid-Afrika nuwe ekonomiese stelsels gekom. Daar het 'n produksiestelsel ontstaan waarin tegnieke, prosesse, differensiasie en spesialisasie radikale veranderinge in die individuele lewe gebring het. Hierdie produksiestelsel het ook 'n nuwe roetine gebring wat die hele gesin se lewe raak. Van die werknemer is verwag om bepaalde ure van die dag en/of nag te werk. Dit het meegebring dat die werker, veral die skofwerker, hom moes aanpas by 'n geskeduleerde en 'n gedissiplineerde roetine. Ter aansluiting hierby wys White (1980:3) op die volgende:

"Changing shifts every month, three months, or whatever is disruptive to one's personal and occupational styles. Adjustments become a demanding way of life."

Kapitaalvereistes is van kardinale belang in die moderne produksieprosesse waar fabriek, masjinerie, voorrade, salarisse van arbeiders en dies meer voorsien moet word. Cook (1954:5) skryf in hierdie verband dat:

"... various levels of capital charges, overhead expenses, wage rates and other costs, affect the value of operating a shift system: and in the other direction, how the introduction of a shift system reacts upon these costs".

Bester (1978:29) beweer dat die geweldige toename in skofwerk oor die wêreld heen aan die toenemende toerusting en ontwikkelingskoste van produksieprosesse toegeskryf kan word. Om die produksieproses tot stilstand te bring of te onderbreek, sal te skadelik wees vir die toenemende aanvraag van produkte deur verbruikers.

4.2 Redes vir skofwerk en ruilskofwerk

Redes wat vir skofwerk aangevoer word kan in die volgende toepaslike kategorieë geklassifiseer word: Ekonomiese, tegnologiese en sosiale redes.

4.2.1 Ekonomiese redes

Om 'n fabriek aan te lê, verg 'n fenomenale kapitale uitleg en duur toerusting en masjinerie kan slegs ekonomies benut word deur voortdurende gebruik. Venter (1974:9) wys dat die ekonomiese aspek selfverklarend is as hy dit stel dat:

"... the high cost of new and complex machinery has virtually dictated that extensive use be made of such machinery. Thus, the situation has arisen where the new machinery is expensive, and in order to cover the capital investment in the machine, it is necessary to obtain maximum use and output from it."

Omdat 'n land soos Suid-Afrika afhanklik is van industriële aktiwiteite, eis die hoeveelheid en koste van produksie, asook die graad van individuele produktiwiteit primêre oorweging.

Cook het reeds in 1954 op die belangrikheid daarvan gewys dat skofwerk sy beste bydrae kan lewer waar kapitale koste hoog is in verhouding tot arbeidskoste en om waar moontlik die uitset te verhoog; alternatiewelik moet nuwe persele gebou word om addisionele duur aanlegte te installeer (Cook 1954:7).

Van die belangrikste ekonomiese redes vir skofwerk wat Dannhauser (1969:48) en Bezuidenhout (1972:2) aanvoer, is

- die opskuiwing van winsgrense,
- die besparing van vloerruimte deur dieselfde werkplek en toerusting te benut deur meer werkers, wat dan 'n groter hoeveelheid werk verrig deur middel van, veral, ruilskofwerk, en
- die besparing van kapitale uitleg.

As daar na die koste van produksie gekyk word, is die hoofkoste daarby betrokke arbeidskoste, oorhoofse kostes en kapitale kostes (Venter 1974:9). 'n Skofsistiem verhoog direkte arbeidskoste omdat elke skofwerker minder ure in 'n week werk en sy uurlikse verdienste hoër is as dié van nie-skofwerkers as gevolg van verskillende "ongerieflikheidsuitgawes" (Cook 1954:7, Bezuidenhout 1972:25). Verhoogde arbeidskoste kan opgeweeg word teen die verhoging in individuele produktiwiteit wat ook by nie-skofwerkers verkry kan word. Deurdat die administratiewe personeel tussen 08:00 tot 17:00 teenwoordig is en net 'n deel van die toesighoudende personeel met elke skof gedupliseer moet word, kan daar ook 'n klein besparing in salarisse wees (Cook 1954:7).

Oorhoofse koste soos rente, belasting en instandhouding van persele bly dieselfde as in die geval van nie-skofwerkers, terwyl die instandhouding van masjinerie verhoog in verhouding tot produksie. Tesame hiermee sal koste vir beligting ook verhoog. Dit is veral wanneer kapitale koste oorweeg word dat die ekonomiese aantreklikheid van skofwerk duidelik word. Cook (1954:8) omskryf dit soos volg:

"... if a machine can be used for between 80 and 88 hours each week on a double day-shift, or 128 hours each week on a discontinuous three-shift system, or 168 hours each week on a continuous three-shift system, even allowing for idle time during meal breaks and maintenance, it can obviously be written off much sooner than if it is used for only 44 or 45 hours each week on day work: and the sooner it is written off, the sooner it can be replaced by a more modern machine. Alternatively, if the useful life of a machine is the same whether it is worked on days or shifts, then the greater the number of hours during which it runs each week the lower will become the depreciation and interest charge for each unit of output. Thus the greater the extent of expensive mechanization the greater is the likely economic advantage of shift work over day work."

Dannhäuser (1969:40) noem ook die volgende twee basiese motiewe vir ruilskof, oortyd en Sondagarbeid, naamlik:

- * Die werkgewer wat daarop aandring vanweë die noodsaaklike aard van die arbeid wat verrig moet word.
- * Die werknemer wat sodanige arbeid vir eie gewin verrig.

Dannhäuser (1969:40) voel dat laasgenoemde rede swaarder weeg as wat baie werknemers wil erken.

4.2.2 Tegnologiese redes

Die tegnologiese prosesse in onder andere die staal-, chemiese- en petroleumbedrywe kan nie onderbreek word sonder vernietiging, skade of verswakking van die gehalte van die produkte nie (Bester 1978:30).

Bezuidenhout (1972:2) wys op die produksie-ontwrigting en finansiële verlies wat so 'n onderbreking sal veroorsaak. Dit is dus nodig om van skofwerk gebruik te maak. Soms word die teenargument aangevoer dat slytasie en onderhoudskoste hoër is waar skofwerk gebruik word as gevolg van die voortdurende gebruik van die toerusting en masjinerie (Bester 1978:30).

Waar van skofwerk gebruik gemaak word, word sodanige toerusting dikwels gouer afgeskryf om dit met meer moderne toerusting te vervang. Alternatiewelik sou die gebruiksleeftyd van 'n masjien dieselfde wees hetsy dit vir skofwerk of nie-skofwerk gebruik word. Venter (1974:10) beklemtoon die feit dat toerusting wat nie ten volle na aanskaffing gebruik word nie, groter verlies kan meebring as slytasie en onderhoudskoste.

4.2.3 Sosiale redes

Venter (1974:11) verwys na die tekort aan opgeleide mannekrag en die verkorte werkweek, as sosiale redes vir skofwerk. Hy wys daarop dat alhoewel al hoe meer aktiwiteite geoutomatiseer word, wat 'n vermindering van personeel te weegbring, hierdie masjiene voortdurend beman moet word. Die implementering van verskillende skofstelsels is dus noodsaaklik (vergeelyk ook Cook 1954:8).

Minder werkers word per skof benodig, maar meer skofte word ingestel wat daartoe lei dat baie werkers met hul gesinne sekere aanpassings in hul lewenspatrone moet maak (Venter 1974:11). Bester (1978:30) wys op die feit dat daar dag en nag in sekere samelewingsbehoefte voorsien moet word. Diensberoepe in hospitale, restaurante, poskantore, die spoorweë, lugdienste, die polisie en ambulansdienste het tot gevolg dat skofstelsels georganiseer moet word.

4.3 Voordele van skofwerk

4.3.1 Werkgewer se siening

Cook (1954:9) voer aan dat skofwerk 'n mate van verhoogde indiensnemingsekuriteit voorsien:

- * Eerstens deur die vermindering van produksiekoste en sodoende verhoogde mededingende belange, en
- * tweedens deur die teësinnigheid om duur aanlegte ongebruik te laat.

Dannhauser (1969:52) meld dat baie oortyd onbevoegdheid by die werknemers in die hand werk. Moegheid en sufheid veroorsaak ongelukke en laer produktiwiteit. Deur die implementering van skof en ruilskofstelsels kan sodanige probleme in 'n groot mate uitgeskakel word.

4.3.2 Nasionale oogpunt

Cook (1954:9) beweer dat skofwerk uit nasionale oogpunt die volgende voordele bied:

- * Dit vergemaklik die hertoerusting van die industrie, terwyl daar op kapitale bronne bespaar word omdat dit nie bekostig kan word om 'n aanleg vir driekwart van die week se ure ongebruik te laat nie.
- * Aangesien skofwerk tot vinnige depresiasie van toerusting lei, hou dit fabrieke meer effektief en op datum deur modernisering (vergelyk ook Venter 1974:10).
- * Deur nie nuwe fabrieke te bou nie, maak dit nie inbreuk op grond wat vir landbou gebruik kan word nie.
- * Skofwerk verminder die spitsgebruik van elektrisiteit.

Daar moet verder in gedagte gehou word dat skofwerk nie net oor ekonomiese oorwegings gaan nie, maar veral ook wat die vervoer van goedere betref, moet daar maksimale benutting van paaie wees. Dit beteken dat daar vier-en-twintig uur per dag van die paaie gebruik gemaak moet word (Cook 1954:9).

4.4 Klassifikasie van verskillende skofstelsels

Daar bestaan verskeie skofstelsels om in elke onderneming se verskillende behoeftes te voorsien. Skofstelsels kan hoofsaaklik in twee kategorieë verdeel word, naamlik roteerende (ruil-) en vasgestelde skofskedules. In die roteerende skofskedule verander die werkure van die werker gereeld, terwyl die werker elke week in die vasgestelde skofskedule dieselfde ure per dag (of nag) werk (Venter 1974:11).

Vervolgens sal slegs die roterende skofskedules bespreek word, omdat dit op hierdie studie van toepassing is.

4.4.1 Die tradisionele, kontinentale en "optimale" stelsels

a) Die tradisionele ruilskofstelsel

In figuur 1 word die tradisionele ruilskofstelsel skematies voorgestel.

In die tradisionele ruilskofstelsel (figuur 1), word een tipe skof byvoorbeeld nagskof, vir sewe agtereenvolgende skofte gewerk en sal die werknemer ook drie uit vier weke werk en sewe volle rusdae kry (Bester 1978:20).

Volgens Cook (1954:10) bestaan daar 'n verskeidenheid van tradisionele ruilskofstelsels waarvan elkeen spesiaal ontwerp is om die produktiewe ure van masjinerie en aanlegte te verhoog. Hy verdeel hulle soos volg:

- * Alternatiewe dag- en nagskof wat uit twee spanne bestaan wat vir 'n sekere periode (bv. twee weke) dagskof werk en daarna (bv. een week) nagskof werk. Die voordeel van hierdie skofstelsel is buigsaamheid en kom by ingenieursfirmas voor waar masjinerie gestop kan word sonder enige produksieverlies.
- * Permanente nagskof wat gewoonlik by tekstiel- en lekkergoedfabrieke of bakkerie voorkom waar dames vir dagskof en mans vir permanente nagskof in diens geneem word.

FIGUUR 1

DIE TRADISIONELE RUILSKOFSTELSEL

SKOFTYE	WEEK 1	WEEK 2	WEEK 3	WEEK 4
	DAE			
	MDWDVSSo	MDWDVSSo	MDWDVSSo	MDWDVSSo
06:00- 14:00			000	0000RRR
14:00- 22:00		MMMM	MMRR	
22:00- 06:00	NNNNNNN	RR		
0 = Oggendskof, M = Middagskof, N = Nagskof R = Rúsdae Bester (1978:20)				

- * Dubbele-dagskof wat uit twee spanne bestaan waarvan die een vanaf 06:00 tot 14:00 en die ander een van 14:00 tot 22:00 werk.

- * Onderbroke drieskofstelsel wat daarop neerkom dat die aanleg vir die volle 168 uur van elke week beman word. Indien die werkweek van elke werknemer 48 uur is, word die fabriek deur sewe spanne werknemers ononderbroke bedryf en is daar twee werkspanne (hoë werkslading) op elke skof aan diens. Sou die werkweek uit 42 uur bestaan, word die fabriek deur vier spanne werknemers bedryf en is daar net een werkspan (lae werkslading) per skof aan diens (Cook 1954:10).

Venter (1974:17) noem twee redes waarom sommige organisasies verskillende skofure implementeer:

- Eerstens om die vroegoggend-verkeersprobleme te verlig, en
- tweedens om die sogenaamde onpopulêre lang middagskofure te verkort.

Benewens bogenoemde skofstelsel wat ontwerp is om produksie te verhoog, kan optimale benutting van skofstelsels moontlik bereik word deur van die "optimale" stelsel gebruik te maak.

b) Die kontinentale ruilskofstelsel

Bester (1978:18) toon aan dat die kontinentale ruilskofstelsel uit drie skofte (oggend-, middag en nagskof) bestaan. Die stelsel bring mee dat die werkers al drie skofte gedurende 'n sewedae-tydperk werk en dan 'n tweedae-rusperiode het. Dit neem vier weke om so 'n skofsiklus te voltooi en na voltooiing het die werker dan drie dae vry wat normaalweg 'n naweek insluit. Bester lig die skofstelsel skematies soos volg toe (figuur 2):

FIGUUR 2

DIE KONTINENTALE RUILSKOFSTELSEL

SKOFTYE	WEEK 1	WEEK 2	WEEK 3	WEEK 4
	DAE			
	MDWDVSSo	MDWDVSSo	MDWDVSSo	MDWDVSSo
06:00- 14:00	00X	00X	000	X
14:00- 22:00	MMX	MMM	X	MMX
22:00- 06:00	NNN	RR	NNRR	NNRRR
<p>0 = Oggendskof, M = Middagskof, N = Nagskof, X = Skofruiling met 24 uur vry, R = Rusdae. Bester (1978:18)</p>				

Volgens figuur 2 hierbo beteken dit dat 'n werknemer vier weke sal werk en een week rusdae (in totaal) sal hê. Indien hierdie stelsel gevolg word, sal die sewenagte-nagskof oor vier weke versprei word en die werker sal drie nagskofte in die eerste week, geen nagskofte in die tweede week, twee nagskofte in die derde week en twee nagskofte in die vierde week werk.


Bester (1978:22) illustreer 'n ander wyse waarop die kontinentale stelsel saamgestel kan word:

FIGUUR 3

DIE VINNIG-ROTERENDE KONTINENTALE STELSEL

	WEEK 1	WEEK 2	WEEK 3	WEEK 4
SKOFTYE	DAE			
	MDWDVSSo	MDWDVSSo	MDWDVSSo	MDWDVSSo
	NOMMNNN	RROOMMM	NNRROOO	MMNNRRR
N = Nagskof, M = Middagskof, O = Oggendskof, R = Rusdae Bester (1978:22)				

Na aanleiding van figuur 3 word van die werker aan die begin van 'n siklus verwag om direk na nagskof met oggendskof te begin sonder 'n rusperiode tussenin. Indien 'n nagskof net uit agt of selfs vyf ure bestaan, het die werker wel 'n kort rustyd tot byvoorbeeld 07:00 of 08:00 wanneer hy weer met oggendskof begin.



c) Die sogenaamde "optimale" stelsel

Vir Bester (1978:24) dui optimum produktiwiteit in ruilskofwerk daarop dat arbeid slegs verrig word wanneer die liggaamstemperatuur relatief hoog en stabiel is. Dit wil sê, arbeid moet tydens nagskof slegs verrig word gedurende daardie fases wanneer die liggaamstemperatuurkurwe ooreenkom met die kurwe van die dagritme.

Rutenfranz, Knauter & Colquhoun (1976:338) se kriteria vir optimale skofstelsels behels onder andere die volgende:

- * 'n Enkele nagskof is beter as opeenvolgende nagskofte omdat die versteuring van fisiologiese aspekte na 'n blootstelling van verskeie dae aan nagskofwerk voorkom. Die liggaamsfunksies se ritme is na verskeie dae se ononderbroke nagskofwerk gemodifiseer en rusdae skep weer die probleem van heraanpassing by die natuurlike dagritme.
- * Na elke nagskofsiklus moet daar 'n 24-uur rusperiode wees.
- * Die totale siklus van die skofstelsel moet nie langer as vier weke in 'n staande stelsel van rotasie wees nie, sodat ruilskofwerkers hulle sosiale lewe behoorlik kan beplan.
- * Die lengte van 'n skof moet verband hou met die aard van die arbeid wat verrig word en behoort nie langer as 8 uur te wees nie. Slegs in uitsonderlike gevalle waar min fisiese energie vereis word, mag 'n skof na 12 uur verleng word.

* Daar moet 'n maksimum van vry naweke wees.

Bester (1978:26) beweer dat die opvatting van 'n optimale skofstelsel bloot teoreties is en dat daar nog geen ideale optimale stelsel gevind kon word wat produksie asook sosiale, psigologiese, fisiologiese en ander aspekte, ten volle kon bevredig nie.

5. SAMEVATTING

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat huwelikstevredenheid in ons oorheersend monogame samelewing 'n belangrike komponent van die individu se welsyn uitmaak. In die onpersoonlike stedelike samelewing met sy strawwe mededinging en hoë eise wat in die bedryfslewe gestel word, bied die huweliksverhouding die sfeer waarin emosionele ontlading en herstel kan plaasvind.

Ekonomiese aktiwiteite maak slegs 'n deel uit van die mens se totale handeling wat beteken dat daar 'n verband en 'n wisselwerking tussen ekonomiese en ander aktiwiteite soos gesins- en sosiale aktiwiteite bestaan.

Die individu is verplig om homself aan te pas by 'n geskeduleerde en gedissiplineerde roetine. Die moderne samelewing vereis onverpoosde dissipline van die individu in sy beroep. Hoewel dit tot 'n hoë mate van werksatisfaksie by die individu kan lei, kan die mate waarin die evaluasie van die individu op prestasie en individualisme gebaseer is, ook daartoe lei dat die individu min emosionele sekuriteit uit sy werk kan verkry.

Verder verskil die eise wat aan die individu as werker gestel word, meer en meer van die eise wat die gesinslewe

aan hom stel. Die arbeidsfunksie in die geïndustrialiseerde samelewing is geheel en al losgemaak van die gesinsverband en is daar ook 'n fisiese skeiding tussen die werkplek en die woonplek. Ruilskofwerk kan in 'n groot mate die area van gemeenskaplike belangstelling in die huweliksverhouding beperk.

'n Goeie huweliksverhouding beteken dat 'n egpaar na mekaar toe ontwikkel en nie weg van mekaar nie. Volgens Cronje (1969:93) verloop hierdie proses

"... langs die weg van toenemende gemeenskaplike belange - belangstellingrigtings verloop meer en meer in een stroom en die gemeenskaplikheid in hulle doen en late en ervarings word groter, die onderlinge meebeleving strek dus wyer en inniger en deur dit alles word ook die gemeenskaplikheid in hulle lewensverhouding, lewensrigting en lewensbestemming altyd meer uitgesproke en tree sterker na vore".

6. NOTA

- 1) Fisiese nabyheid kan wel onder andere die aard/
omvang/frekwensie van interaksie beïnvloed.

HOOFSTUK 3

DIE SOSIALE NETWERKBENADERING

1. INLEIDING

In hierdie studie word as teoretiese uitgangspunt hoofsaaklik gebruik gemaak van die sosiale netwerkbenadering. Veral die werk van Close (1981) op dié gebied is belangrik. Alhoewel antropoloë en sosioloë dikwels die term netwerk as 'n metaforiese konsep gebruik wanneer hulle na sosiale of persoonlike verhoudings verwys, wys Close (1981:30) daarop dat die begrip "netwerk" as analitiese konsep relatief nuut is in die sosiale wetenskappe.

Die analitiese gebruik van die term "netwerk" dateer uit 1954 met die verskyning van Barnes se werk "Class and Committees in a Norwegian island parish" (Close 1981:30).

Een van die belangrikste navorsingswerke wat die aandag van die sosioloog gevestig het op die verhouding wat daar tussen die gesin en sy netwerk bestaan, is dié van Willmott en Young, "Family and Kinship in East London", wat in 1957 gepubliseer is (Steyn, Van Wyk & Le Roux 1987:104).

'n Verdere studie wat belangstelling in die netwerkbenadering gestimuleer het, is die werk van Elizabeth Bott (1957) "Family and Social Networks" waarin sy die verband tussen die metaforiese kenmerke van gesamentlike gesinsnetwerke en die egtelike rolverhoudings binne die gesin wou bepaal.

Daar bestaan drie redes vir die toenemende gewildheid van die benadering. Eerstens het die ontevredenheid met die

struktuur-funksionele analise daartoe aanleiding gegee (Close 1981:32). Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:104) verwys ook na die ontevredenheid met die struktuur-funksionele analise wanneer hulle skryf dat navorsingsresultate in die vyftigerjare ten opsigte van die verhoudings wat wel tussen die kerngesin en hul verwantskapsgroep bly voortbestaan, tot omvattende kritiek op Parsons se siening gelei het dat die kerngesin struktureel geïsoleerd is. Tweedens stel Close (1981:32) dit dat die rede vir die gewildheid van die netwerkbenadering geleë is in "... the development of non-quantitative mathematical ways of rigorously stating the implications entailed in a set of relationships among a number of persons". Ten derde het die interdisiplinêre aard van die netwerkbenadering tot dié gewildheid gelei (Close 1981:32).

Mitchell (1974:285) toon dat die gebruik van die begrip "sosiale netwerk" tot twee tipes studie aanleiding gee:

- Eerstens word die individu se gedrag deur sy sosiale netwerk (as onafhanklike veranderlike) verklaar. Hierna word verwys as 'n "communication set", en
- tweedens word gefokus op hoe die individu sy kontakte manipuleer ten einde sy doel te bereik en dit staan bekend as 'n "action set".

Hierbenewens wys Coombs (1973:96) daarop dat sosiale netwerk op twee elementêre stellings gegrond is:

- In die eerste plek word individue in 'n sekere mate aan mekaar verbind deur bande van affek, vertroue, reg, verpligting of verwagting, en
- tweedens oefen hierdie sosiale bande 'n invloed op die gedrag en die waarneming van die deelnemers uit.

Die metaforiese gebruik van die begrip "sosiale netwerk" beklemtoon eensyds individuele sosiale skakeling en andersyds die wyse waarop dit deur die gemeenskap versprei is (Mitchell 1974:280). Wat die analitiese gebruik betref, stel Mitchell (1974:280) dit dat die "... analytical use of the idea of social network seeks to specify how this ramification influences the behaviour of the people involved in the network".

In 'n tipiese "communication set" studie maak Elizabeth Bott (1957:60) van die term "connectedness" gebruik, as sy na digtheid (density) verwys om die aktiwiteite van egpare in hulle verhoudingsnetwerke te onderskei. Hipoteties stel sy dit soos volg:

"The degree of segregation in the role-relationship of husband and wife varies directly with the connectedness of the family's social network. The more connected the network, the greater the degree of segregation between the roles of husband and wife. The less connected the network, the smaller the degree of segregation between the roles of husband and wife."

2. KONSEPTUELE RAAMWERK

Close (1985:122) onderskei in navolging van Mitchell (1969) tussen drie verskillende ordes van sosiale verhoudinge wat in stedelike gemeenskappe voorkom, naamlik:

- * 'n Strukturele orde waar die klem op die posisie van die individu val. Die individu se gedrag word hier verklaar op grond van die sosiale posisie wat hý bekleed en nie op grond van sy persoonlike verhoudinge en/of eienskappe nie.

- * 'n Kategoriale orde waar die individu se gedrag in 'n ongestruktureerde situasie geanaliseer word in terme van sosiale stereotipes soos byvoorbeeld ras, klas en etnisiteit. Hier verteenwoordig die individu, met ander woorde, 'n bepaalde kategorie van mense en word sy gedrag gesien as tipies van "daar-die groep".
- * 'n Persoonlike orde (wat dan ook op hierdie studie van toepassing is) waar die individu se gedrag in alle situasies geanaliseer word in terme van
 - die persoonlike verhouding van die individu tot 'n persoon en/of persone, en
 - die onderlinge verhouding van die groep persone sowel as hulle verhouding met ander.

Na aanleiding van die voorafgaande en met inagneming van ander definisies, definieer Close (1985:122) 'n sosiale netwerk as "... a set of links (lines or relationships) between points (actors, knots, persons or individuals)".

Close (1981:44) wys daarop dat deur beperkinge te plaas op sekere verhoudinge wat in 'n netwerk ingesluit word, kan verdere beperkinge op die netwerkbenadering geplaas word om dit meer haalbaar vir die navorser te maak.

Volgens Kapferer (1969: 181-182) kan die begrip netwerk op verskeie maniere geïnterpreteer word. Om verwarring te voorkom maak hy gebruik van die term "reticulum" as verwysings na dié gedeelte van 'n totale netwerk waar 'n netwerk as egosentries gedefinieer word. Hy verkies 'n meer spesifieke definisie waarin hy 'n netwerk dan ook egosentries definieër as "... the direct links radiating from a particular Ego to other individuals in a situation and the

links which connect those individuals who are directly tied to Ego, to one another".

3. KENMERKE VAN 'N SOSIALE NETWERK

Navorsing binne die netwerkbenadering berus minstens gedeeltelik op die aanname dat verskille in gedrag gedeeltelik verklaar kan word deur verwysing na verskille in netwerk-kenmerke. Ten einde te onderskei tussen verskillende netwerke is dit gebruikelik om te onderskei tussen die verskeie morfologiese en interaksionele eienskappe van 'n sosiale netwerk. Morfologiese of strukturele eienskappe sluit in ankerpunt, digtheid, homo/heterogeniteit, bereikbaarheid en grootte. Interaksionele eienskappe sluit in inhoud, gerigtheid, bestendigheid, intensiteit en interaksionele frekwensie (Close 1981:88). Vervolgens sal dié kenmerke wat in hierdie studie van toepassing is, kortliks bespreek word.

3.1 Morfologiese kenmerke

3.1.1 Ankerpunt

Vir die meeste netwerknavorsers het 'n netwerk 'n punt van oorsprong wat bekend staan as die ankerpunt (Mitchell 1969; vergelyk ook Epstein 1969a, 1969b; Bott 1957 en Kapferer 1969).

Waar die ankerpunt of beginpunt 'n individu verteenwoordig, word daarna verwys as 'n persoonlike of 'n egosentriese netwerk, terwyl 'n sosio-sentriese netwerk verwys na 'n netwerk waar die ankerpunt uit 'n groep persone bestaan (Barnes 1972:11; vergelyk ook Harries-Jones 1969:301).

In haar studie, waar Elizabeth Bott (1957:53) die egpaar as 'n ankerpunt gebruik, is haar verwysing dus na 'n sosio-sentriese netwerk eerder as na 'n egosentriese netwerk.

3.1.2 Digtheid

In vorige studies het die skrywers van verskeie terme gebruik gemaak wanneer daar na digtheid verwys is. Barnes (1972:13) stel dit soos volg:

"In many earlier studies, network density is referred to as connect- edness, or connectivity or mesh; dense zones are said to be close-meshed, tightly knit, or highly connected, while sparse zones are open-meshed, loose knit, or loosely connected."

Vir Mitchell (1969:15) dui digtheid op "... the extent to which everyone in a set of ego's contacts knows everyone else".

Vir Barnes (1972:13) beteken digtheid

"... the number of links (regardless of whether the relations they indicate are multiplex or singlestranded) actually existing between a set of members of the network, expressed as a proportion of the maximum possible number of links".

Elizabeth Bott (1957:59) verwys na die begrip digtheid as die mate waarin die kontakte van gesinne mekaar ken en ontmoet onafhanklik van die gesin.

Sy onderskei tussen hoë digtheid netwerke (close-knit networks), waar daar 'n groot persentasie verhoudinge tussen die kontakte van ego bestaan en tussen lae digtheid netwerke (loose-knit networks), waar sulke verhoudinge net in 'n geringe mate of selfs glad nie bestaan nie.

Verskille in netwerkdigtheid kan nie aan die hand van een enkele faktor verduidelik word nie. Elizabeth Bott (1957:220) skryf dat

"... the connectedness of a family's network is a function on the one hand of a complex set of forces in the total environment and on the other hand, of the family themselves and their reaction to these forces".

Faktore soos ekonomiese bande, woonbuurte, geleenthede om verhoudinge buite bestaande netwerke te sluit, sowel as geleenthede vir fisiese en sosiale mobiliteit hou verband met variasies in die digtheid van 'n gesin se netwerk.

Netwerke met 'n hoë digtheid sou volgens Elizabeth Bott (1957:92) voorkom wanneer die man en vrou met hul vriende en familie in dieselfde omgewing opgroei en na hul huwelik steeds daar bly woon. Netwerke met 'n lae digtheid sou voorkom waar gesinne gereeld van een plek na 'n ander verhuis en so doende nuwe verhoudinge opbou met persone wat onderling aan mekaar onbekend is (Elizabeth Bott, 1957:85).

Close (1985:122) maak in navolging van Barnes (1972) van die volgende formule gebruik om netwerkdigtheid te meet:

$$D = \frac{200a}{N(N-1)}$$

D = digtheid van die netwerk,
 a = getal skakels, en
 N = getal persone in die netwerk.

Waar twee netwerke oor dieselfde digtheid beskik, maar verskil in die getal persone wat in die netwerk ingesluit is, het die persone in die groter groep noodwendig 'n groter aantal persone wat aan mekaar bekend is onafhanklik van ego, as in die kleiner groep. Om hierdie eienskap aan te dui word die graad van digtheid deur Close (1985:23) soos volg gemeet:

$$d = \frac{2 \times N_a}{N}$$

d = graad van netwerk,
 N_a = verhoudings, en
 N = netwerkgrootte.

3.1.3 Homo/heterogeniteit

Homo/heterogeniteit verwys na verskille of ooreenkomste tussen ego en sy/haar kontakte. So byvoorbeeld sou gekyk kan word na verskille of ooreenkomste in godsdiens, ekonomiese status, kultuur, taal en politiese verskille. Close (1985:123) operasionaliseer hierdie konsep soos volg:

"... the number of relationships of like content existing between ego and his first-order contacts."

'n Homogene netwerk dui op 'n netwerk waar ego en sy kontakte baie met mekaar in gemeen het, terwyl 'n heterogene netwerk daarop dui dat ego en sy kontakte in terme van die inhoud van die verhouding baie min met mekaar in gemeen het.

Om homo/heterogeniteit van 'n netwerk te meet beveel Close (1985:123) in ooreenstemming met sy definisie die volgende formule aan:

$$H = \frac{100a}{Na}$$

H = homo/heterogeniteit,
 a = getal skakels met dieselfde inhoud tussen die individu en sy kontakte, en
 Na = getal teoretiese moontlike skakels met dieselfde inhoud.¹⁾

4. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n kernagtige rekonstruksie van die netwerkbenadering gegee met die doel om dit, waar van toepassing, as 'n teoretiese en konseptuele raamwerk te gebruik in die studie van die invloed van ruilskofwerk op huwelikstevredenheid.

Ten slotte moet daar op gelet word dat die gebruik van die netwerkbenadering nie beperk is tot 'n spesifieke onderwerp of sosiale gedrag nie. Barnes (1972:25) noem in dié verband dat die toepassingsmoontlikhede van die netwerkbenadering geensins uitgeput is nie.

5. NOTA

- 1) Daar moet in gedagte gehou word dat Close (1985) in sy studie slegs na eerste-orde kontakte verwys, terwille van die hanteerbaarheid van die data.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSMETODIEK

1. INLEIDING

Die doel met hierdie studie is 'n ondersoek na die invloed van ruilskofwerk op huwelikstevredenheid. Vir dié doel word, waar toepaslik, gebruik gemaak van die netwerkbenadering as ontledingsmodel.

Dit is 'n verkennende studie van die moontlike invloed van ruilskofwerk as onafhanklike veranderlike op die huwelik, en meer spesifiek huwelikstevredenheid as afhanklike veranderlike. Tentatiewe antwoorde op die probleem word in die hipotese dat ruilskofwerk tot huweliksontevredenheid kan lei, veronderstel. Dit was dus nodig om huwelikstevredenheid en ruilskofwerk te analiseer, ten einde hierdie hipotese te ondersoek.

Na aanleiding van 'n literatuurstudie is sekere dimensies geïdentifiseer wat onder andere huwelikstevredenheid verteenwoordig. Aandag is ook geskenk aan biografiese faktore, terwyl daar by die afhanklike veranderlike dimensies soos kommunikasie, seksuele aanpassing, kameraadskap, liefde en empatie in berekening gebring is.

Daar is verder aandag geskenk aan dimensies soos sosiale bedrywigheide, huishoudelike verpligtinge en ekonomiese faktore, wat huwelikstevredenheid verteenwoordig.

Met betrekking tot laasgenoemde dimensies maak Sylvia Viljoen (1977:30) 'n soortgelyke onderskeiding in haar studie "Die vasstelling van huweliksintegrasie", deur daarna te verwys as "ekspressiewe dimensies".

Verder is daar deur die bestudering van veral Close se raamwerk met betrekking tot sosiale netwerke die moontlikheid geskep om die sentrale tema binne die raamwerk van 'n bestaande sisteem van sosiologiese kennis te ontleed.

Die hoofmotivering waarom sosiale netwerk as teoretiese model gebruik word, is hoofsaaklik daarin geleë dat sommige aspekte rondom die verdeling van egtelike rolle aan die hand van sosiale netwerke sinvol bestudeer en ontleed kan word en reeds bestudeer is (vergelyk byvoorbeeld die werk van Elizabeth Bott (1957) en Kapferer (1969)).

2.1 Steekproef

Die doel van steekproefneming is om die navorser in staat te stel om die verlangde inligting op 'n betroubare wyse te verkry, sonder om die hele universum te betrek. De Wet et al. (1981:110) stel die volgende voorvereistes met betrekking tot steekproefneming:

- * Om geldige afleidings en veralgemenings te kan maak moet 'n steekproef verteenwoordigend van die universum wees.
- * Om verteenwoordigend te wees, moet die steekproef dieselfde kenmerke as die universum besit.
- * 'n Steekproef moet op 'n ewekansige wyse saamgestel word, om te verseker dat die navorser se eie vooroordele nie 'n rol speel nie.
- * Die grootte van die steekproef alleen kan nie die verteenwoordigheid daarvan waarborg nie, maar is tog van groot belang.

Cilliers (1977:108) wys daarop dat daar verskeie tegnieke vir die seleksie van 'n steekproef op so 'n wyse bestaan dat alle eenhede 'n gelyke kans het op insluiting. Hierdie tegnieke berus op die teorie van die waarskynlikheidsleer, en behels die beginsels van gelykkansigheid. Die mees direkte toepassing hiervan vind ons in die tegniek wat bekend staan as eenvoudige gelykkansige seleksie, wat dan ook in hierdie studie aangewend is.

Nadat die navorser op 'n spesifieke fabriek in Sasolburg besluit het, is daar van 'n volledige naamlys van alle werknemers in die fabriek gebruik gemaak. As gevolg van die aard van die ondersoek is die studie beperk tot sekuriteitsbeamptes, operateurs en vakmanne wat werknemers in die bepaalde fabriek is. Nadat al die name van die sekuriteitsbeamptes, operateurs en vakmanne daaruit verkry is, is die naamlys genommer en die respondente gelykkansig gekies deur middel van ewekansige getalletabelle.

Navorsing in die geesteswetenskappe word altyd deur sekere praktiese faktore, waarvan die kostefaktor een van die belangrikste is, beïnvloed en beperk. Met die oog op kostebesparing asook die relatiewe homogeniteit van die bevolking wat van so 'n aard is dat dit 'n relatief klein steekproef regverdig, is besluit om slegs 50 manlike respondente by die ondersoek te betrek. Van die genoemde respondente verrig 30 ruilskofwerk en 20 dagskofwerk.

Aangesien daar soveel veranderlikes ter sprake is, is daar verder besluit op 'n relatief homogene groep wat betref beroep en huistaal. Dit het dus die beperking dat die resultate van hierdie ondersoek nie tot die universum veralgemeen kan word nie, maar slegs tot die groep waaruit die steekproef geneem is. Tog sou 'n mens kon verwag dat die teenoorgestelde van wat bevind is nie vir ander soortgelyke groepe sal geld nie.

Vir die doel van hierdie ondersoek is besluit om slegs op Afrikaanssprekende respondente te konsentreer. In hierdie verband wys Sylvia Viljoen (1977:32) daarop dat daar dalk verskille in huweliksïdeologieë tussen Afrikaanssprekende en Engelssprekende egpare as gevolg van verskillende kulture kan wees. Om dit vas te stel sou 'n vergelykende studie tussen die verskillende taalgroepe meebring.

2.2 Vraelys

Soos in die meeste gevalle van sosiale analise, word daar by die data-insameling vir netwerkanalise onder andere van onderhoude, vraelyste en waarneming gebruik gemaak. Daar moet egter op gewys word dat Mitchell (1974:296) beweer dat die mees geldige, betroubare en toereikende inligting deur direkte waarneming verkry word. Close (1985:124) voer egter aan dat direkte waarneming alleen nie altyd voldoende is nie.

Die probleem lê vir hom daarin dat die waarnemer slegs tydens waarneming die verhouding wat tussen die individu en sy kontakte bestaan, of deur hulle gemobiliseer of geaktiveer word, waarneem. Close (1985:124) benadruk die feit dat "even then, links which are activated by means other than direct contact - telephone conversations, cards, audio-tapes and letters - may never come to the attention of the observer".

Vir hierdie studie is 'n gestruktureerde onderhoudskedule opgestel wat as meetinstrument gebruik is. Die onderhoudskedule is gestruktureerd in die sin dat spesifieke vrae daarin voorkom waarvan die antwoorde in voorafbepaalde responskategorieë uiteenval.

Die onderhoudskedule bly dus presies dieselfde vir elke respondent en die navorser dui bloot die respondent se

- betroubare inligting wat deur onderhoude verkry word, verder verhoog 'kan word deur die sistematiese en gestandaardiseerde notering daarvan.

Met die insameling van die gegewens is die volgende probleme ondervind:

- * Die eerste probleem wat melding verdien, is dat daar nog weinig navorsing in hierdie verband gedoen is. Die navorser was gevolglik beperk tot 'n klein aantal bronne.
- * Tweedens is toegang tot die fabriek vir onderhoudvoering geweier nadat toestemming aanvanklik deur die vorige bestuurder verleen was. Onderhoude moes daarna by die respondente aan huis gevoer word, wat baie tydrowend was as gevolg van die respondente se onge-reelde rusure.
- * Onvolledige skofroosters tot die navorser se beskikking het tot verdragings gelei omdat die respondente nie altyd volgens die beskikbare skofrooster gewerk het nie.

2.4 Verwerking van gegewens

Die doel van navorsingsontwerp is om gegewens te verkry wat sal lei tot duidelike uitsprake oor die onderhawige probleem. De Wet et al. (1981:173) toon dat statistiek in hierdie proses 'n belangrike rol vervul:

- * Eerstens word statistiek by die optimale uitleg van 'n steekproef gebruik om sodoende die maksimum en akkuraatste inligting uit die resultate te bekom.

- * Tweedens word statistiek gebruik om die navorsingsresultate te kondenseer, op te som en te vereenvoudig tot enkele syfers.
- * Derdens word statistiek gebruik om gevolgtrekkings te maak. So word byvoorbeeld 'n steekproef uit 'n universum geneem, bepaalde gegewens word uit die steekproef verkry en dan weer na die universum vergelyk algemeen.

Vir die doel van hierdie studie word daar van beskrywende statistiek gebruik gemaak. Laasgenoemde dien as 'n maatstaf van vergelyking.²⁾

Nadat die navorser die nodige kontrolering met betrekking tot hierdie studie voltooi het, is die kodifisering van die data persoonlik deur die navorser behartig. Berekeninge is gedoen deur middel van 'n rekenaarprogram, wat deur die rekenaardepartement van die Vaalriviervak, PU vir CHO, beskikbaar gestel is.

Die gegewens word in tabelvorm aangebied. Alle persentasies is deurgaans tot een desimale syfer benader en sal dus nie in alle gevalle tot 100,0 sommeer nie.

3. NOTAS

- 1) Aanvanklik is die meeste van die data volgens 'n sespuntskaal beskryf (sien vraelys, bylaag B). Data is later egter geherkategoriseer aangesien sekere selle te min respondente bevat het. 'n Fyn onderskeid was dus nie moontlik nie.

- 2) Om te bepaal of daar 'n assosiasie tussen die afhanklike en onafhanklike veranderlike is, is van Cramer se V gebruik gemaak.

HOOFSTUK 5

BESPREKING VAN RESULTATE

1. INLEIDING

Uit die voorafgaande bespreking het reeds geblyk dat huwelikstevredenheid verskillende fasette dek en dat dit nie met 'n enkele vraag of die self-evaluering van 'n egpaar vasgestel kan word nie. Huwelikstevredenheid is 'n persoonlike en subjektiewe verskynsel wat moeilik operasionaaliseerbaar is.

In hierdie hoofstuk word die data met betrekking tot die gegewens, soos verkry uit die empiriese ondersoek wat in hierdie verband onderneem is, asook die interpretasie daarvan, bespreek. In die bespreking sal van die toepasslike aspekte van Close se teoretiese raamwerk met betrekking tot sosiale netwerke, gebruik gemaak word.

2. BIOGRAFIESE PROFIEL

Die biografiese faktore wat deel uitmaak van die intermedieë veranderlikes, word in die volgende tabelle bespreek:

2.1 Ouderdomsverspreiding

TABEL 2

OUERDOMSVERSPREIDING VAN RESPONDENTE VOLGENS AARD VAN WERKURE

Ouderdomsver- spreiding	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
21 - 25 jaar	3	10,0	1	5,0
26 - 30 jaar	5	16,7	4	20,0
31 - 35 jaar	8	26,7	5	25,0
36 - 40 jaar	4	13,3	4	20,0
41 - 45 jaar	5	16,7	3	15,0
46 - 50 jaar	2	6,7	3	15,0
51 - 55 jaar	1	3,3	0	0,0
56 - 60 jaar	2	6,7	0	0,0
TOTAAL	30	100,1	20	100,0

Die ouderdomstruktuur van albei ondersoekgroepe in tabel 2 toon 'n tipiese ouderdomsverspreiding wat redelik algemeen in alle ekonomiese sektore aangetref word. Die gemiddelde ouderdom van die twee groepe is onderskeidelik 34,9 en 35,5 jaar. Ter ondersteuning hiervan toon Adler (1991:36) dat die gemiddelde ouderdom van skofwerkers en dagskofwerkers in Suid-Afrika onderskeidelik 38,4 jaar en 34 jaar is.

Tussen die ouderdom van 31 - 45 word 'n sterk konsentrasie van werkers verkry. Die mediaanouderdom vir ruilskofwerkers en dagskofwerkers is onderskeidelik 34,9 en 35,5 jaar. Die genoemde syfers toon ook 'n goeie ooreenkoms met dié van Bezuidenhout (1972:15) in 'n soortgelyke ondersoek waar die gemiddelde ouderdomme 36,4 jaar vir ruilskofwerkers en 33,9 jaar vir dagskofwerkers was. Die twee groepe verskil dus nie in terme van ouderdom betekenisvol van mekaar nie.

2.2 Huwelikstatus

TABEL 3

AANTAL KERE GETROUD VOLGENS AARD VAN WERKURE

Aantal kere getroud	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
1 maal	27	90,0	17	85,0
2 maal	1	3,3	2	10,0
3 maal	0	0	1	5,0
saamwoon	2	6,6	0	0
TOTAAL	30	99,9	20	100,0

Volgens die data in tabel 3 het die oorgrote meerderheid van die ruilskofwerkers en dagskofwerkers, naamlik 90,0%

en 85,0% onderskeidelik, aangetoon dat hulle een keer getroud is. 'n Klein persentasie van albei groepe respondente het aangetoon dat hulle meer as een keer getroud is.

Slegs twee respondente (ruilskofwerkers) het aangetoon dat hulle saamwoon. Aangesien die huishoudelike omstandighede in albei gevalle (getroud en saamwoon) baie dieselfde is, word die respondente wat saamwoon as getroud beskou en word sodanige gegewens saam met die van getroudes geïnterpreteer. Die twee groepe verskil weinig van mekaar wat betref aantal kere getroud.

TABEL 4

MAANDE GETROUD VOLGENS AARD VAN WERKURE

Maande getroud	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Minder as 11 maande	1	3,3	0	0,0
12 - 60 maande	4	13,3	5	25,0
61 - 120 maande	8	26,7	6	30,0
121 - 180 maande	4	13,3	3	15,0
181 - 220 maande	5	16,7	2	10,0
221 of langer	8	26,7	4	20,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0

Gegewens in tabel 4 toon dat die meeste respondente in albei groepe langer as 61 maande getroud is. Slegs een respondent in die ruilskof groep was minder as 11 maande getroud en respektiewelik 13,3% en 25,0% van die ruilskofwerkers en dagskofwerkers was tussen 12 en 60 maande getroud. Die mediaan ten opsigte van die data in tabel 4 vir ruilskofwerkers en dagskofwerkers is onderskeidelik 150,5 en 110,5 maande. Die twee groepe is relatief homogeen wat betref maande getroud. Wat die verspreidingswydte van die voorgaande tabel betref verskil die groepe ook nie noemenswaardig van mekaar nie.

2.3 Beroep

TABEL 5

BEROEP VAN RESPONDENT VOLGENS AARD VAN WERKURE

Beroep van respondent	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Vakman	0	0,0	20	100,0
Operateur	21	70,0	0	0,0
Sekuriteitsbeampte	9	30,0	0	0,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0

Wanneer op die beroepsposisie van die onderskeie groepe in tabel 5 gelet word, blyk dit dat meer as twee-derdes van die ruilskofwerkers (70,0%) tydens die ondersoek operateurswerk verrig het en ongeveer 'n derde sekuriteitsbeampte (30,0%) was, terwyl die dagskofwerkers net uit vakmanne bestaan het. In albei gevalle beklee die respondente blouboordjie-beroepe en is daar dus weinig verskil in beroepsstatus. Data in tabelle 2, 3 en 5 dui op die relatief homogeniteit van die onderskeie groepe.

TABEL 6

BEROEP VAN EGGENOTES VOLGENS AARD VAN WERKURE VAN RESPONDENT

Beroep van eggenotes	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Professioneel	0	0,0	1	5,0
Klerikaal	5	16,7	6	30,0
Verkoopsdame	3	10,0	4	20,0
Vervoer & kommunikasie	0	0,0	1	5,0
Diens, sport & ontspanning	2	6,7	0	0,0
Ekonomies onaktief	20	66,7	8	40,0
TOTAAL	30	100,1	20	100,0

Die gegewens in tabel 6 toon dat twee-derdes (66,7%) van die ruilskofwerkers se eggenotes tydens die ondersoek ekonomies onaktief was teenoor minder as die helfte van die dagskofwerkers se eggenotes (40,0%). Wanneer beide egliede ekonomies aktief sou wees, bestaan die moontlikheid dat hulle mekaar baie minder sou sien. Ten tye van middag- en nagskof beteken dit dat wanneer die een persoon van die werk af huis toe kom, die ander persoon op pad werk toe of reeds by die werk is.

Die moontlike nadele van die situasie kan dalk gekanselleer word indien Scott & Spitz (1986:585) korrek argumenteer dat daar by die dubbelloopbaangesin 'n groter mate van huweliksdisintegrasie voorkom wat toegeskryf kan word aan:

- die vrou se ekonomiese onafhanklikheid,
- die ontwrigte effek van haar veranderde tradisionele rol, of
- die vrou se ekonomiese verdienste wat 'n soort "egskeidingsassuransie" is.

Die moontlikheid bestaan dat ekonomies aktiewe vroue onafhanklike netwerke kan ontwikkel wat daartoe aanleiding gee dat hulle minder aangewese is op hulle huweliksmaats. So byvoorbeeld word emosionele bevrediging by die lede van hierdie netwerke verkry en nie binne die huwelik nie. Die egpaar verwag daarom minder van mekaar wat tot vervreemding tussen hulle kan lei.

Hierteenoor wys Rowatt (1980:30) daarop dat maritale bevrediging hoër is wanneer albei egliede werk. Alhoewel die man en vrou deur 'n tydperk van spanning gaan in die begin van hul beroepsarbeid, is daar bevind dat nadat hul aangepas het by die omstandighede waaronder albei werk, dit 'n voordelige uitwerking op die huwelik het. Belangrik egter is die samewerking tussen man en vrou; wanneer een persoon onwillig is om saam te werk, kan dit tot kon-

flik in die huwelik lei. Van der Merwe (1973:205) noem dat daar ook by die man ten opsigte van sy rol in die huwelik 'n groter differensiasie ingetree het. Hy is nou in 'n meerderé mate betrokke by die huishouding en die versorging van die kinders (vergelyk ook Venter 1974:29, Grobbelaar & Blignaut 1983:59, Edwards 1984:569).

Die grootste mate van soepelheid kom volgens Grobbelaar & Blignaut (1983:59) voor by "... huwelikspare wat akademies opgelei is - hoe hoër die akademiese opleiding, hoe meer uitruilbaar word die rolle".

Aanvanklik het Elizabeth Bott (1957:112) ook die antwoord met betrekking tot roldifferensiasie in sosio-ekonomiese status gesoek, maar dit later verwerp ten gunste van 'n netwerkverklaring. Sy skryf in dié verband dat

"... segregation of conjugal roles is more directly related to connectedness of networks than to class status as such, although there are probably some aspects of class position that affect segregation of conjugal roles directly. For example, if both husband and wife are highly educated, they are likely to have a common background of shared interests and tastes, which makes a joint relationship easy to conduct".

Volgens Steyn, Van Wyk & Le Roux, (1987:213) voel mans in die laer sosio-ekonomiese klassee moontlik bedreig en in hulle eer gekrenk omdat hulle nie ingevolge die gemeenskapsverwagtings vir hulle vroue kan "sorg" nie en die bogenoemde outeurs skryf in dié verband soos volg:

"Hierdie mans is dan ook gewoonlik nie bereid om met huishoudelike aktiwiteite of die versorging van kinders behulpzaam te wees nie. Op so 'n wyse wil hulle hul dominansie laat geld. Die feit dat laer sosio-ekonomiese klasse 'n meer tradisionele geslagsrolverdeling in die gesin handhaaf, hou hiermee verband."

Ter ondersteuning van bogenoemde skryf Elizabeth Bott (1957:56) dat "... husbands who had the most segregated role-relationships with their wives had manual occupations, and the husbands who had the most joint role-relationships with their wives were professional or semi-professional people".

Alhoewel sosio-ekonomiese status dus wel 'n rol speel, dui die literatuur tog daarop dat netwerk-kenmerke, veral netwerkdigtheid, meer belangrik is.

Die voorafgaande bespreking wat betrekking het op die biografiese profiel van die respondente dui op die homogeniteit van die twee ondersoekgroepe, wat dan ook soos vroeër genoem, 'n klein steekproef regverdig.

Daar sal vervolgens tot die ontleding van die data ten opsigte van die afhanklike veranderlike oorgegaan word.

3. DIGTHEID VAN NETWERK

In die moderne samelewing bepaal die man se beroepsrol dikwels sy deelname aan informele sosiale aktiwiteite. Geleenthede vir die egpaar om verhoudinge buite hulle bestaande netwerk te sluit word dikwels as gevolg van

beroepseise bemoeilik. As daar verder in aanmerking geneem word dat die vrou ook 'n beroepsrol kan beklee, dan kan die terrein wat deur die huweliksverhouding gedek word des te meer beperk word (Cilliers 1960:67, Booth, Johnson & White 1984:569).

Netwerkdigtheid word egter deur verskeie faktore bepaal. So hou sosiale klas én geleenthede om sosiale verhoudinge met ander persone te sluit ook verband met die digtheid van 'n egpaar se sosiale netwerk. In dié verband skryf Elizabeth Bott (1957:105) die volgende:

"Networks are more likely to be close-knit if members do not have many opportunities to form new relationships with persons unknown to the other members of the network".

In tabel 7 hieronder kyk ons na die verhouding tussen netwerkdigtheid en die aard van werkure.

Data in tabel 7 toon dat 50,0% van die ruilskofwerkers teenoor 55,0% van die dagskofwerkers oor 'n hoë netwerkdigtheid beskik, terwyl 50,0% ruilskofwerkers en 45,0% dagskofwerkers oor 'n lae netwerkdigtheid beskik.

Daar moet egter op gelet word dat die navorser 'n beperking op die netwerk geplaas het deur slegs vriendskapsverhoudinge te betrek.

Vorige navorsing het reeds aan die lig gebring dat wat verwantskapsnetwerke betref, die gesin nie dieselfde ondersteuningsfunksie in die moderne industriële samelewing as in die preïndustriële en tradisionele samelewing vervul nie (Steyn, Van Wyk & Le Roux 1987:138). Goode (1963:11-12) wys daarop dat die neolokaliteit van die gesin die

mens vry maak van die bande van die spesifieke geografiese gebied van die gesin van oorsprong wat dan ook as rede vir die afname van die ondersteuningsfunksie aangevoer kan word.

TABEL 7

NETWERKDIGTHEID VOLGENS AARD VAN WERKURE

Netwerk digtheid	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Hoog	15	50,0	11	55,0
Laag	15	50,0	9	45,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Hoog = 61 - 100% Laag = 0 - 60%				

Alhoewel nie in tabelvorm aangetoon nie, het 6 ruilskofwerkers met 'n lae netwerkdigtheid aangetoon dat hulle oor geen vriendekring beskik nie teenoor geen dagskofwerkers nie. Daar kan geargumenteer word dat die konsekwensies vir gedrag van die respondente wat geen vriende het nie, dieselfde sal wees as vir dié respondente wie se vriende nie onderling aan mekaar bekend is nie. So byvoorbeeld ervaar hierdie respondente weinig of geen groepsdruk van

buite om aan die samelewingsnorme te voldoen nie en is daar ook 'n gebrek aan onderlinge hulpverlening en bystand in tye van nood.

Die feit dat 6 van die ruilskofwerkers met 'n lae netwerkdigtheid oor geen vriende beskik nie, kan deels toegeskryf word aan die min geleenthede wat die respondente het om sosiaal te verkeer. Die gebrek aan sosiale omgang hou die nadeel in dat verskillende waardes ten opsigte van samelewingsnorme en ideologieë by dié egpare kan ontstaan. Elizabeth Bott (1957:223-224) skryf in dié verband soos volg:

"The members of organized groups are likely to develop a high degree of consensus on norms and ideology because of their frequent interaction with one another. Errors of internalization and projection are rapidly corrected, and the membership group is almost inevitably used as a reference group. When the immediate social environment is a network, not all the people the family knows interact with one another, and considerable variation in norms and ideology is likely to arise. The greater the amount of such variation, the more difficulty people are likely to have in conceptualizing norms as a simple set of unambiguous rules. At the same time, the greater the variation in behaviour, norms, and ideology internalized from experience with other people, the greater is the opportunity for reinterpretation and reordering of internalized standards in accordance with personal needs."

4. HUWELIKSTEVREDENHEID EN RUILSKOFWERK

4.1 Kameraadskap

Soos reeds vroeër genoem bestaan daar 'n positiewe verband tussen huwelikstevredenheid en die gesamentlike uitvoering van huishoudelike pligte en ander aktiwiteite (kyk p.18).

Uit die interaksie met die individu se lewensmaat vloei huwelikstevredenheid voort, wat ook dui op wedersydse begrip en die vreugde om dinge saam te doen. Gesamentlike aktiwiteite lei tot 'n groter mate van interaksie, wat verder tot nuwe gesamentlike aktiwiteite aanleiding gee. Die kameraadskapsverhouding tussen egliede hou dus 'n bindingskrag vir die huwelik in. (Sylvia Viljoen 1977:27).

Met betrekking tot die uitvoering van gesamentlike aktiwiteite het Elizabeth Bott (1957:59) bevind dat egpare wat gesinstake gesamentlik verrig oor 'n lae digtheidsnetwerk beskik. Dit wil sê weinig van die egpaar, se vriende en familie is onderling bekend aan mekaar. By egpare waar daar 'n streng verdeling van gesinstake voorkom, beskik die egpaar oor 'n "hegte netwerk", dit wil sê oor 'n hoë digtheidsnetwerk, wat dui op wedersydse kennis van hulle verwante en vriende.¹⁾

Ter verduideliking noem Elizabeth Bott (1957:60) dat daar 'n neiging bestaan dat gereelde interaksie met verwante en vriende tot die konformering van tradisionele roldefinisies lei, waarin daar byvoorbeeld streng klem gelê kan word op roldifferensiasie tussen man en vrou - die teenoorgestelde waardes sou ook moontlik wees.

Sekere vrae wat dan ook verband hou met kameraadskap sal aan die hand van die gegewens in die volgende tabelle bespreek word:

TABEL 8

VERHINDERING VAN RESPONDENT SE DISSIPLINÊRE VERPLIGTINGE
VOLGENS AARD VAN WERKURE

Verhinderings van respondent se dissiplinêre verpligtinge	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	18	60,0	8	40,0
Nee	12	40,0	12	60,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,196				

Volgens die data in tabel 8 vind die groot meerderheid ruilskofwerkers (60,0%) dit moeilik om as gevolg van hulle werksomstandighede hul dissiplinêre pligte, wat as vader van hulle verwag word, teenoor hulle kinders na te kom. Minder as die helfte van die dagskofwerkers (40,0%) daarenteen ondervind probleme in dié verband. Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:252) wys daarop dat vaders vandag veel meer betrokke is by die direkte opvoeding, handhawing van gesag en versorging van hulle kinders, wat nie altyd vir die ruilskofwerker moontlik is nie.

Hierdie gegewens dui dus daarop dat nie alleen die ruilskofwerker se eggenote nie, maar ook die kinders in die huwelik hierdeur geraak word.

TABEL 9

ARGUMENTE TEN OPSIGTE VAN VERDELING VAN HUISHOUDELIKE PLIGTE VOLGENS AARD VAN WERKURE

Argumente ten opsigte van verdeling van huishoudelike pligte	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	12	40,0	7	35,0
Nee	18	60,0	13	65,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,050				

Wat betref argumente oor die verdeling van huishoudelike pligte, is daar geen beduidende verskil tussen die twee groepe respondente nie (tabel 9). Alhoewel slegs 40,0% van die ruilskofwerkers teenoor 35,0% van die dagskofwerkers met hulle eggenotes argumenteer oor die verdeling van huishoudelike take, is dit tog insiggewend om te sien dat so 'n groot persentasie in albei groepe argumenteer. Dit

wil dus voorkom of 'n groot persentasie mans dus nie die rolverandering aanvaar wat met die moderne lewensomstandighede gepaard gaan nie.

Ter ondersteuning hiervan skryf Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:221) dat "... wat die posisie hier in Suid-Afrika betref, kan daarop gewys word dat die man nog nie hierdie rolverandering met al sy implikasies aanvaar het nie".

TABEL 10

NAKOMING VAN RESPONDENT SE HUISHOUELIKE PLIGTE DEUR EGGENOTE VOLGENS AARD VAN WERKURE VAN RESPONDENT

Nakoming van respondent se huishoudelike pligte deur eggenote	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	23	76,7	11	55,0
Nee	7	23,3	9	45,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,228				

Wat die ruilskofwerkers betref, het 76,7% aangetoon dat hulle eggenotes sekere huishoudelike pligte moet nakom wat eintlik hulle pligte is teenoor 55,0% dagskofwerkers (tabel 10).

Dit beteken dat die eggenotes van die ruilskofwerkers dikwels meer tegemoetkomend moet wees wat die nakoming van huishoudelike pligte betref omdat laasgenoemde nie altyd tuis is nie. Die groot meerderheid van hierdie eggenotes is nie ekonomies aktief nie en het dus meer tyd tot hul beskikking as die meeste eggenotes van die dagskofwerkers wat wel ekonomies aktief is.

Waar daar 'n streng roldifferensiasie in 'n gesin voorkom en die eggenote huishoudelike pligte soos byvoorbeeld die instandhouding van die tuin en die huis ook op haar moet neem, kan dit aanleiding gee tot 'n gevoel van oorbelaading aan die kant van die eggenote, wat dan ook tot spanning in die huwelik kan lei.

TABEL 11

GESAMENTLIKE VERRIGTING VAN HUISHOUELIKE TAKE VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gesamentlike verrigting van huishoudelike take	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	14	46,7	12	60,0
Nee	16	53,3	8	40,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,336				

Data in tabel 11 toon dat dagskofwerkers marginaal meer gesamentlike huishoudelike take verrig as ruilskofwerkers (60,0% teenoor 46,7%).

TABEL 12

NETWERKDIGTHEID TEENoor GESAMENTLIKE VERRIGTING VAN HUIS-
HOUDELIKE TAKE VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gesament- like ver- rigting van huis- houdelike take	Aard van werkure							
	Ruilskof				Dagskof			
	Hoog		Laag		Hoog		Laag	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	6	40,0	8	53,3	8	73,0	5	55,5
Nee	9	60,0	7	46,7	3	27,0	4	44,5
TOTAAL	15	100,0	15	100,0	11	100,0	9	100,0

Kyk ons na die verhouding tussen netwerkdigtheid, gesamentlike uitvoering van huishoudelike pligte en aard van werkure (tabel 12), vind ons dat dagskofwerkers met 'n hoë netwerkdigtheid (73,0%) in vergelyking met dié wat 'n lae netwerkdigtheid het (55,5%) meer geneig is om saam met hulle eggenotes huishoudelike pligte te verrig. Hierteenoor verrig ruilskofwerkers met 'n lae netwerkdigtheid (53,3%) in vergelyking met die wat 'n hoë netwerkdigtheid het (40,0%) meer gesamentlike huishoudelike pligte.

Alhoewel daar volgens die literatuur 'n duidelike verband tussen lae netwerkdigheid en gesamentlike verrigtinge van huishoudelike take is, is daar nie 'n merkwaardige verskil by die twee groepe gevind ten opsigte van lae netwerkdigheid en die uitvoering van huishoudelike take nie. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan:

- die moontlikheid dat die steekproef nie noodwendig verteenwoordigend is nie, en
- aan die ongereelde werkure van die ruilskofwerkers wat die geleenthede vir vriende om mekaar te leer ken, beperk.

Adler (1991:66) stel dit soos volg:

"On the one hand you do not have time to make or see friends while you are not at work, and on the other, you do not have friends amongst your fellow shift workers."

Alhoewel gesamentlike aktiwiteite in 'n huwelik tot 'n groot mate van kohesie lei, wys Elizabeth Bott (1957:220) ook op die negatiewe gevolge. So byvoorbeeld kan daar 'n probleem ontstaan wanneer egpare te veel van mekaar begin verwag ten opsigte van liefdesbetoon en onderlinge meelewing. Indien egpare, en veral egpare met 'n lae netwerkdigheid, nie aan hierdie behoeftes kan voldoen nie, kan teleurstelling en ontnugtering tot skeuring in die huwelik lei. In teenstelling hiermee verwag egpare met 'n hoë netwerkdigheid en 'n gesegregeerde egtelike rolverhouding minder van mekaar en is ten tye van ontnugtering minder geneig om mekaar te verlaat. Die teenoorgestelde sou ook waar wees - omdat hulle minder op mekaar aangewese is, kan hulle mekaar dalk makliker verlaat.

Hierdie egpare steun sosiaal en emosioneel op die lede van hulle netwerke. Elizabeth Bott (1957:60) skryf dat

"... when the person's network is close-knit, the members of his network tend to reach consensus on norms and they exert consistent informal pressure on one another to conform to the norms, to keep in touch with one another, and, if need be, to help one another".

TABEL 13

RESPONDENT SE TEVREDENHEID MET BEGRIP VAN EGGENOTE VOLGENS AARD VAN WERKURE

Tevredenheid met begrip van eggenote	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N.	%	N	%
Ja	28	93,3	20	100,0
Nee	2	6,7	0	0,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se $V = 0,167$				

Wat betref die respondent se tevredenheid met die begrip wat hy van sy eggenote ontvang, soos byvoorbeeld probleme

wat hulle met mekaar deel, asook om begrypend teenoor mekaar op te tree, is daar geen beduidende verskil tussen die twee groepe nie (tabel 13). Oor die algemeen wil dit voorkom asof die respondente geen probleme hiermee ondervind nie.

TABEL 14

BEOEFENING VAN STOKPERDJIES DEUR RESPONDENT VOLGENS AARD VAN WERKURE

Beoefening van stokperdjies deur respondent	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Gereeld	14	46,7	15	75,0
Selde/Nooit	16	53,3	5	25,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,281				

Volgens die data in tabel 14 beoefen minder as die helfte van die ruilskofwerkers (46,7%) teenoor driekwart van die dagskofwerkers (75,0%) stokperdjies op 'n gereelde basis. Alhoewel Cramer se V slegs 0,281 is, is daar tog 'n merkwaardige verskil in die persentasies wat daarop dui dat die ruilskofwerkers as gevolg van hulle werksomstandighede

nie so gereeld stokperdjies kan beoefen nie.

TABEL 15

GESAMENTLIKE STOKPERDJIES VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gesamentlike stokperdjies	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Gereeld	6	42,9	5	33,3
Selde/Nooit	8	57,1	10	66,7
TOTAAL	14	100,0	15	100,0
Cramer se $V_1 = 0,212$				

(Nota: N = 14 en 15 aangesien 16 ruilskofwerkers en 5 dagskofwerkers (tabel 14) aangetoon het dat hulle nie stokperdjies beoefen nie.)

Data in tabel 15 toon dat 57,1% van die ruilskofwerkers teenoor 66,7% van die dagskofwerkers selde of nooit stokperdjies saam met hulle huweliksmaats beoefen. Wanneer hierdie tabel met tabel 14 vergelyk word, dui die gegewens daarop dat 75,0% van die dagskofwerkers en 46,7% ruilskofwerkers gereeld stokperdjies beoefen, maar slegs 33,3% dagskofwerkers en 42,9% ruilskofwerkers beoefen stokperdjies saam met hulle eggenotes. Dit wil voorkom asof die

meerderheid respondente in beide groepe hul stokperdjies sonder hulle eggenotes beoefen. Dit beteken dus dat die genot wat egpare daaruit kan put om dinge saam te doen, hierdeur beperk kan word.

4.2 Arbeidsfaktor

Die moderne mens het 'n groot verskeidenheid rolle om te vervul. Eise wat aan een bepaalde rol gestel word, bring dikwels teenstrydigheid mee, of is soms moeilik versoenbaar met eise van die ander rolle.

In dié verband wys Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:224) daarop dat dit nie alleen die egpaar se rolle is wat geraak word nie, maar ook hulle sosiële netwerk, veral wanneer die man en vrou albei 'n beroep beoefen.

Cilliers (1960:67) wys daarop dat die eise wat die arbeidsrol aan die man stel, die gemeenskaplike onderneming tussen egpare tot die nou veld van die gesinslewe beperk. Tesame hiermee kan die afleiding gemaak word dat wanneer die vrou ook in 'n beroep staan, die terrein wat deur die huweliksverhouding gedek word, meer beperk word, wat dan ook spanning in die huweliksverhouding kan meebring.

Om te bepaal in watter mate die respondente se werkure met ontevredenheid oor werkure by eggenote verband hou, word die respondente se antwoorde op die betrokke vrae vervolgens bespreek.

TABEL 16

ONTEVREDENHEID VAN EGGENOTE MET WERKURE VOLGENS AARD VAN
WERKURE VAN RESPONDENT

Eggenote se ontevredenheid met werkure	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Tevrede	18	40,0	7	65,0
Ontevrede	12	60,0	13	35,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,245				

Die meerderheid ruilskofwerkers (60,0%) het aangedui dat hulle eggenotes ontevrede is met hulle ongereelde werkure, in vergelyking met 35,0% van die dagskofwerkers (tabel 16). Die eggenotes se ontevredenheid kan gedeeltelik voortspruit uit die dubbele las wat op hulle geplaas word met betrekking tot die uitvoering van sekere pligte soos reeds in tabel 10 aangetoon. Die feit dat (alhoewel nie in tabelvorm vermeld nie) 'n derde van die ruilskofwerkers se eggenotes ook 'n beroep buitenshuis beklee, kan dit indien daar rolsegregasie is, aanleiding gee tot ontevredenheid (tabel 6).

TABEL 17

KONFLIK EN IRRITASIE IN HUWELIK AS GEVOLG VAN ONVOLDOENDE
RUS VOLGENS AARD VAN WERKURE

Konflik en irritasie in huwelik	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	21	70,0	2	10,0
Nee	9	30,0	18	90,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,590				

Dit is duidelik uit tabel 17 dat onvoldoende rus as gevolg van die aard van die werkure van ruilskofwerkers, 'n bron van konflik en irritasie in die meeste van hulle huwelike is. Bykans 35,0% van die variasie in die afhanklike veranderlike word verklaar deur die variasie in die onafhanklike veranderlike (Cramer se V 0,590).

Bezuidenhout (1972:86) het in 'n soortgelyke studie bevind dat skofwerk by 72,0% van die respondente gelei het tot spanning in die gesinslewe, terwyl 88,0% van die nie-skofwerkers geen spanning in die gesinslewe ondervind het nie. Bezuidenhout skryf die spanning by eersgenoemde groep toe aan onreëlmatige gesinsverkeer.

Stoltz (1986:60) het ook in sy studie wat handel oor die invloed van die polisierol op die gesinslewe, bevind dat die vernaamste enkele rede vir spanning in die gesinslewe toegeskryf kan word aan onvoldoende rus as gevolg van ongereelde werkure.

As daar voorts na tabel 6 gekyk word waar twee-derdes van die ruilskofwerkers aangetoon het dat hulle eggenotes ekonomies onaktief is, kan hulle teenwoordigheid bedags tuis as 'n bron van konflik en irritasie aangevoer word in sover hulle besoekers kan ontvang, radio luister, kinders hard aanspreek en dies meer. (Alhoewel die data, nie in tabelvorm aangegee word nie, het die groot meerderheid van die ruilskofwerkers wie se eggenotes nie ekonomies aktief is nie, aangetoon dat hulle konflik en irritasie ondervind as gevolg van onvoldoende rus).

Die probleem kan nog verder vererger word deur steurnisse van buite, soos byvoorbeeld die geraas van voertuie asook honde in en om die huis. Daar kan verder aangevoer word dat sommige respondente dit moeilik vind om gedurende die dag aan die slaap te raak, veral gedurende die warm somermaande.

Ter ondersteuning hiervan skryf Adler (1991:51) die volgende:

"Noise and children requiring attention (which may often be the same thing) feature most prominently as the reason for inability to sleep ... Other reasons which featured prominently in these responses were personal problems, temperature, bodily functions and , ... anxiety about waking up in time for work."

Data in tabel 18 toon dat die meerderheid ruilskofwerkers (60,0%) voel dat hulle volgens hulle mening min tyd het om saam met hulle eggenotes te bestee teenoor slegs die helfte van die dagskofwerkers.

Ter aansluiting by die bogenoemde data met betrekking tot ruilskofwerkers skryf Adler (1991:75) dat "... their family relationships suffer from the lack of time to spend with the children and spouses".

TABEL 18

TYD SAAM MET EGGENOTE VOLGENS AARD VAN WERKURE

Tyd saam met eggenote	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Min	18	60,0	10	50,0
Redelik baie	8	26,6	7	35,0
Baie	4	13,3	3	15,0
TOTAAL	30	99,9	20	100,0
Cramer se V = 0,102				

Volgens die data in tabel 19 is die oorgrote meerderheid van die ruilskofwerkers (86,7%) tevrede met hulle beroepstatus teenoor slegs 55,0% van die dagskofwerkers. Die feit dat die dagskofwerkers (vakmanne) oor hoër beroepskwalifikasies beskik kan aangevoer word as rede vir hulle ontevredenheid met hulle beroepstatus.

Indien daar in aanmerking geneem word dat 'n skofwerker met sy skoftoelaag ongeveer dieselfde as 'n vakman (nie-skofwerker) per maand verdien, kan die vakman se antagonisme teenoor sy beroepstatus moontlik hieraan toegeskryf word.²⁾

TABEL 19

RESPONDENTE SE TEVREDENHEID MET BEROEPSTATUS VOLGENS AARD VAN WERKURE

Respondente se tevredenheid met beroepstatus	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Tevrede	26	86,7	11	55,0
Ontevrede	4	13,3	9	45,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,354				

Die data in tabelle 20, 21 en 22 is alleenlik op ruilskofwerkers van toepassing omdat die dagskofwerkers nie onge-reelde ure werk nie en daarom kan geen vergelyking in dié opsig met die dagskofwerkers gemaak word nie.

TABEL 20

ONGEREELDE WERKURE EN SIENING VAN RUILSKOFWERKER TEN OPSIGTE VAN TYD SAAM MET GESIN

Siening ten opsigte van tyd saam met gesin	Ruilskof	
	N	%
Baie	19	63,3
Min	11	36,6
TOTAAL	30	99,9

Alhoewel die meerderheid van die ruilskofwerkers (63,3%) voel dat hulle genoeg tyd het om aan hulle gesinne te bestee, voel 'n derde dat hulle nie genoeg tyd het nie (tabel 20).

Die moontlikheid bestaan dat wanneer die gesin wél saam by die huis is, die meerderheid ruilskofwerkers hulle tyd en aandag waar moontlik, aan die gesin in geheel bestee. Daar bly dus nie voldoende tyd vir die egpaar oor om saam deur te bring nie (kyk tabel 18).

Die feit dat 'n derde van die ruilskofwerkers glo dat

hulle nie genoegsame tyd het om aan hulle gesinne te bestee nie, kan moontlik verklaar word deurdat sommige respondente meer slaap en dus minder tyd aan hulle gesinne kan bestee, of dat hulle definisies met betrekking tot "genoegsame tyd" verskil.

TABEL 21

RUILSKOFWERKER SE SIENING VAN LANGNAWEKE AS KOMPENSERING VIR ONVOLDOENDE TYD SAAM MET SY EGGENOTE

Langnaweke as kompensering vir onvoldoende tyd saam met eggenote	Ruilskof	
	N	%
Nee	9	34,6
Soms	10	38,5
Ja	7	26,9
TOTAAL	26	100,0

(Nota: N = 26 omdat 4 respondente (tabel 18) voel dat hulle voldoende tyd saam met hulle eggenotes het.)

Vir slegs 26,9% van die ruilskofwerkers (tabel 21) bied langnaweke wat met ruilskofwerk gepaard gaan, wel kompensering vir onvoldoende tyd wat die respondent saam met sy eggenote deurbring. As tabel 18 met tabel 21 vergelyk word, wil dit voorkom asof die meeste respondente (60,0%) wat wel aangetoon het dat hulle nie voldoende tyd het om saam met hulle eggenotes deur te bring nie, alhoewel nie in tabelvorm aangegee nie, ook van mening is dat langnaweke nie ten volle daarvoor kan kompenseer nie (73,1%).

TABEL 22

RESPONDENT SE REDES VIR RUILSKOFWERK

Respondent se redes vir ruilskofwerk	Ruilskof	
	N	%
Meer geld	14	46,7
Ure geskik	5	16,7
Geen ander keuse	10	33,3
Interessante werk	1	3,3
TOTAAL	30	100,0

Die verskillende redes wat aangedui is vir die respondent se keuse om ruilskofwerk te verrig, word in tabel 22 vervat. In teenstelling met "interessante werk", en "ure geskik", het die redes soos "meer geld" en "geen ander keuse", 'n groot rol gespeel.

Interessant is dat 'n derde van die respondente aangedui het dat hulle geen ander keuse het nie, wat op sigself 'n bron van spanning en konflik kan wees. Bykans die helfte van die respondente (46,7%) se keuse berus egter op eie gewin.

Adler (1991:40-41) het in sy studie bevind dat die meeste skofwerkers sou verkies om net dagskof te werk. Hy skryf dat

"... this response was modified, however, when asked if they would move

to a day job at less pay than they were earning as shift workers. Here 56 per cent answered either 'probably not' or 'definitely not', while 24 per cent indicated that they might move. Only 20 per cent of the sample answered unambiguously that they would move, even if it meant a loss of pay.

In this situation it is clear that money talks".

Gegee die voorafgaande bespreking wil dit voorkom asof die ongereelde werkure van die respondente wel negatief op hulle huwelikslewe blyk in te werk. Johnson (1986:483) stel dit in die verband dat:

"In industrial societies - whether capitalist or communist - workers have little control over work conditions that often have negative effects on family life. Many industries, for example, operate 24 hours a day. Although this increases industrial efficiency and profits, it creates severe strains on the families of both blue-and white-collar workers."

4.3 Godsdienstige faktor

Net soos godsdiens in die verlede een van die belangrikste faktore in die bepaling van 'n huwelikskeuse was, word vandag nog steeds waarde daarop geheg. Volgens Steyn & Breedts (1977:148) het godsdiens ook betrekking op eenvormigheid van sekere waardes, norme, asook 'n bepaalde lewensbeskouing en lewenstyl.

Verskeie ondersoeke het aan die lig gebring dat suksesvolle huwelike deur 'n hoë graad van godsdienstige oriëntasie gekenmerk word (Cox 1981:501, Sylvia Viljoen 1977:45, Schultz 1982:237, du Toit, Steyn & Rip 1978:77).

Goode (1982:160) skryf in dié verband dat

"... those whose beliefs are weak or non-existent, who feel little allegiance to traditional values, and who are less likely to be rooted in a local neighbourhood with its religious community, are less likely to be committed to marital stability".

Vervolgens sal die respondente se antwoorde met betrekking tot sekere vrae wat met die godsdienstige faktor verband hou, bespreek word.

TABEL 23

GESAMENTLIKE KERKVERBAND VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gesamentlike kerkverband	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Nee	3	10,0	5	25,0
Ja	27	90,0	15	75,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0

Cramer se V = 0,200

Volgens die data in tabel 23 behoort die oorgrote meerderheid respondente in albei groepe aan dieselfde kerk as hulle eggenotes. Die feit dat meer ruilskofwerkers (90,0%) as dagskofwerkers (75,0%) positief op hierdie vraag geantwoord het, dui moontlik op 'n groter mate van gesamentlike belange aan die kant van die ruilskofwerkers.

TABEL 24

KERKBYWONING VAN EGGENOTE SONDER RESPONDENT VOLGENS AARD VAN WERKURE

Kerkbywoning van eggenote sonder respondent	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Gereeld	21	70,0	9	45,0
Ongereeld	9	30,0	11	55,0
TOTAAL:	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,250				

Data in tabel 24 toon dat die groot meerderheid ruilskofwerkers (70,0%) se eggenotes gereeld alleen kerkdienste bywoon in vergelyking met minder as die helfte van die dagskofwerkers (45,0%) se eggenotes.

As gevolg van die respondente se werkomstandighede word hulle eggenotes gedwing om alleen kerkdienste by te woon. Sodoende word daar 'n beperking op die egpaar se gesamentlike godsdienstige aktiwiteite geplaas wat 'n invloed kan hê op die tipe van netwerk wat die egpaar ontwikkel.

TABEL 25

GEREELDHEID VAN KERKBYWONING VAN RESPONDENT VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gereeldheid van kerkbywoning van respondēt	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Gereeld	13	43,3	14	70,0
Ongereeld	17	56,7	6	30,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,262				

'n Verdere verskil in kerkbywoning tussen die twee onder-soekgroepe kom duidelik na vore in tabel 25. 'n Groot persentasie dagskofwerkers, naamlik 70,0%, woon gereeld kerkdienste by (vir die doeleindes van hierdie studie gemiddeld drie keer per maand) teenoor slegs 43,3% van die ruilskofwerkers.

Volgens Dannhauser (1969:120) kan ruilskofwerkers (behalwe vir ongereelde werkure) ook verhinder word om kerkdienste by te woon as gevolg van vermoeidheid, lusteloosheid en behoefte aan rus onmiddellik na 'n vorige, of onmiddellik voor 'n volgende skof.

TABEL 26

DEELNAME AAN KERKLIKE AKTIWITEITE VOLGENS AARD VAN WERK-
URE

Deelname aan kerklike aktiwiteite	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	8	26,7	8	40,0
Nee	22	73,3	12	60,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,140				

Oor die algemeen toon die data in tabel 26 'n swak betrokkenheid van respondente by kerklike aktiwiteite. Tog is daar meer dagskofwerkers (40,0%) as ruilskofwerkers (26,7%) wat aan kerklike aktiwiteite deelneem, soos byvoorbeeld bybelstudie, gemeente byeenkomste en vergaderings. Hierdie verskil kan gedeeltelik toegeskryf word aan die ruilskofwerkers se ongereelde werkure.

Dit is dus duidelik dat ruilskofwerk 'n groter invloed het op die gesamentlike kerkbywoning van die betrokke egpare, as die geval van dié van dagskofwerkers en hulle eggenotes. Ruilskofwerk bring verder mee dat die respondente oók minder betrek word by die lewe van die georganiseerde godsdiens.

Die godsdiensstige betrokkenheid van 'n egpaar, soos vroeër genoem, dui ook op 'n bepaalde betrokkenheid in die gemeenskap en op sekere huweliksideoologieë wat 'n egpaar kan saambind of van mekaar verwyder. Ons sou dus kon verwag dat waar respondente nie by godsdiensstige aktiwiteite betrokke is nie, hierdie samebindende funksie van godsdiens veral in krisistye soos byvoorbeeld siekte of finansiële terugslae, nie by dié egpaar figureer nie.

4.4 Kommunikasie

Elke egpaar het 'n behoefte aan bevredigende kommunikasie met sy/haar huweliksmaat. Dit is slegs deur kommunikasie dat inligting wedersyds oorgedra kan word, wat die ontwikkeling van enige verhouding moontlik maak.

Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:334) noem in dié verband dat die noodsaaklikheid van bevredigende en doeltreffende patrone van kommunikasie "... veral sterk uitgelig word deur die talle knelpunte wat in die moderne huwelik kan ontstaan, en waar kommunikasie sentraal in die effektiewe hantering daarvan staan".

Huwelikstevredenheid behels dan ook die vermoë om die huweliksmaat se houdings te interpreteer en te voorspel, of homself/haarself in die huweliksmaat se plek te stel.

Die vrae wat betrekking het op bogenoemde faktor, word

vervolgens aan die hand van die respondente se antwoorde bespreek.

TABEL 27

GESPREGVOERING OOR RESPONDENTE SE WERK VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gesprekvoering oor respondente se werk	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	15	50,0	17	85,0
Nee	15	50,0	3	15,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,357				

Die oorgrote meerderheid dagskofwerkers (85,0%) gesels gereeld met hulle eggenotes oor hulle werk (tabel 27). Hierteenoor gesels net die helfte van die ruilskofwerkers (50,0%) met hulle eggenotes oor hulle werk. Gegee Cramer se V van 0,357 kan 13% van die variasie in die afhanklike veranderlike verklaar word deur die variasie in die onafhanklike veranderlike.

Daar kan aangevoer word dat ruilskofwerkers minder geleenthede as dagskofwerkers het om met ander personeellede gedurende hulle werkure te kommunikeer, veral ten tye van middag- en nagskof. Hierdie gebrek aan kommunikasie kan 'n beperking plaas op nuuswaardighede wat ruilskofwerkers aan hulle eggenotes kan oordra.

TABEL 28

GESPREGVOERING OOR EGGNOTE SE WERK VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gesprekvoering oor eggenote se werk	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	20	66,7	17	85,0
Nee	10	33,3	3	15,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,205				

Die gegewens in tabel 28 toon dat gesprekvoering tussen die dagskofwerkers en hulle eggenotes met betrekking tot die eggenote se werk as tuisteskepper of buitenshuise beroep, net so dikwels plaasvind as gesprekvoering oor die respondent se werk (tabel 27). In albei gevalle, hetsy

die geselskap oor die respondent se werk gaan, of oor sy eggenote se werk, gesels die oorgrote meerderheid egpare (85,0%) met mekaar oor hulle werk.

Hierteenoor gesels die ruilskofwerkers meer oor hulle eggenotes se werk (66,7%) as oor hulle eie werk (50,0%). Hierdie tendens, om hoofsaaklik oor die eggenotes se werk te gesels, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die ruilskofwerkers meer bedags saam met hulle eggenotes tuis is wanneer die meeste van die huishoudelike take verrig word. Daar kan dus gesuggereer word dat die situasie hom daartoe leen om meer oor die eggenote se werk te gesels.

TABEL 29

OPENHARTIGE GESPREKVOERING TUSSEN EGPAAR OOR PROBLEME IN DIE HUWELIK VOLGENS AARD VAN WERKURE

Openhartige gesprekvoering tussen egpaar oor probleme in die huwelik	Aard van werkkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	28	93,3	19	95,0
Nee	2	6,7	1	5,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,034				

Die data in tabel 29 toon dat daar weinig verskil (onderskeidelik 93,3% en 95,0%) tussen die twee ondersekgroepe is ten opsigte van openhartige gesprekvoering oor probleme in die huwelik. Dit blyk hieruit dat wanneer daar wel probleme in die huwelik ontstaan, bykans al die respondente vrymoedig met hulle eggenotes daaroor kan gesels.

TABEL 30

KOMMUNIKASIEPROBLEME MET EGGNOTE VOLGENS AARD VAN WERK-
URE

Kommunikasie- probleme met eggenote	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	15	50,0	7	35,0
Nee	15	50,0	13	65,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,148				

Volgens die data in tabel 30 het ongeveer 'n derde (35,0%) van die dagskofwerkers aangetoon dat hulle kommunikasieprobleme met hulle eggenotes ondervind. Daarenteen ondervind die helfte (50,0%) van die ruilskofwerkers soortgelyke probleme.

Die feit dat 15,0% meer ruilskofwerkers hierdie probleem ondervind kan moontlik toegeskryf word aan die slaapgewoontes van die ruilskofwerkers. Dit wil sê wanneer dit vir hulle eggenotes moontlik is om met hulle te kommunikeer, slaap die ruilskofwerkers. So ook kan die beskikbare tyd wat die egpaar het om te kommunikeer oorvleuel met die tyd wat aan byvoorbeeld kosvoorbereiding en kindervergoring bestee moet word. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die egpaar dit later al hoe moeiliker vind om met mekaar te kommunikeer.

TABEL 31

KAN EGGENOTES MET RESPONDENTE KOMMUNIKEER VOLGENS AARD VAN WERKURE

Kan eggenotes met respondente kommunikeer	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	25	83,3	20	100,0
Nee	5	16,7	0	0,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,272				

Al die dagskofwerkers (100,0%) asook die oorgrote meerder-

heid van die ruilskofwerkers (83,3%) is van mening dat hulle eggenotes gereeld met hulle kan kommunikeer (tabel 31). Die afleiding kan hier gemaak word dat volgens die respondente se siening hulle alle kommunikasiekanale van hulle kant af na hul eggenotes toe oophou deur byvoorbeeld belangstelling in hul eggenotes se belange te toon.

TABEL 32

GEBREK AAN KOMMUNIKASIE AS GEVOLG VAN GEBREK AAN TYD VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gebrek aan kommunikasie as gevolg van 'n gebrek aan tyd	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	16	53,3	6	30,0
Nee	14	46,7	14	70,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,230				

Data in tabel 32 toon dat meer as die helfte van die ruilskofwerkers (53,3%) probleme ondervind om met hulle eggenotes te kommunikeer as gevolg van onvoldoende tyd. Hierteenoor ondervind minder as 'n derde van die dagskofwerkers (30,0%) soortgelyke probleme.

Data vervat in tabelle 27 tot 32 dui egter daarop dat daar nie 'n wesenlike probleem tussen respondente en hulle eggenotes bestaan wat kommunikasie betref nie. Wat wel 'n probleem blyk te wees is die skedulering van tyd.

TABEL 33

INAGNEMING VAN EGGNOTE SE GEVOELENS VOLGENS AARD VAN WERKURE

Inagneming van eggenote se gevoelens	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	23	76,7	17	85,0
Nee	7	23,3	3	15,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,241				

Tabel 33 toon dat die oorgrote meerderheid ruilskofwerkers (76,7%) en dagskofwerkers (85,0%) beweer dat hulle hul eggenotes se gevoelens in aanmerking neem. Die data dui dus daarop dat die respondente in albei groepe empaties in hulle verhouding tot hulle eggenotes voorkom.

Daar moet egter op g let word dat slegs die respondent se siening hier weergegee word wat beteken dat die respondent se definisie van die situasie gebruik word.

TABEL 34

RESPONDENT SE SIENING VAN EGGNOTE AS ENIGSTE VROU VOLGENS AARD VAN WERKURE

Respondent se siening van eggenote as enigste vrou	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Nie enigste	1	3,3	3	15,0
Twyfel	6	20,0	7	35,0
Enigste	23	76,7	10	50,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,296				

Gegewens in tabel 34 dui daarop dat meer as driekwart van die ruilskofwerkers (76,7%) teenoor slegs die helfte van die dagskofwerkers oortuig daarvan is dat hulle eggenotes die enigste vrou vir hulle is. Slegs 3,3% ruilskofwerkers teenoor 15,0% dagskofwerkers voel dat dit nie die geval is

nie. Voorts het onderskeidelik 20,0% en 35,0% van die ruilskofwerkers en dagskofwerkers al getwyfel of hulle eggenotes die enigste vrou vir hulle is.

Hierdie verskil kan moontlik in verband gebring word met die respondente se sosiale netwerk (kyk tabel 7). Hoe minder dig die netwerk is, hoe sterker word die egpaar se gevoel van interafhanklikheid en hoe hefter raak die emosionele band wat die egpaar aan mekaar bind.

Elizabeth Bott (1957:83) stel dat

"... in a good marriage, husband and wife should achieve a high degree of compatibility, based on their own particular combination of shared interests and complementary differences. Their relationship with each other should be more important than any separate relationship with outsiders".

4.5 Seksuele aanpassing

Die uitdaging van 'n huwelik lê vir Blood (1969:293) in die integrering van seksuele en nie-seksuele aspekte om 'n dieper eenheid in die huwelik voort te bring.

Die seksuele verhouding kan ook tot 'n sekere mate beskou word as 'n barometer vir die huweliksverhouding in sy geheel (Belkin & Goodman 1980:383).

Soms is dit egter moeilik om vas te stel of huweliksmaats wel seksuele probleme ondervind, aangesien konflikte op ander gebiede van interaksie dikwels die seksuele gebied binnedring (Steyn & Breedt 1977:161).

Om te bepaal wat die aard van die verband tussen seksuele aanpassing en huwelikstevredenheid is sal die respondente se antwoorde op vrae wat hiermee verband hou, bespreek word.

TABEL 35

VERHINDERING VAN RESPONDENT OM ONGESTOORD INTIEM MET EGGENOTE TE VERKEER VOLGENS AARD VAN WERKURE

Verhinderingsom ongestoord in- tiem met eggenoot te verkeer	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	13	43,3	6	30,0
Nee	17	56,7	14	70,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,135				

Die gegewens in tabel 35 toon dat 43,3% van die ruilskofwerkers wel verhoinder word om ongestoord intiem met hulle eggenotes te verkeer teenoor slegs 30,0% van die dagskofwerkers.

Die ongereelde werkure van die ruilskofwerkers kan daartoe lei dat hulle verhinder word om ongestoord intiem met hulle eggenotes te verkeer. Adler (1991:67) skryf dat

"... shift workers feel significantly more restricted than day workers. Sixty-two per cent of shift workers, compared with 31 per cent of day workers, believed that work interfered 'very much' with their sexual relationship".

TABEL 36

RESPONDENTE SE TEVREDENHEID MET SEKSUELE VERHOUDING VOLGENS AARD VAN WERKURE

Tevredenheid met seksuele verhouding	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	27	90,0	18	90,0
Nee	3	10,0	2	10,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,000				

Wat die respondente se siening oor hulle seksuele verhouding met hulle eggenotes betref, is albei groepe oorheersend gelukkig. Die data in tabel 36 toon dat slegs 10,0% van die respondente in beide groepe ontevrede was met hulle seksuele verhouding met hulle eggenotes.

Om hierdie probleem op te los blyk dit asof daar van die egpare verwag word om sekere aanpassings te maak, as gevolg van ongereelde werkure, om in mekaar se seksuele behoeftes te voorsien. Steyn, Van Wyk & Le Roux (1987:172) wys daarop dat die kwaliteit van die verhouding baie belangrik is in seksuele aanpassing. Indien die kwaliteit van die verhouding op wedersydse liefde berus, is die kans op sukses in die seksuele aanpassing goed.

4.6 Sosiëteit

Soos reeds genoem word die huwelik gekenmerk deur gesamentlike doelstellings en moet die huweliksmaat sy persoonlike belange en ambisies in 'n mate onderwerp aan die welsyn van die gesin, aangesien oorbeklemtoning van die individualistiese en liberalistiese uitgangspunte nadelig kan inwerk op die huweliksverhouding.

Om die verband tussen huwelikstevredenheid en sosiale aktiwiteite te bepaal sal daar vervolgens aandag geskenk word aan die respondente se antwoorde wat met hierdie faktor verband hou.

Data in tabel 37 toon slegs 43,3% ruilskofwerkers teenoor 80,0% dagskofwerkers redelik baie tot baie vriende in gemeen het. Gegee Cramer se V van 0,595 kan 35,0% van die variasie in die afhanklike veranderlike verklaar word deur die variasie in die onafhanklike veranderlike.

Die feit dat 'n gróter persentasie dagskofwerkers (80,0% teenoor 43,3% ruilskofwerkers) redelik baie tot baie vriende in gemeen het, dui met reg op 'n sosio-sentriese netwerk. Die belangrikste gesamentlike sosiale aktiwiteite waarby die egpare betrokke is, is wedersydse besoeke aan vriende, gesamentlike deelname aan ontspanningsaktiwiteite en seremoniële gedrag, soos byvoorbeeld belangrike herdenkingsdae en verjaardae.

TABEL 37

GESAMENTLIKE VRIENDE VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gesamentlike vriende	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Geen	6	20,0	0	0,0
Min	11	36,7	4	20,0
Redelik baie	4	13,3	14	70,0
Baie	9	30,0	2	10,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,595				

Die data in tabel 38 toon dat slegs 36,7% van die ruil-

skofwerkers teenoor 100,0% dagskofwerkers tyd het om hulle vriende saam met hulle eggenotes besoek. Cramer se V toon 'n sterk assosiasie tussen die veranderlikes. Ongeveer 41,0% van die variasie in die afhanklike veranderlike kan dus verklaar word deur die variasie in die onafhanklike veranderlike.

Gegee die gegewens in tabel 37 waar 20,0% ruilskofwerkers geen en 36,7% min gesamentlike vriende het tesame met die min tyd wat die ruilskofwerker het, sou ons dus kan verwag dat daar min gesamentlike besoeke aan vriende is.

TABEL 38

TYD VIR GESAMENTLIKE BESOEKE AAN VRIENDE VOLGENS AARD VAN WERKURE

Tyd vir gesamentlike besoeke aan vriende	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	11	36,7	20	100,0
Nee	19	63,3	0	0,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,639				

Tabel 39 toon dat 25,0% dagskofwerkers teenoor 16,7% ruilskofwerkers hulle vriende sonder hulle eggenotes besoek. Hierdie verskil kan toegeskryf word aan 'n gebrek aan tyd, veral as hierdie gegewens met dié van tabel 38 vergelyk word.

TABEL 39

BESOEKE VAN RESPONDENTE AAN VRIENDE SONDER HULLE EGGENOTES VOLGENS AARD VAN WERKURE

Besoeke van respondente aan vriende sonder eggenotes	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	4	16,7	5	25,0
Nee	20	83,3	15	75,0
TOTAAL	24	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,149				

(Nota: N = 24 aangesien 6 respondente aangetoon het (tabel 37) dat hulle geen vriende het nie.)

Alhoewel daar geen data ingesamel is met betrekking tot die eggenotes se besoeke aan vriende sonder die respondente nie, dui die data in dié tabel egter daarop dat die meerderheid respondente verkies om hulle vriende saam met

hulle eggenotes te besoek.

Tabel 40 toon duidelik dat ruilskofwerk deelname aan sosiale aktiwiteite belemmer. Bykans 30,0% van die variasie in die afhanklike veranderlike word verklaar deur die variasie in die onafhanklike veranderlike.

TABEL 40

DEELNAME VAN RESPONDENT AAN SOSIALE BEDRYWIGHEDDE VOLGENS AARD VAN WERKURE

Deelname van respondent aan sosiale bedrywighede	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	6	20,0	15	75,0
Nee	24	80,0	5	25,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,546				

Die voorgaande data word deur Adler (1991:65) ondersteun as hy skryf dat

"... the inversion of normal life

cycles has a dramatic effect on the social world of the shift worker. Life becomes, in the words of a worker ... 'all upside down'. Shift work has an obvious effect on the leisure time of workers, on their relationships with friends, and on their domestic relationships".

TABEL 41

RESPONDENTE SE BYWONING VAN SPORT OF ANDER BYEENKOMSTE SAAM MET GESIN VOLGENS AARD VAN WERKURE

Bywoning van sport of ander byeenkomste saam met gesin	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	16	53,3	16	80,0
Nee	14	46,7	4	20,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,272				

Volgens die data in tabel 41 woon die oorgrote meerderheid dagskofwerkers (80,0%) teenoor slegs 53,3% van die ruil-

skofwerkers saam met hulle gesinne sport of ander byeenkomste by.

Die feit dat so 'n groot persentasie (46,7%) ruilskofwerkers nie saam met hulle gesinne sport of ander byeenkomste bywoon nie, kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die tyd wat die ruilskofwerker wel tot sy beskikking het om sport of ander byeenkomste by te woon, ongeleë vir die res van die gesin mag wees, of dat hy werk wanneer hierdie aktiwiteit plaasvind.

TABEL 42

GESAMENTLIKE BESOEKE AAN FAMILIE VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gesamentlike besoeke aan familie	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	28	93,3	19	95,0
Nee	2	6,7	1	5,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,034				

Die data in tabel 42 toon geen noemenswaardige verskille

tussen die twee groepe ten opsigte van gesamentlike besoeke aan familie nie. Dit kom voor of familiebesoeke vanuit die respondente van albei groepe se oogpunte, primêr as 'n gesinsaangeleentheid beskou word. Van die dagskofwerkers het 95,0% aangetoon dat hulle saam met hulle eggenotes familieledede besoek teenoor 93,3% van die ruilskofwerkers.

TABEL 43

GESAMENTLIKE BESOEKE AAN ONTSPANNINGSKLUB VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gesamentlike besoeke aan Ontspanningsklub	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	28	93,3	17	85,0
Nee	2	6,7	3	15,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,136				

Na aanleiding van die gegewens in tabel 43 wil dit voorkom asof die oorgrote meerderheid respondente in albei groepe nie die plaaslike ontspanningsklub sonder hulle eggenotes

besoek nie. Slègs 6,7% ruilskofwérkers 'en 15,0% dagskofwerkers' het aangetoon dat hulle die ontspanningsklub sonder hulle eggenotes besoek. Die data dui daarop dat die meerderheid egpare in beide groepe poog om tyd en energie in hul verhouding te belê.

TABEL 44

BESOEK VAN RESPONDENT AAN ONTSPANNINGSKLUB SAAM MET VRIENDE VOLGENS AARD VAN WERKURÉ

Besoek van respondent aan Ontspanningsklub saam met vriende	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	4	13,3	4	20,0
Nee	26	86,7	16	80,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,089				

Volgens die data in tabel 44 besoek albei die dagskofwerkers, (20,0%) en ruilskofwerkers (13,3%) selde die ontspanningsklub saam met hulle vriende. Die afleiding kan dus gemaak word dat wanneer die respondent wel die ontspan-

ningsklub besoek hulle dit saam met hulle eggenotes besoek eerder as met hulle vriende.

In geheel dui die voorafgaande data (tabelle 37 tot 44) daarop dat die ruilskofwerkers se ongereelde werkure tot minder gesamentlike sosiale aktiwiteite lei, en dat dit op sy beurt 'n beperking kan plaas op die egpaar se gemeenskaplike belange.

4.7 Finansies

Sylvia Viljoen (1977:25) wys daarop dat die wyse waarop die inkomste van 'n egpaar hanteer word, ooreenstemming of verskille by die egpaar in die hand kan werk en dus in verband met huwelikstevredenheid staan. Die stel van ekonomiese mikpunte en die saambepanning vir die bereiking daarvan, kan as aspekte gesien word wat 'n egpaar in 'n huwelik mag verenig.

Die vrae wat verband hou met finansies sal yervolgens aan die hand van die respondente se antwoorde bespreek word.

Dit blyk uit die hieropvolgende gegewens (tabel 45) dat die respondente in albei groepe geredelik finansiële uitgawes saam beplan. Die ruilskofwerkers (83,3%) toon 'n groter mate van gesamentlike beplanning as die dagskofwerkers (75,0%). Hierdie tendens dui dan ook op 'n gesamentlike egtelike rolverhouding waar egliede as gelykes beskou word en waar belangrike besluite gesamentlik geneem word.

TABEL 45

GESAMENTLIKE BEPLANNING VAN FINANSIËLE UITGAWES VOLGENS AARD VAN WERKURE

Gesamentlike beplanning van finansiële uitgawes	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	25	83,3	15	75,0
Nee	5	16,7	5	25,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,102				

Data in tabel 46 toon dat finansiële uitgawes in albei groepe tot spanning kan lei. Die ruilskofwerkers (50,0%) ondervind egter meer spanning as die dagskofwerkers (40,0%) ten spyte van groter gesamentlike beplanning (tabel 45). Hierdie verskil kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat 'n groter persentasie (60,0%) van die dagskofwerkers teenoor 33,3% van die ruilskofwerkers se eggenotes hulle eie salarisse verdien (kyk tabel 6). Vir die dagskofwerkers en hulle eggenotes beteken dit 'n groter inkomste wat minder konflik tot gevolg kan hê. Verder kan dit ook tot 'n groter mate van onafhanklikheid van die eggenotes lei.

Data in tabel 47 ondersteun die data in tabel 46 waar onderskeidelik 50,0% ruilskofwerkers en 40,0% dagskofwerkers aangedui het dat finansiële uitgawes tot spanning in hulle huwelike lei.

TABEL 47

ARGUMENTE TUSSEN RESPONDENT EN EGGNOTE TEN OPSIGTE VAN WANBESTEDING VAN GELD VOLGENS AARD VAN WERKURE

Argumente tussen respondent en eggenote ten opsigte van wanbesteding van geld	Aard van werkure			
	Ruilskof		Dagskof	
	N	%	N	%
Ja	13	43,3	10	50,0
Nee	17	56,7	10	50,0
TOTAAL	30	100,0	20	100,0
Cramer se V = 0,066				

Die voorafgaande data dui daarop dat alhoewel albei groepe respondente finansiële uitgawes saam beplan, daar nogtans spanning in dié verband tussen die egpare ondervind word. Die data in tabel 47 toon dus dat van die huweliksmaats nie altyd volgens die beplande uitgawes handel nie.

Aangesien daar selde heeltemal voldoende finansies is, is van die moeilikste besluite van die egpare hoé die beskikbare geld bestee moet word. 'n Belangrike probleem wat deur die respondente en hulle eggenotes oorbrug moet word, is die instemming al dan nie oor die wyse waarop die geld aangewend moet word. Verskille oor die besteding, asook die wanbesteding van geld kan tot ernstige aanpassingsprobleme in die huwelik lei.

In hoofstuk 6 word die vernaamste bevindinge van die onderhawige ondersoek vervolgens kortliks aangetoon.

5. SAMEVATTING

Uit hierdie hoofstuk is dit duidelik dat huwelikstevredenheid gemeet aan die betrokke dimensies wel deur ruilskofwerk beïnvloed word.

Die gesinslewe van die dag'skofwerkers word nie in dieselfde mate deur hulle werksomstandighede beïnvloed as die van ruilskofwerkers nie. 'n Belangrike bron van konflik-situasies wat by die ruilskofwerkers se gesinne voorkom, kan toegeskryf word aan onvoldoende rus as gevolg van ongereelde werkure (tabel 17).

Ongereelde werkure lei verder tot 'n minder mate van betrokkenheid by gesamentlike verrigting van huishoudelike take, uitvoering van dissiplinêre verpligtinge ten opsigte van kinders, sosiale betrokkenheid asook kerkbesoek.

Hierdie gebrek aan interaksie by die egpare hetsy op huishoudelike of sosiale gebied kan 'n beperking plaas op die egpaar se diepste behoeftes wat alleen deur die nodige interaksie bevredig kan word. Die huweliksverhouding vra dat daar op elke lewensterrein 'n onderlinge meebelewing tussen die egpaar moet plaasvind.

6. NOTAS

- 1) Daar moet op gewys word dat Elizabeth Bott (1957) met 'n "joint" netwerk werk en nie met 'n egosentriese netwerk soos wat in hierdie studie van toepassing is nie.

- 2) Die navorser het insae in die betrokke firma se salarisskale gehad.

HOOFSTUK 6GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

In hierdie slothoofstuk word 'n samevatting van enkele hoofmomente van die onderskeie hoofstukke gegee.

1. PROBLEEMSTELLING

- * Die moderne gesin ondervind op 'n verskeidenheid van vlakke knelpunte ten opsigte van die inskake-ling by die industriële samelewing. Van die gesin word dus verwag om sekere aanpassings in dié ver-band te maak.
- * As gevolg van nuwe produksiestelsels asook die gespesialiseerdheid van werk word daar van sekere werknemers verwaag om bepaalde ure van die dag of nag te werk, wat nog groter aanpassing verg.
- * Ongereelde werkure lei tot 'n sekere mate van iso-lasie van die gesin, verminderde uitvoering van gesamentlike huishoudelike en sosiale aktiwiteite, asook tot gebrekkige kommunikasie.
- * Sonder die nodige interaksie kan 'n egpaar se be-hoeftes nie wedersyds bevredig word nie. Waar die moderne huwelik gekenmerk word deur hoë verwagtings en emosionaliteit, kan dit tot huweliksontevredenheid lei.
- * Weinig sosiologiese navorsing ten opsigte van ruil-skofwerk en huwelikstevredenheid is nog tot op datum gedoen.

1.1 Doelstelling en formulering van hipotese

Die doel met dié studie is om vas te stel in watter mate ongereelde werkure die huwelikstevredenheid van ruilskofwerkers beïnvloed in vergelyking met dié van nie-ruilskofwerkers.

Tentatiewe antwoorde op die probleem word in die hipotese dat ruilskofwerk 'n negatiewe invloed op huwelikstevredenheid het, veronderstel. Om hierdie hipotese te ondersoek, was dit nodig om ruilskofwerk en huwelikstevredenheid te analisèer.

2. HUWELIKSTEVREDEHEID EN RUILSKOPWERK

2.1 Huwelikstevredenheid

Dit is duidelik dat gesinsveranderinge nie net van binne die gesin gekom het nie, maar ook veroorsaak is deur ander instansies soos byvoorbeeld die arbeidsmark. So word talle huwelike dan ook bedreig en inderdaad verbreek. Dit maak nie saak op watter persoon in die gesin die verandering 'n effek het nie, die gesin word as geheel geraak as gevolg van hulle interafhanklikheid.

As daar verder in ag geneem word dat al hoe meer vroue vandag tot die arbeidsmark toetree, kan daar verwag word dat hulle voor bepaalde probleme te staan sal kom. Hulle lewe volg 'n ander patroon as die een waar die man alleen die broodwinner is.

Die sukses van enige huwelik vereis aanpassing en huweliksrolle moet dus wedersyds bevredigend en verenigbaar wees. Hierbenewens word die huwelik en gesin vandag ook deur 'n intense emosionaliteit gekenmerk, wat beteken dat

gesinslede op mekaar aangewese, is vir emosionele bevrediging.

Die mens se liggaamlike behoeftes kry alleen ware betekenis deur geestelike verryking en verdieping. In die soeke na intimiteit en emosionele warmte en tevredenheid in die huweliksverhouding word daar geweldige hoë eise en verwagtinge aan die huweliksverhouding gestel. Om aan hierdie verwagtinge te voldoen is effektiewe, ope en belonende kommunikasie tussen egpare 'n vereiste, asook onvoorwaardelike betrokkenheid by die huweliksmaat se welsyn, belangstellings en aktiwiteit.

2.2 Ruilskofwerk

As gevolg van die eise wat die ekonomie in die moderne industriële samelewing stel, moet daar in fabriek van ruilskofwerk gebruik gemaak word. Vir hoër produktiwiteit en hoër winste, moet duur masjinerie maksimale produksie lewer ten einde onkoste so laag as moontlik te hou. Fabriek beset die masjiene dus voltyds deur hulle 24 uur elke dag dwarsdeur die jaar te laat werk.

Die redes vir ruilskofwerk kan in die volgende kategorieë geklassifiseer word:

- ekonomiese redes,
- tegnologiese redes, en
- sosiale redes.

Die voordele wat ruilskofwerk bied vanuit die werkgewer se oogpunt is

- vermindering van produksiekoste wat lei tot verhoogde mededingende belange, en

- die teensinnigheid om duur aanlegte ongebruik te laat.

Vanuit nasionale oogpunt kan die voordele soos volg opgesom word:

- * Vergemakliking van hertoerusting van die industrie.
- * Vinnige depresiasie lei tot modernisering.
- * Deur nie nuwe fabrieke te bou nie, maak dit nie inbreuk op landbougrond nie.
- * Vermindering van spitsgebruik van elektrisiteit.

Daar bestaan verskeie skofstelsels om in elke onderneming se verskillende behoeftes te voorsien.

Skofstelsels word hoofsaaklik in twee kategorieë verdeel, naamlik roterende en vasgestelde skofskedules.

Ten slotte word daarop gewys dat daar nog geen ideale stelsel gevind kon word wat produksie, sosiale aspekte, psigologiese en fisiologiese aspekte asook vele ander aspekte, ten volle kon bevredig nie.

3. DIE SOSIALE NETWERKBENADERING

As teoretiese uitgangspunt word waar toepaslik van die sosiale netwerkbenadering gebruik gemaak. Die begrip "netwerk" as analitiese konsep is relatief nuut in die sosiale wetenskappe (Close 1981:30).

Die gebruik van die begrip "sosiale netwerk" het tot twee tipes studie aanleiding gegee:

- Eerstens word die individu se gedrag deur sy sosiale netwerk verklaar, en
- tweedens word gefokus op hoe die individu sy kontakte manipuleer ten einde sy doel te bereik (Mitchell 1974:285).

Sosiale netwerk is volgens Coombs (1973:6) op twee elementêre stellings gegrond, naamlik:

- Individue word in 'n sekere mate aan mekaar verbind deur bande van affek, vertrouwe, reg, verpligting of verwagting, en
- hierdie sosiale bande oefen 'n invloed op die gedrag en die waarneming van die deelnemers uit.

3.1 Konseptuele raamwerk

In die stedelike gemeenskappe word daar tussen drie verskillende ordes van sosiale verhoudinge onderskei:

- * 'n Strukturele orde, waar die klem op die posisie van die individu val.
- * 'n Kategoriale orde waar die individu se gedrag in 'n ongestruktureerde situasie geanaliseer word in terme van sosiale stereotipes.
- * 'n Persoonlike orde waar die individu se gedrag in alle situasies geanaliseer word in terme van

- die persoonlike verhouding van die individu tot 'n persoon of persone, en
- die onderlinge verhouding van die groep persone sowel as hulle verhouding met ander persone.

3.2 Kenmerke van 'n sosiale netwerk

Navorsing binne die netwerkbenadering berus gedeeltelik op die aanname dat verskille in gedrag gedeeltelik verklaar kan word deur die verwysing na verskille in netwerk-kenmerke. Die morfologiese of strukturele eienskappe wat in hierdie studie van toepassing is, sluit in ankerpunt en digtheid.

4. NAVORSINGSMETODIEK

Sekere dimensies is na aanleiding van 'n literatuurstudie geïdentifiseer wat verband hou met huwelikstevredenheid. Dit sluit onder andere arbeids- en godsdienstige faktore, kommunikasie, seksuele aanpassing, kameraadskap, liefde en empatie in. Daar is ook aandag geskenk aan veranderlikes soos sosiale bedrywighede, huishoudelike verpligtinge, ekonomiese faktore en digtheid van netwerk.

Die aktualiteit van die huwelik as tema lê daarin dat daar 'n onrusbarende getal egpare is wat nie meer in staat is om die eenheid van die huwelik te bewaar nie.

Ontevredenheid wat as gevolg van die vader/eggenoot se ongereelde werkure in 'n huwelik kan ontstaan, is as teiken vir hierdie studie gebruik. Tentatiewe antwoorde op die probleem word in die hipotese dat ruilskofwerk 'n

negatiewe invloed op huwelikstevredenheid het, veronderstel.

4.1 Navorsingsopset

Hierdie navorsing behels twee komponente, naamlik 'n teoretiese en empiriese komponent. Deur die bestudering van sosiale netwerke is die moontlikheid geskep om die sentrale tema binne die raamwerk van 'n bestaande sisteem van sosiologiese kennis te ontleed.

Daar is verder 'n formeel gestruktureerde onderhoudskedule opgestel wat as meetinstrument gebruik is. Hierdie instrument het bestaan uit vyftig items. Die respondente is uit die aard van die studie beperk tot sekuriteitsbeampes, operateurs en vakmanne.

In die ondersoek is daar van waarskynlikheidsseleksie gebruik gemaak te wete eenvoudige gelykkansige seleksie. Gestruktureerde onderhoude is in 'n industriële gemeenskap met vyftig manlike respondente gevoer waarvan 30 respondente ruilskofwerkers en 20 dagskofwerkers was.

Alle response is volgens 'n vooraf uitgewerkte kodelys gekodeer en op rekenaarband wasgelê.

Berekeninge is deur die Statistiekdepartement van die Vaalriviervak, PU vir CHO, verwerk en beskikbaar gestel.

5. ANALISERING EN INTERPRETERING VAN EMPIRIESE GEGEWENS

Die belangrikste resultate ten opsigte van die invloed wat ongereelde werkure op huwelikstevredenheid het, kan as volg opgesom word:

- * As gevolg van 'n ongereelde werkure beskik 20,0% ruilskofwerkers, in teenstelling met die dagskofwerkers, oor geen vriendekring nie.
- * Werkomstandighede lei daartoe dat 'n baie groter persentasie ruilskofwerkers as dagskofwerkers, eerstens dit moeilik vind om hulle dissiplinêre pligte ten opsigte van hulle kinders na te kom, en tweedens moet hulle eggenotes dikwels pligte oorneem omdat die mans nie tuis is nie.
- * Die meerderheid ruilskofwerkers se eggenotes is ontevrede met hulle eggenote se werkure. Laasgenoemde ervaar 'n groter tevredenheid met die sosiale status wat hulle werk hulle gee.
- * Dit kom voor asof die abnormale werkure eerder as die hoeveelheid ure 'n negatiewe uitwerking op die gesinslewe het.
- * Die gesinslewe van die nie-skofwerkers word nie in dieselfde mate deur hulle werksomstandighede beïnvloed as die skofwerkers s'n nie. Onvoldoende rus speel 'n belangrike rol in konfliktsituasies wat by die skofwerkers se gesinne voorkom.
- * Die kerklike aktiwiteite van die ruilskofwerkers word in 'n groter mate as die van die dagskofwerkers beperk. Dit gee aanleiding tot verminderde gesamentlike aktiwiteite.
- * By die oorgrote meerderheid respondente is wedydse kommunikasie oop en vry. Die groot probleem wat in hierdie verband deur die ruilskofwerkers ondervind word, is 'n gebrek aan tyd vir sodanige

kommunikasie.

- * Alhoewel die meeste respondente gelukkig voel oor hulle seksuele verhouding met hulle eggenotes, skeep ongereelde werkure tog 'n groter probleem vir ruilskofwerkers as vir dagskofwerkers.
- * Ruilskofwerkers is in 'n mindere mate betrokke by die gesamentlike verrigting van huishoudelike take. Dit dui op 'n meer gesegregeerde egtelike rolverhouding. Wat die dagskofwerkers betref is daar 'n meer intermediêre egtelike rolverhouding gevind waar daar dan ook 'n groter mate van gesamentlike huishoudelike aktiwiteite plaasvind.
- * Meer as drie-kwart van die ruilskofwerkers teenoër slegs die helfte van die dagskofwerkers is daarvan oortuig dat hulle eggenotes die enigste vrou vir hulle is.
- * Ongereelde werkure lei tot 'n gebrek aan gesamentlike sosiale betrokkenheid soos byvoorbeeld stokperdjies, sport asook besoeke aan vriende. In teenstelling hiermee kom daar by die oorgrote meerderheid dagskofwerkers 'n groter mate van gesamentlike sosiale betrokkenheid voor.
- * Dit wil egter voorkom asof die "respondente van albei ondersoekgroepe in 'n sterk mate by verwantskapsnetwerke inskakel. Wat die ruilskofwerkers betref, kan daar aanvaar word dat beskikbare vrytyd aangewend word om verwantskapsverhoudinge te verstewig.
- * Die groot meerderheid respondente beplan hulle

finansiële uitgawes en begrotings in samewerking met hulle eggenotes.

6. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

'n Analise van die gegewens in hoofstuk vyf het aan die lig gebring dat die gespesialiseerdheid van werk in die moderne samelewing, wat gepaard gaan met ongereelde werkkure, verband hou met huwelikstevredenheid.

Die gebrek aan tyd lei tot onvoldoende interaksie by huwelikspare, hetsy op sosiale of huishoudelike gebied. Egpare se diepste behoeftes kan alleen deur die nodige interaksie bevredig word.

Die verminderde uitvoering van gesamentlike huishoudelike take by ruilskofwerkers plaas 'n groter druk op die eggenotes. Die afwesigheid van die vader bring vir die moeder 'n groter werkklas mee. Die opvoeding van die kinders is 'n verantwoordelikheid wat gelykmatig op albei ouers as gesamentlike gesagsdraers rus. Die outoriteitspatroon met die man in die dominante posisie is dus besig om geleidelik te verdwyn.

As daar na die volgende statistiek gekyk word kan daar aangevoer word dat ongereelde werkkure 'n element is wat wel bydra tot huweliksontevredenheid:

- * 60,0% van die ruilskofwerkers se eggenotes is ontevrede met hulle werkkure teenoor 35,0% van die dagskofwerkers (tabel 16).
- * 70,0% ruilskofwerkers het aangetoon dat onvoldoende rus tot konflik en irritasie in hulle huwelike lei teenoor 10,0% nie-skofwerkers (tabel 17).

- * 53,3% ruilskofwerkers ondervind 'n gebrek aan kommunikasie met hulle eggenotes as gevolg van 'n gebrek aan tyd teenoor 30,0% nie-skofwerkers (tabel 32).
- * 76,7% ruilskofwerkers se eggenotes verrig sekere pligte as gevolg van werksomstandighede wat gewoonlik deur hulle eggenote verrig word teenoor 55,0% nie-skofwerkers (tabel 10).

As verder daarop gelet word dat meer as die helfte van die ruilskofwerkers gemiddeld min tyd per dag het om aan hul eggenotes te bestee, asook min huishoudelike take gesamentlik verrig, word die eenheid van die huwelik en gesin in 'n groot mate versteur.

Daar bestaan verder 'n duidelike verband tussen ongereelde werkure en onaktiwiteit op die gebied van godsdiens, ontspanning en kulturele aangeleenthede, asook die verwatering van die gesinslewe.

Abnormale werkure is in baie, maar nie alle gevalle, 'n direkte verhinderende dat 'n werker aan een of ander aktiwiteit kan deelneem. Verhinderende tot deelname aan verskillende aktiwiteite kan ook indirek wees, deurdat abnormale werkure 'n versteuring van daaglikse roetine asook vermoeidheid meebring.

Aangesien hierdie gesinne ook sosiaal geïsoleer is, word hulle nie geïntegreer en saamgesnoer op 'n wyer samelewingsvlak nie.

Die moderne gesin skakel nie by 'n gemeenskap in wat uit so 'n hegte groepering soos die verwantskapsgroep bestaan nie, maar wel by 'n gemeenskap wat uit 'n struktureel gedifferensieerde aantal groeperings bestaan. Steyn, Van

Wyk & Le Roux (1987:82) noem in dié verband dat dit nie die verwantskapgroepe en verspreiding van verwantskapsbande in die gemeenskap is wat primêre integrasie bewerkstellig nie, maar die ontwikkeling van sosiale netwerke tussen gesinne, waardeur diffuse affektiewe bande ontwikkel.

Die gesinne, wat oor 'n lae netwerkdigtheid beskik, moet binne hulle eie huwelike die emosionele bevrediging soek wat egpare met 'n hoë netwerkdigtheid van ander lede, wat deel van hul netwerk vorm, ontvang. Gesamentlike beplanning, take en ontspanning is vir die huweliksukses van hierdie egpare van groter belang.

Die mens is 'n wese wat streef na sekere ideale: 'n strewe na 'n gelukkige en behoeftevervullende lewe. Hierdie gelukkige lewe word uit die aard van die saak slegs verwesenlik in 'n sosiale konteks.

6.1 Aanbevelings

Die ondersoeker besef dat die bevindinge in hierdie verslag nie verteenwoordigend is ten opsigte van alle fabriekswerkers in S.A nie. Daar bestaan dus nog baie navorsingsmoontlikhede in dié verband wat meer verteenwoordigend kan wees, veral ook wat taalgroepe betref, wat dan ook aanbeveel word.

Daar is egter tendense soos onder andere swak kerkbywoning, konflik en egtelike rolverhoudingë uitgewys, wat algemeen geldend sal wees vir alle ruilskofwerkers waarvan die staat en kerk met erns kennis sal moet neem.

'n Probleem wat deur die respondente en hulle eggenotes oorbrug moet word, is die instemming al dan nie oor die wyse waarop hulle geld aangewend moet word.

7. SLOTOPMERKING

In die Suid-Afrikaanse samelewing het die gesinslewe en die ekonomiese lewe al hoe meer geskei geraak. Botsende waardes wat deur groot groeperinge in die samelewing daargestel word, lei tot verwarring en konflik. Daar kan met reg gevra word waarom daar soveel waarde aan die huwelik en gesin geheg word. Die huwelik en gesin is 'n belangrike samelewingstruktuur en impliseer 'n waardesisteem wat die norme en standaarde vir die saamwees van man, vrou en kinders uitmaak.

BIBLIOGRAFIE

- Adler, T. 1991. Sleep for sale: A Study of Shift Work in South Africa. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Askham, J. 1984. Identity and stability in marriage. Cambridge: Cambridge University Press.
- Barnes, J.A. 1972. Social networks. Addison-Wesley Module. Anthropology, 26:1-29.
- Belkin, G.S. & Goodman, N. 1980. Marriage, family and intimate relationships. Chicago: Rand McNally.
- Bell, R. 1983. Marriage and family interaction. Sixth edition. Homewood, Illinois: The Dorsey Press.
- Bester, A.N.J.D. 1978. Die invloed van ruilskofwerk op die status en rolle van bepaalde ruilskofwerkers in 'n hedendaagse bedryfsonderneming. M.A. - verhandeling, Potchefstroom: PU vir CHO.
- Bezuidenhout, G.P.H. 1972. Die maatskaplike implikasies van skofwerk vir die gesinslewe aan die hand van toestande in 'n nywerheidsvoorstad van Pretoria. M.A. - verhandeling, Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Blood, R.O. 1969. Marriage. New York: The Free Press.
- Booth, A., Johnson, D.R. & White, L. 1984. Women, outside employment and marital instability. American Journal of Sociology, 90(3): 567-583.
- Bott, Elizabeth. 1957. Family and social network. Second edition. London: Tavistock.

- Burgess, E.W.,
Lock, H.J. &
Thomas, M.M. 1967. The family: From institution to companionship. New York: American Book Company.
- Butler, E.W. 1979. Traditional marriage and emerging alternatives. New York: Harper & Row.
- Chadwick, B.A.,
Bahr, H.M. &
Albrecht, S.L. 1984. Social science research methods. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- Chrisman, N.J. 1970. Situation and social network in cities. The Canadian Review of Sociology and Anthropology, 7(4): 245-257.
- Cilliers, S.P. 1960. Gesonde gesinsbou. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en boekhandelaars.
- Cilliers, S.P. 1977. Maatskaplike navorsing. Stellenbosch: Kosmos.
- Cilliers, S.P. &
Joubert, D.D. 1966. Sosiologie. Stellenbosch: Kosmos.
- Close, M.E. 1981. Culture contact: the Afrikaner as a minority in Durban. A study in network theory and practice. Ph.D. - thesis, Durban: University of Natal.
- Close, M.E. 1985. Social networks: An analytical tool. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie, 16(4): 121-127.
- Cook, F.P. 1954. Shift work. London: Institute of Personnel Management.
- Coombs, G. 1973. Networks and exchange: The role of social relationships in a small voluntary association. Journal of Anthropological Research, 29(2): 96-112.

- Cox, F.D. 1981. Human intimacy: Marriage, the family and its meaning. New York: West Publishing Company.
- Cronje, G. 1973. Man en vrou en die huwelik. Kaapstad: HAUM.
- Cronje, J.F. 1986. Ongehude moederskap beskou vanuit Talcott Parsons se handelingsverwysingsraamwerk. M.A. - verhandeling, Potchefstroom: PU 'vir CHO.
- Dannhauser, D.J.J. 1969. Die invloed van oortyd, ruilskof, en Sondagarbeid op honderd fabriekswerkers in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Herman Steyn, met besondere verwysing na die invloed op hul godsdienstige lewe. M.A. - verhandeling, Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- De Wet, J.J. et al. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde: 'n Inleiding tot empiriese navorsing. Pretoria: Butterworth.
- Du Toit, J.B., Steyn, A.F. & Rip, C. 1978. Afwykende gedrag. Goodwood: NASOU Beperk.
- Edwards, J.N. 1969. The family and change. New York: Alfred A. Knopf.
- Epstein, A.L. 1969a. The network and urban social organization. In Mitchell, J.C. (Ed.). Social networks in urban situations: Analyses of personal relationships in Central African towns. Manchester: Manchester University Press, pp. 77-116.

- Epstein, A.L. 1969b. Gossip, norms and social network. In Mitchell, J.C. (Ed.). Social networks in urban situations: Analyses of personal relationships in Central African towns. Manchester: Manchester University Press, pp. 117-127.
- Epstein, N.B., Bishop, D.S. & Levin, S. 1978. The McMaster model of family functioning. Journal of Marriage and Family Counselling, October, pp. 19-31.
- Fullerton, G.P. 1977. Survival in marriage. Second edition. Hinsdale: Dryden Press.
- Geerken, M. & Gove, W.R. 1983. At home and at work: The family's allocation of labor. Beverley Hills, Chicago: Sage Publications.
- Goode, W.J. 1963. World Revolution and Family Patterns. Illinois: Free Press of Glencoe.
- Goode, W.J. 1982. The family. Second edition. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- Grobbelaar, S.W.P. & Blignaut, H.C.J. 1983. Huweliksberaad. Pretoria: Marx Uitgewers.
- Harries-Jones, P. 1969. "Home-Boy" ties and political organization in a copper-belt township. In Mitchell, J.C. (Ed.). Social networks in urban situations: Analyses of personal relationships in Central African towns. Manchester: Manchester University Press, pp. 297-347.
- Heard, D. 1982. Family systems and the attachment dynamic. Journal of Family therapy, 4:99-116.

- Henslin, J.M. 1980. Marriage and family in a changing society. London: The Free Press.
- Hoffman, J.R. 1986. Die verhouding tussen pastor en bejaarde langtermynpasient beskou vanuit G.C. Homañs se ruilteoretiese raamwerk. M.A. - verhandeling, Potchefstroom: PU vir CHO.
- Horton, P.B. & Hunt, C.L. 1964. Sociology. New York: McGraw-Hill.
- Huysamen, G.K. 1983. Inferensiële statistiek en navorsingsontwerp: 'n Inleiding. Derde uitgawe. Pretoria: Academica.
- Johnson, A.G. 1986. Human arrangements: Introduction to Sociology. San Diego: Harcourt Brace Jovanovich.
- Joubert, D.D. & Steyn, A.F. 1980. Groepsdinamika. Stellenbosch: Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars.
- Kapferer, B. 1969. Norms and the manipulation of relationships in a work context, In Mitchell, J.C. (Ed.). Social networks in urban situations: Analyses of personal relationships in Central African towns. Manchester: Manchester University Press, pp. 181-244.
- Keyter, J. de W. 1940. Die huwelik en gesin. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Landis, J.T. 1953. Time required to achieve marriage adjustment. In Landis, M.G. & Landis, J.T. (Eds.). Readings in marriage and the family. Second edition. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall, pp. 161-210.

- Louw, W.J. 1987. Geëin in krisis. Pretoria: Van Schaik.
- Maraïis, S. 1979. Probleme en behoeftes van Blanke weduwees. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Mitchell, J.C. (Ed.). 1969. Social networks in urban situations: Analyses of personal relationships in Central African Towns. Manchester: Manchester University Press.
- Mitchell, J.C. 1974. Social networks. Annual review of Anthpology, 3:279-299.
- Nye, F.I. & Berardo, F.M. 1973. The family: Its structure and interaction. New York: Mac-Millan.
- Ogburn, W.F. & Nimkoff, M.F. 1955. Technology and the changing family. Boston: Houghton Mifflin.
- Orthner, D.K. 1981. Intimate relationships: An introduction to marriage and the family. Reading: Addison-Wesley.
- Parker, S.R. et al. 1981. The sociology of industry. Fourth edition. London: Allen & Unwin.
- Parsons, T. & Bales, F. 1956. Family socialization and interaction process. London: Routledge & Kegan Paul.
- Popenoe, D. 1983. Sociology. Fifth edition. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- Rädel, F.E. & Reynders, H.J.J. 1981. Inleiding tot die bedryfsekonomie. Pretoria: Van Schaik.
- Roode, C.D. 1974. Inleiding tot die sosiologie. Kaapstad: Balkema.

- Rowatt, G. 1980. The two-career marriage. Philadelphia: Westminister Press.
- Rutenfranz, J.,
Knauter, P. &
Colquhoun, W.P. 1976. Hours of work and shiftwork. Ergonomics, 19(3): 337 - 340.
- Scheff, T. 1967. Toward a sociological model of consensus. American Sociological Review, 32:32 - 46.
- Schultz, D.A. 1982. The changing family. Third edition. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- Scott, J.S. &
Spitz, G. 1986. Determinants of divorce over the marital life course. American Sociological Review, 51(4): 583-590.
- Sentrale
statistiekdiens. 1988. Bulletin van Statistieke: Kwartaal geëindig Maart 1988. Pretoria: Staatsdrukker.
- Skinner, D.A. 1984. Dual-employed families: Coping and adaptation. D. Phil. thesis, Minnesota: University of Minnesota.
- Stein, P.J.,
Richman, J. &
Hannon, N. 1977. The family. Reading: Addison-Wesley.
- Steyn, A.F. &
Breedt, A. 1977. Die veranderde gesin. Pretoria: Academica.
- Steyn, A.F.,
Van Wyk, D. &
Le Roux, T. 1987. Die gesin: Gister en vandag. Pretoria: Academica.
- Steyn, A.F. et al. 1987. Marriage and family life in South-Africa: Research priorities. Pretoria: Human Sciences Research Council.

- Stoltz, F.I. 1986. Die invloed van die polisierol op die gesinslewe van die blanke polisieman in 'n enkele metropolitaanse gebied. M.Com. - verhandeling, Potchefstroom: PU vir CHO.
- Thomas, E.J. 1977. Marital communication and decision making. London: The Free Press.
- Van der Merwe, C.F. 1973. Beroepswerksame getroude vrou met gesinsverantwoordelikheid. 'n Sosiologiese ondersoek in Pretoria. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Van der Walt, J.S. 1975. Die taak en verantwoordelikheid van die moderne bedryfsonderneming in die werkersgemeenskap. M.A. - verhandeling, Potchefstroom: PU vir CHO.
- Van Staden, S. 1978. My huwelik het misluk. Hillcrest, Pretoria: Owen Burgess.
- Venter, C.P. 1974. Abnormal hours of work: a study of the social and psychological problems of shift work. M.A. - verhandeling, Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.
- Viljoen, Sylvia. 1977. Die vasstelling van huweliksintegrasie. Pretoria: Academica.
- Wallis, J.H. 1971. Die regte twee vir mekaar. Pretoria: Van Schaik.
- Wet op basiese diensvoorwaardes (No. 3). 1983. Pretoria: Staatsdrukker.
- White, W.W. 1980. The effects of shift rotation on police job stress. Ann Arbor: University Microfilms International.

BYLAAG A1. NYWERHEIDSWETGEWING IN SUID-AFRIKA

Die belangrikste nywerheidswette in Suid-Afrika word deur Van der Walt (1975:85) aangegee as:

1. Die Wet op Nywerheidsversoening, 1956.
2. Die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941.
3. Die Loonwet, 1957.
4. Die Wet op Winkels en Kantore, 1964.
5. Die Wet op Vakleerlinge, 1944.
6. Die Wet op Myne en Bedrywe, 1956.
7. Die Ongevallewet, 1941.
8. Die Wêrkloosheidsversekeringswet, 1946.
9. Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983.

Daar sal vervolgens kortliks gelet word op:

- * Die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, en
- * Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983

waardeur die taak en verantwoordelikheid van die moderne bedryfsonderneming in die gemeenskap benadruk word om die morele en maatskaplike welsyn van werknemers in fabriek te verseker (Van der Walt 1975:87).

1.1 Die wet op fabriek, masjinerie en bouwerk, 19411.1.1 Ruilskof

Wet nr 22 van 1941 bepaal in artikel 19(1) soos volg:

- (a) "Behalwe vir sover in hierdie wet anders bepaal word mag geen werkgewer vereis of toelaat dat enige werknemer meer as ses-en-veertig uur in een week werk met uitsluiting van maaltye; met dien verstande dat ..., dit vereis of toegelaat kan word dat 'n werknemer wat werksaam is in 'n bedrywigheid, deur die Minister by kennisgewing in die staatskoerant aangekondig as bedrywigheid waarin onafgebroke werk deur drie skofte per dag noodsaaklik is, ... agt-en-veertig uur in een week werk en die bepalings van paragrawe (c) en (d) van hierdie subartikel ... is ten opsigte van so 'n werknemer nie van toepassing nie ..." (Dannhauser 1969:53).

1.2 Die wet op basiese diensvoorwaardes, 1983

1.2.1 Wet nr 3, 1983

- (1) Geen werkgewer mag vereis of toelaat dat -
- (a) 'n veiligheids wag of wag wat 'n skofwerker is en
- (i) wat hoogstens vyf skofte per week werk, 'n skof van langer as 12 uur werk nie, of
- (ii) wat ses skofte per week werk, 'n skof van langer as 10 uur werk nie;
- (b) 'n skofwerker wat in 'n aaneenlopende bedrywigheid in diens is, 'n skof van langer as agt uur werk nie, of
- (c) enige ander skofwerker -
- (i) wat hoogstens vyf skofte per week werk, 'n

skof van langer as nege uur en 15 minute werk nie, of

(ii) wat ses skofte per week werk, 'n skof van langer as agt uur werk nie tensy een van die skofte wat hy in 'n week werk nie vyf uur oorskry nie, in watter geval geeneen van die ander skofte wat hy in daardie week werk agt uur en 30 minute mag oorskry nie.

(2) By die bepaling vir die doeleindes van subartikel (1) van die tydskuur van 'n skof deur 'n werknemer gewerk -

(a) word die tyd wat opgeneem is deur 'n etenspouse wat die werknemer vergun was gedurende die werkspreiding waarin daardie skof gewerk is -

(i) in die geval van 'n veiligheidswag of 'n wag of 'n skofwerker wat in 'n aaneenlopende bedrywigheid in diens is, gereken as tyd deur hom gewerk te wees;

(ii) in die geval van enige ander skofwerker, buite rekening gelaat;

(b) word oortyd deur hom gewerk gedurende die werkspreiding waarin daardie skof gewerk is en wat nie die maksimum daaglikse oortyd vermeld in of vasgestel kragtens artikel 8 oorskry nie, buite rekening gelaat (Wet op Basiese Diensvoorwaardes - 3/1983).

BYLAAG B1. VRAELYS

UNIVERSITEIT VISTA
DEPARTEMENT SOSIOLOGIE

STRENG VERTROULIK:

Datum: _____

RUILSKOFWERK EN DIE HUWELIK 1988IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

Vraelysnummer

1-3

1 OUDERDOM

16-20	21-25	26-30	31-35	36-40
(01)	(02)	(03)	(04)	(05)
41-45	46-50	51-55	56-60	61-65
(06)	(07)	(08)	(09)	(10)

04

2 HUWELIKSTAAT

Getroud	Ongetrouid	Geskei	Wewenaar	Saamwoon
(1)	(2)	(3)	(4)	(5)

05

2.1 Indien getroud, hoeveel keer?

1 x	2 x	3 x	Meer as 3 x Spesifiseer
(1)	(2)	(3)	(4)

06

2.2 Aantal jare getroud

Minder as 11 mnd	12 - 60 mnd	61 - 120 mnd
(1)	(2)	(3)
121 - 180 mnd	181 - 240 mnd	241 mnd of langer
(4)	(5)	(6)

07

3. HUISTAAL

Afrikaans	Engels	Ander
(1)	(2)	(3)

08

4. BEROEP

Laboratorium	Sekuriteit	Operateurswerk
(1)	(2)	(3)

09

5. VROU SE BEROEP Professioneel

(1)

Klerikaal

(2)

Verkoopdame

(3)

Transport & Kommunikasie

(4)

Diens, sport & rekreasiewerk

(5)

Ekonomies onaktief

(6)

10

SKAAL 6 Altyd
5 Dikwels
4 Soms
3 Selde
2 Nooit
1 N.v.t.

Hoe gereeld?		1	2	3	4	5	6	
6.	Beoefen u stokperdjies							11
7.	Woon u vrou kerkdienste sonder u by							12
8.	Gesels u en u vrou met mekaar oor u werk							13
9.	Is u vrou ontevrede met u werkure							14
10.	Besoek u vriende sonder u vrou							15
11.	Het u probleme om met u vrou te kommunikeer							16
12.	Beplan en bestuur u en u vrou finansiële uitgawes en begrotings saam							17

Hoe gereeld?		1	2	3	4	5	6	
13.	Indien daar probleme is, gesels u en u vrou openhartig oor die dinge wat probleme in u huwelik veroorsaak							18
14.	Het u tyd om saam met u vrou vriende te besoek							19
15.	Verhinder u werk u om u dissiplinêre pligte t.o.v. u kinders na te kom							20
16.	Gesels u en u vrou met mekaar oor haar werk							21
17.	Neem u aan sosiale bedrywighede deel							22
18.	Bring finansiële uitgawes spanning in u huis							23
19.	Voel u dat u tevrede is met die status wat u beroep u gee							24
20.	Kan u vrou met u kommunikeer							25
21.	Voldoen u vrou aan u verwagtings as huweliksmaat							26
22.	Woon u kerkdienste by							27
23.	Het u al verlating oorweeg (vrou)							28
24.	Verhinder u werk u om ongestoord intiem met u vrou te verkeer							29
25.	Argumenteer u en u vrou oor die verdeling van huishoudelike pligte							30
26.	Moet u vrou pligte nakom wat eintlik u pligte is a.g.v. u werksomstandighede							31

	1	2	3	4	5	6	
Hoe gereeld?							
27. Voel u tevrede oor die hoeveelheid tyd wat u aan u beroep afstaan							32
28. Neem u aan kerklike aktiwiteite deel							33
29. Redeneer en stry u en u vrou oor geld wat volgens u mening verkeerdelik gespandeer is							34
30. Bestaan daar 'n gebrek aan kommunikasie tussen u en u vrou as gevolg van gebrek aan tyd							35
31. Gaan u gesin saam na sport of ander byeenkomste							36
32. Het u tyd om aan u gesin te bestee ten spyte van die feit dat u ruilskofwerk verrig							37
33. Bestaan daar konflik en irritasie in u huwelik omdat u nie voldoende rus kry nie							38
34. Voel u gelukkig oor die begrip wat u van u vrou ontvang							39
35. Voel u gelukkig oor u seksuele verhouding met u vrou							40
36. Verkieis u om u vrye tyd met u vrou tuis deur te bring							41
37. Neem u u vrou se gevoelens in aanmerking							42
38. Besoek u die ontspanningsklub saam met u vrou							43
39. Besoek u die ontspanningsklub saam met u vriende							44
40. Besoek u familie saam met u vrou							45

41. Waarom doen u ruilskofwerk?

- Vir meer geld

(1)

- Ure is meer geskik

(2)

- Geen ander keuse

(3)

- Ander - spesifiseer

(4)

46

42. Dink u dat u vrou die enigste vrou vir u is?

Nee

Soms

Ja

(1)

(2)

(3)

47

43. Indien u volgens u mening nie genoegsame tyd saam met u vrou deurbring nie, kompenseer langnaweke daarvoor?

Nee

Soms

Ja

(1)

(2)

(3)

48

SKAAL: 4 - Baie
3 - Redelik baie
2 - Min
1 - Geen

1

2

3

4

44. Hoeveel gesamentlike vriende het u en u vrou?

49

45. Hoeveel gesamentlike stokperdjies het u en u vrou?

46. Hoeveel tyd het u gemiddeld per dag om saam met u vrou te spandeer?

47. Hoeveel huishoudelike take verrig u en u vrou saam

1	2	3	4

50
51
52

48. Behoort u en u vrou aan dieselfde kerk?

49. Het u en u vrou 'n gesamentlike huisdokter?

50. Is u 5 beste vriende bekend aan mekaar?

Ja	Nee	N.v.t.
(1)	(2)	(3)
(1)	(2)	(3)

53

54

A
B
C
D
E

A	B	C	D	E

55
